



**Wes-Kaapse  
Regering**  
Ekonomiese Ontwikkeling  
en Toerisme



# **Jaarlikse Prestasieplan 2020/21**

## Economiese Ontwikkeling en Toerisme

# **Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme**

---

Wes-Kaapse Regering

Jaarlikse Prestasieplan vir  
2020/21

# VERKLARING VAN DIE UITVOERENDE OWERHEID

Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme het hard gewerk om 'n instaatstellende omgewing vir die privaatsektor te skep. Die gevolg is dat meer as 500 000 werksgeleenthede oor die afgelope tien jaar in die Wes-Kaap geskep is en ons het steeds die laagste werkloosheidskoers in Suid-Afrika.

Ten spyte hiervan is daar steeds baie mense wat nie werk het nie of opgehou soek het na werksgeleenthede in die Wes-Kaap. Ons bly verbind tot die verskaffing van hoop en geleenthede aan almal wat in die Wes-Kaap woon, veral jongmense, en ons sal hard werk om ons visie van 'n gesonde, innoverende en volhoubare Wes-Kaapse ekonomie te verwesenlik.

Voortvloeiend uit die Provinciale Strategiese Plan (2029-2024), het die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme 'n mandaat ontvang om die Wes-Kaapse Regering se agenda vir 'n Visie-geïnspireerde Prioriteit 2 (VIP 2) te lei wat op ekonomiese groei en werksgeleenthede fokus.

Om hierdie doel te verwesenlik, sal die Departement sy pogings fokus op die verbetering van die Provinse se mededingendheid deur belegging te lok, verhandelbare sektore te ontwikkel, in infrastruktuur te belé en uitvoer in die Wes-Kaap uit te brei.

Ons het baie om op trots te wees, maar daar is nog meer werk om te doen, en ons is gefokus – selfs in dié tyd waarin baie mense hoop of vertroue in die Regering verloor het – om werklik "dinge gedoen te kry" in die Wes-Kaap.

Om dié strategie te verwesenlik sal ons:

- 'n doeltreffende regulatoriese omgewing skep deur die Rompslompverminderingseenheid aan te wakker om sektorwyse en stelselwyse uitdagings vir ekonomiese groei te begin aanspreek, insluitende visaregimes, tariewe, hawefooie, stadige beplanningsprosesse en lisensiéringsregimes wat die ekonomie in die Wes-Kaap negatief beïnvloed. Ons moet struikelblokke in die pad van nuwe besighede op die been bring uit die weg ruim en bestaande besighede uitbou, want met meer werkgewers kan ons meer werknekmers in die Wes-Kaap hê.
- ondersteuning versterk vir sektore van die ekonomie wat tot ekonomiese groei en werkskepping in die Wes-Kaap kan bydra, soos die boubedryf, sake-uitkontrakteringsprosessering en vervaardigingsbedryf.
- kleinsake, veral klein besighede in die informele ekonomie, d.m.v. 'n ondersteuningspakket steun.
- ons werkplekprogramme opskerp om mense, veral jongmense, voor te berei vir die wêreld van werk in die Wes-Kaap.
- 'n veerkrachtige ekonomie bou deur te verseker dat dit meer kragtig en handelbaar raak.

Die Departementshoof, senior bestuur en personeel van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme het my volle steun soos wat hulle voortgaan met die implementering van dié Jaarlikse Prestasieplan.

Ons sal die sakewêreld ondersteun deur gehoor te gee aan besighede en oop te bly vir besigheid. Ons sien uit na vrugbare samewerking met die sakesektor, wat steeds verbind bly om by te dra tot 'n gedeelde visie van 'n florerende Wes-Kaapse ekonomie.



**MNR DAVID MAYNIER  
MINISTER VAN FINANSIES EN EKONOMIESE GELEENTHEDEN  
4 MAART 2020**

# VERKLARING VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE

Binne 'n besonder uitdagende ekonomiese konteks gaan die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) voort om sy werksaamhede te belyn en dryf die Departement 'n aantal inisiatiewe as ingrypings om 'n instaatstellende omgewing vir beleggingsgroei en indiensnemingsgeleenthede in die Wes-Kaapse ekonomie te skep.

By terugblik gaan die Departement voort om 'n deurslaggewende rol te speel om die stimulering van ekonomiese groei te verseker d.m.v. die vestiging van 'n bevorderlike sakeomgewing-grondslag.

Die Departement se voortgesette verbintenis tot die instaatstelling van sakevertroue word aangespoor deur inisiatiewe wat rompslomp verminder, vaardighede voorsien en steun aan Klein, Medium en Mikro-ondernehemings (KMMO's) verleen. Dit, tesame met die harde werk om 'n katalytiese ekonomiese infrastruktuur te vestig, het die Departement se leiersrol in dié tyd van ekonomiese onsekerheid duidelik gedemonstreer en versterk.

Ons Rompslompverminderingseenheid gaan voort om uitstekende werk te doen en baie besighede is bygestaan met die uitskakeling van rompslomp wat die vestiging of uitbreiding van besighede inhibeer het. Die Eenheid was baie suksesvol met sy respons op die behoeftes van die sakewêreld en besighede het meer as R1-miljard gespaar d.m.v. die Eenheid se ingrypings oor die laaste paar jaar. Verskeie notas van waardering wat die Eenheid van sy ontstaan af van besighede ontvang het, dien as bewys van die Program se sukses.

Voortvloeiend uit die Provinciale Strategiese Plan (2029–2024), het die Departement 'n mandaat ontvang om die Wes-Kaapse Regering (WKR) se agenda vir die Visie-geïnspireerde Prioriteit (VIP) 2, naamlik Groei en Werksgleenthede, te lei.

Die Departement mik daarna om by te dra tot 'n toename in indiensneming deur die mededingendheid van die Provincie te verhoog, wat toenemende belegging, ekonomiese groei en reële werksgeleenthede moontlik sal maak. Ekonomiese groei en inklusiewe werkskepping kan gedryf word deur streeksmededingendheid te verhoog, verhandelbare sektore te ontwikkel, belegging te lok, in infrastruktuur te belê en uitvoer te vergroot. Dit word onderlê deur hulpbronveerkragtigheid, wat ekonomiese groei moontlik maak. Die WKR moet dit makliker maak vir ondernemings – van die kleinste KMMO's tot die grootste buitelandse beleggers – om sake te doen. Net só is daar 'n behoefte vir die Regering om gedurig die manier waarop hy sake met die privaatsektor doen, te verbeter. Dít sal ekonomiese groei verder stimuleer.

Ons sal programme waar ons sukses behaal het, inspan, soos om te verseker dat ons dit gedurig makliker maak om sake in die Provincie te doen, deur die uitbreiding van die Rompslompverminderingseenheid en bykomende steun wat op vaardighedsprogramme gemik is. Dit dra daar toe by om die doeltreffendheid te verbeter waarmee besighede gereed kan wees vir produksie, uitbreiding en uitvoer na die res van die wêreld, wat die gehalte en handelsmerk van Wes-Kaapse produkte en dienste verder kan bevorder. Verder bevorder dit die moontlikheid van meer indiensnemingsgeleenthede plaaslik, wat burgers van geleenthede voorsien om hul ekonomiese vooruitsigte te verbeter.

Vennootskappe is deurslaggewend vir die suksesvolle implementering van die strategie. Ekonomiese voorspraak sal die grondslag vorm vir die identifisering van kritieke gebiede van ooreenstemming met implementeringsgebiede wat 'n gedeelde doelwit van 'n vooruitstrewende Wes-Kaapse ekonomie ondersteun. Die Departement het en sal voortgaan om geleenthede vir samewerking te ontgin om dié doelwitte op 'n betekenisvolle manier te behaal, en is van plan om nuwe weë deur voorheen minder gekarteerde landskappe te baan d.m.v. selfs sterker verhoudinge met internasionale belanghebbendes om belegging te lok.

Die Departement bly verbind tot sy mandaat van dienslewering en wil graag ons ondersteuningsagentskappe, belanghebbendes en kliënte bedank – die besighede wat sowel verbind is tot, en optimisties is oor, 'n bydrae lewer tot 'n gedeelde ekonomiese visie vir die Wes-Kaapse ekonomie.



MNR SOLLY FOURIE  
REKENPLIGTIGE BEAMPTE  
4 MAART 2020

# AMPTELIKE AFTEKENING

Hiermee word gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- ontwikkel is deur die bestuur van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme onder leiding van minister David Maynier.
- al die relevante beleide, wetgewing en ander mandate in berekening bring waarvoor die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme verantwoordelik is.
- die Uitkomste en Uitsette wat die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme in die tydperk 2020/21 sal probeer behaal, akkuraat weerspieël.

## Goedgekeur deur:

**John Peters**

Programbestuurder: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste

Handtekening:



**Ilse van Schalkwyk**

Programbestuurder: Handels- en Sektorale Ontwikkeling  
Programbestuurder: Toerisme, Kuns en Vermaak

Handtekening:



**Phenias Ncube**

Programbestuurder: Sakeregulering (Waarnemend)

Handtekening:



**Nezaam Joseph**

Programbestuurder: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering (Waarnemend)

Handtekening:



**Mymoena Abrahams**

Programbestuurder: Administrasie  
Hoof- Finansiële Beamppte

Handtekening:



**Rashid Toefy**

Visedirekteur-generaal: Ekonomiese Werksaamhede

Handtekening:



**Jo-Ann Johnston**

Programbestuurder: Ekonomiese Beplanning  
Visedirekteur-generaal: Ekonomiese Versnellers en Ontwikkeling  
Hoofbeamppte verantwoordelik vir Beplanning

Handtekening:



**Solly Fourie**

Rekenpligtige Beamppte

Handtekening:



**David Maynier**

Uitvoerende Owerheid

Handtekening:



# INHOUD

VERKLARING VAN DIE UITVOERENDE OWERHEID.....	iv
VERKLARING VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE.....	v
AMPTELIKE AFTEKENING.....	vi
<b>AFDELING A: ONS MANDAAT .....</b>	<b>5</b>
1. RELEVANTE WETGEWENDE EN BELEIDSMANDATE .....	5
2. INSTITUSIONELE BELEIDE EN STRATEGIEË .....	7
3. BYWERKING VAN RELEVANTE HOFUITSSPRAKE .....	10
<b>AFDELING B: ONS STRATEGIESE FOKUS .....</b>	<b>11</b>
4. SITUASIE-ONTLEDING .....	11
4.1. Eksterne omgewing-ontleding.....	11
4.2. Interne omgewing-ontleding .....	16
<b>AFDELING C: DIE MEET VAN PRESTASIE.....</b>	<b>20</b>
5. Program 1: Administrasie .....	21
5.1 Doel .....	21
5.2 Subprogram 1.1: Kantoor van die Departementshoof.....	21
5.2.1 Doel .....	21
5.3 Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur.....	21
5.3.1 Doel.....	21
5.3.2 Subprogram 1.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	21
5.3.3 Subprogram 1.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens.....	22
5.3.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk.....	22
5.3.5 Subprogram 1.2: Hoofrisiko's .....	23
5.4 Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste.....	24
5.4.1 Doel .....	24
5.4.2 Departementele Prestasiemonitering .....	24
5.4.2.1 Departementele Prestasiemonitering: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	24
5.4.2.2 Departementele Prestasiemonitering: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	24
5.4.2.3 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk.....	25
5.4.2.4 Departementele Prestasiemonitering: Hoofrisiko's .....	26
5.5 Programhulpbronoorwegings.....	27
6. Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste .....	28
6.1 Doel .....	29
6.2 Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling .....	29
6.2.1 Doel.....	29
6.2.2 Subprogram 2.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens.....	29
6.2.3 Subprogram 2.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens.....	29
6.2.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk.....	30
6.2.5 Subprogram 2.1: Hoofrisiko's .....	33
6.3 Subprogram 2.2: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling .....	33
6.3.1 Doel.....	33
6.3.2 Subprogram 2.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	33
6.3.3 Subprogram 2.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	34
6.3.4 Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk.....	34
6.3.5 Subprogram 2.2: Hoofrisiko's .....	35
6.4 Subprogram 2.3: Ekonomiese Bemagtiging.....	36
6.4.1 Doel .....	36

6.5	Subprogram 2.4: Rompslompvermindering .....	36
6.5.1	Doele .....	36
6.5.2	Subprogram 2.4: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	36
6.5.3	Subprogram 2.4: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	36
6.5.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk .....	36
6.5.5	Subprogram 2.4: Hoofrisiko's .....	38
6.6	Programhulpbronoorwegings .....	40
<b>7.</b>	<b>Program 3: Handels- en Sektorale Ontwikkeling .....</b>	<b>39</b>
7.1	Doele .....	41
7.2	Subprogram 3.1: Bevordering van Handel en Belegging .....	41
7.2.1	Doele .....	41
7.2.2	Subprogram 3.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	41
7.2.3	Subprogram 3.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	41
7.2.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk .....	41
7.3	Subprogram 3.2: Sektorale Ontwikkeling .....	42
7.3.1	Doele .....	42
7.3.2	Subprogram 3.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	43
7.3.3	Subprogram 3.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	43
7.3.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk .....	44
7.3.5	Program 3: Hoofrisiko's .....	48
7.4	Programhulpbronoorwegings .....	50
7.5	Openbare Entiteite .....	50
<b>8.</b>	<b>Program 4: Sakeregulering en Staatsbestuur .....</b>	<b>49</b>
8.1	Doele .....	51
8.2	Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming .....	51
8.2.1	Doele .....	51
8.2.2	Subprogram 4.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	51
8.2.3	Subprogram 4.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	51
8.2.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk .....	51
8.2.5	Subprogram 4.1: Hoofrisiko's .....	57
8.3	Programhulpbronoorwegings .....	58
<b>9.</b>	<b>Program 5: Ekonomiese Beplanning .....</b>	<b>59</b>
9.1	Doele .....	60
9.2	Subprogram 5.1: Ekonomiese Beleid en Beplanning .....	60
9.2.1	Doele .....	60
9.2.1.1	Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling .....	60
9.2.1.2	Doele .....	60
9.2.2	Subprogram 5.1 & 5.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	60
9.2.3	Subprogram 5.1 & Subprogram 5.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	60
9.2.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk .....	60
9.2.5	Subprogram 5.1 & 5.2: Hoofrisiko's .....	61
9.3	Subprogram 5.3: Kennisbestuur .....	61
9.3.1	Doele .....	61
9.3.2	Subprogram 5.3: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	61
9.3.3	Subprogram 5.3: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	61
9.3.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk .....	61
9.3.5	Subprogram 5.3: Hoofrisiko's .....	62
9.4	Subprogram 5.5: Instaatstellende Groei-infrastruktuur en -inisiatiewe (oftewel Katalitiese Inisiatiewe) .....	62
9.4.1	Doele .....	62
9.4.2	Subprogram 5.5: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	62
9.4.3	Subprogram 5.5: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	62
9.4.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk .....	62

9.4.5	Subprogram 5.5: Hoofrisiko's .....	64
9.5	Subprogram 5.6: Breëband vir die Ekonomie (oftewel Digitale Ekonomie).....	64
9.5.1	Doel.....	64
9.5.2	Subprogram 5.6: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	64
9.5.3	Subprogram 5.6: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	64
9.5.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk.....	65
9.5.5	Subprogram 5.6: Hoofrisiko's .....	67
9.6	Subprogram 5.7: Groen Ekonomie .....	67
9.6.1	Doel.....	67
9.6.2	Subprogram 5.7: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	67
9.6.3	Subprogram 5.7: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	68
9.6.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk.....	68
9.6.5	Subprogram 5.7: Hoofrisiko's .....	72
9.7	Programhulpbronoorwegings.....	73
9.8	Openbare Entiteite.....	74
<b>10.</b>	<b>Program 6: Toerisme, Kuns en Vermaak .....</b>	<b>75</b>
10.1	Doel .....	76
10.2	Subprogram 6.1: Toerismebeplanning.....	76
10.2.1	Doel.....	76
10.2.3	Subprogram 6.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens.....	76
10.2.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk.....	76
10.2.5	Subprogram 6.1: Hoofrisiko's .....	77
10.3	Subprogram 6.2: Toerismegroei en -ontwikkeling.....	77
10.3.1	Doel.....	77
10.3.2	Subprogram 6.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	77
10.3.3	Subprogram 6.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	78
10.3.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk.....	78
10.3.5	Subprogram 6.2: Hoofrisiko's .....	79
10.4	Subprogram 6.3: Toerismesektor-transformasie .....	80
10.4.1	Doel.....	80
10.4.2	Subprogram 6.3: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	80
10.4.3	Subprogram 6.3: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	81
10.4.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk.....	81
10.4.5	Subprogram 6.3: Hoofrisiko's .....	83
10.5	Subprogram 6.4: Toerismebestemmingsbemarking.....	83
10.5.1	Doel.....	83
10.5.2	Subprogram 6.4: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	83
10.5.3	Subprogram 6.4: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	83
10.5.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk.....	83
10.5.5	Subprogram 6.4: Hoofrisiko's .....	84
10.6	Programhulpbronoorwegings.....	85
10.7	Openbare Entiteite.....	86
<b>11.</b>	<b>Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering .....</b>	<b>87</b>
11.1	Doel .....	88
11.2	Subprogram 7.1: Provinciale Vaardighede en Venootskap.....	88
11.2.1	Doel.....	88
11.2.2	Subprogram 7.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens .....	88
11.2.3	Subprogram 7.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens .....	88
11.2.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk.....	88
11.2.5	Subprogram 7.1: Hoofrisiko's .....	91
11.3	Subprogram 7.2: Vaardigheidsprogramme en -projekte .....	91
11.3.1	Doel.....	91

11.3.2	Subprogram 7.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens.....	91
11.3.3	Subprogram 7.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens.....	92
11.3.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk.....	92
11.3.5	Subprogram 7.2: Hoofrisiko's .....	93
11.4	Subprogram 7.3: Vaardigheidsaansporings .....	93
11.4.1	Doel.....	93
11.4.2	Subprogram 7.3: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens.....	93
11.4.3	Subprogram 7.3: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens.....	93
11.4.4	Verduideliking van Beplande Prestasie oor die Mediumtermyn-tydperk.....	93
11.4.5	Subprogram 7.3: Hoofrisiko's .....	94
11.4.6	Programhulpbronoorwegings.....	95
<b>12.</b>	<b>Hoofrisiko's en Risikoverminderings uit die Strategiese Plan .....</b>	<b>96</b>
<b>13.</b>	<b>Openbare Entiteite.....</b>	<b>98</b>
<b>14.</b>	<b>Infrastruktuurprojekte .....</b>	<b>98</b>
<b>15.</b>	<b>Openbare-private Venootskappe .....</b>	<b>98</b>
<b>AFDELING D: TEGNIESE AANWYSER-BESKRYWINGS (TAB) .....</b>		<b>99</b>
<b>Program 1: Administrasie .....</b>		<b>99</b>
Subprogram 1.2 Finansiële Bestuur .....		99
<b>Subprogram 1.3 Korporatiewe Dienste.....</b>		<b>106</b>
Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste .....		109
Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling .....		109
Subprogram 2.2: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling.....		110
Subprogram 2.4 Rompslompvermindering .....		111
<b>Program 3: Handels- en Sektorale Ontwikkeling .....</b>		<b>112</b>
Subprogram 3.1: Bevordering van Handel en Belegging.....		112
Subprogram 3.2: Sektorale Ontwikkeling .....		114
<b>Program 4: Sakeregulering en Staatsbestuur.....</b>		<b>115</b>
Subprogram: Verbruikersbeskerming.....		115
<b>Program 5: Ekonomiese Beplanning .....</b>		<b>117</b>
Subprogram 5.1: Ekonomiese Beplanning en Beleid, en Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling .....		117
Subprogram 5.3: Kennisbestuur.....		118
Subprogram 5.5: Instaatstelling van Groei-infrastruktuur en Inisiatiewe (oftewel Katalitiese Inisiatiewe) .....		119
Subprogram 5.6: Breëband vir die Ekonomie (oftewel Digitale Ekonomie) .....		120
Subprogram 5.7: Groen Ekonomie .....		121
<b>Program 6: Toerisme, Kuns en Vermaak.....</b>		<b>122</b>
Subprogram 6.1: Toerismebeplanning.....		122
Subprogram 6.2: Toerismegroei en -ontwikkeling.....		123
Subprogram 6.3: Transformasie van die Toerismesektor.....		125
Subprogram 6.4: Toerismebestemmingsbemarking .....		132
<b>Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering .....</b>		<b>133</b>
Subprogram 7.1: Provinsiale Vaardighede en Venootskap .....		133
Subprogram 7.2: Vaardigheidsprogramme en -projekte .....		134
<b>BYLAE TOT DIE JAARLIKSE PRESTASIEPLAN.....</b>		<b>137</b>
<b>Bylaag A: Wysigings tot die Strategiese Plan .....</b>		<b>137</b>
<b>Bylaag B: Voorwaardelike Toelae .....</b>		<b>137</b>
<b>Bylaag C: Gekonsolideerde Aanwysers.....</b>		<b>137</b>
<b>Bylaag D: Distrikontwikkelingsmodel .....</b>		<b>137</b>

# AFDELING A: ONS MANDAAT

## Grondwetlike mandaat

### Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Skedule 4 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika lys funksionele gebiede van gelyklopende nasionale en provinsiale regsysering. Die gebiede wat relevant is vir Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme is:

- Verbruikersbeskerming
- Nywerheidsbevordering
- Toerisme
- Handel

Skedule 4B van die Grondwet identifiseer Plaaslike Toerisme as 'n plaaslike regering-saak van gelyklopende nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid, soos uiteengesit in afdelings 155(6)(a) en (7) van die Grondwet.

## 1. RELEVANTE WETGEWENDE EN BELEIDSMANDATE

Verskeie wette speel 'n rol in die Departement se werksomvang. Die belangrikste wette en beleide word hieronder genoem:

### Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991)

Dié Wet maak voorsiening vir die aanwys van lisensiéringsowerhede en die uitvaardiging van lisensies vir sekere tipes besighede (insluitende die verkoop of voorsiening van maaltye of bederfbare kossoorte en die voorsiening van sekere tipes gesondheidsfasiliteite of vermaak).

### Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003), soos gewysig deur die Wysigingswet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2013 (Wet 45 van 2013)

Die Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) lê 'n wetgewende raamwerk vas vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging, bemagtig die Minister om kodes van goeie praktyk uit te vaardig en om transformasiehandveste te publiseer, roep die Adviesraad vir Swart Ekonomiese Bemagtiging in die lewe, en maak voorsiening vir sake wat daaruit spruit.

Die Wysigingswet op BBSEB het 'n aantal veranderinge bekendgestel, waarvan die volgende as die belangrikste beskou word:

- Die stigting van 'n BBSEB-kommissie wat 'n oorsig- en voorspraakrol vervul.
- Die definisie van "frontpraktyke" en die kriminalisering van sulke praktyke.
- Alle staatsliggame moet in hul jaarverslae verslag doen oor gehoorgewing aan BBSEB-regulasies.

Die wysigings op die BBSEB-kodes van Goeie Praktyk is op 1 Mei 2015 in werking gestel.

### Wet op die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-maatskappy, 2000 (Wet 8 van 2000)

Die doel van dié Wet is om voorsiening te maak vir die Provinsie se aandeelhouding in die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum- (KIKS-) maatskappy, die befondsing wat die Provinsie aan die Maatskappy verskaf het, en sake wat daarmee verband hou.

### Wet op die Lidmaatskap van die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap, 2013 (Wet 12 van 2013)

Die doel van dié Wet is om voorsiening te maak vir wetgewing om die verhouding tussen die Wes-Kaapse Regering (WKR) en die Ekonomiese Ontwikkelingsgenootskap (EOV) te reguleer. Die Wet maak verder voorsiening dat die WKR 'n lid van die EOV mag word en bepaal 'n formele verhouding (insluitende voorsiening vir oordragbetalings)

tussen die twee partye. Die Wet stel ook voorwaardes betreffende die WKR se lidmaatskap van die EOV en befondsing van die EOV d.m.v. oordragbetalings. Die Wet reguleer nie die bestuur en werking van die EOV nie, aangesien dit deur maatskappywetgewing gereguleer word. Die Wet is in Desember 2013 deur die Proviniale Kabinet deurgevoer.

#### **Wet op die Saldanhabaai-nywerheidsontwikkelingsone-lisensiéringsmaatskappy, 2016 (Wet 1 van 2016)**

Die doel van die wet is om die werkzaamhede van die Saldanhabaai-nywerheidsontwikkelingsone-lisensiéringsmaatskappy (SBNOS-LiMa) Staatsbeheerde Maatskappy (SBM) Bpk. te reguleer; om voorsiening te maak vir die aandeelhouding van die Wes-Kaapse Regering (WKR) in die SBNOS-LiMa SBM Bpk.; en om voorsiening te maak vir die doelstellings, funksies en bestuur van die SBNOS- LiMa SBM Bpk.

#### **Wet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 1996 (Wet 3 van 1996) (soos gewysig deur die Wysigingswet op op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 2013 (Wet 6 van 2013))**

Dié Wet roep die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel (Wesgro) in die lewe. Dit is gewysig deur die Wysigingswet op op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 2013 (Wet 6 van 2013), wat die hoofwet wysig met die doel om die doelwitte, magte en funksies van Wesgro en die magte en pligte van direkteure van die Raad van die Agentskap (die Raad) en die hoof- uitvoerende beampete uit te brei om die bevordering van toerisme in te sluit.

#### **Wet op Kleinsake, 1996 (Wet 102 van 1996) [soos gewysig deur die Wysigingswet op Kleinsake, 2004 (Wet 29 van 2004)]**

Die Wysigingswet het die bepalings betreffende die Ntsika-agentskap vir die Bevordering van Ondernemings (Ntsika) herroep; maak voorsiening vir die stigting van die Kleinsakeontwikkelingsagentskap (SEDA) en maak voorsiening vir die inkorporering van Ntsika, Namac en enige ander aangewese instansie in die Agentskap.

#### **Wet op Koöperasies, 2005 (Wet 14 van 2005), soos gewysig deur die Wysigingswet op Koöperasies, 2013 (Wet 6 van 2013)**

Dié Wet skryf voor dat die departement verantwoordelik vir ekonomiese ontwikkeling binne die provinsiale regering die koördinering van beplanning, begroting, voorsiening van dienste en steun aan, sowel as die monitering en evaluering van, koöperasies sal verseker.

#### **Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000)**

Dié Wet maak voorsiening vir kernbeginsels, mechanismes en prosesse om munisipaliteit in staat te stel om vordering te maak met die sosiale en ekonomiese opheffing van gemeenskappe en om toegang tot noedsaaklike en bekostigbare dienste te verseker.

#### **Wet op Spesiale Ekonomiese Ontwikkelingsinfrastruktur, 2019 (Wet 16 van 2019)**

Die WKR is verantwoordelik vir die aandryf van 'n aantal spesiale ekonomiese ontwikkelingsinfrastruktuurprojekte in die Provinsie om ekonomiese groei en werkskepping te stimuleer en te bevorder. Dié Wet maak voorsiening vir die instelling en bestuur van 'n regspersoon om die WKR se belang in dié spesiale ekonomiese ontwikkelingsinfrastruktuurprojekte te verteenwoordig en te beveilig.

#### **Wet op Spesiale Ekonomiese Sones, 2014 (Wet 16 van 2014)**

Die doel van dié Wet is om voorsiening te maak vir die aanwysing, bevordering, ontwikkeling, bedryf en bestuur van Spesiale Ekonomiese Sones (SES'e), wat die vestiging van 'n sakeonderneming (provinsiaal of munisipaal) om elke SES te bestuur, insluit. Verder maak die Wet voorsiening vir die vestiging en funksionering van die Nasionale Adviesraad op Spesiale Ekonomiese Sones (NASES) en die stigting van die Spesiale Ekonomiese Sones-fonds. Laastens wil die Wet die proses van aansoek doen om en die uitreiking van SES-operateurspermitte reguleer; en voorsiening maak vir die funksies van die SES-operator.

### **Wet op Toerisme, 2014 (Wet 3 van 2014)**

Dié Wet maak voorsiening vir die ontwikkeling en bevordering van volhoubare toerisme vir die sosiale, ekonomiese en omgewingsvoordeel van Suid-Afrikaanse burgers. Sy doelwitte sluit in die bevordering van verantwoordelike toerismepraktyke; die doeltreffende bemarking van Suid-Afrika, sowel op die tuisfront as internasionaal deur Suid-Afrikaanse Toerisme (SAT); die bevordering van toerismeprodukte en dienste van gehalte; die bevordering van ekonomiese groei en ontwikkeling van die sektor; en die vestiging van konkrete interregeringsverhoudinge om toerisme te ontwikkel en te bestuur. Dit maak spesifiek voorsiening vir die verdere opleiding en registrasie van toergidse, 'n etiese en gedragskode vir toergidse, procedures vir die lê van klagtes, en dissiplinêre maatreëls.

### **Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)**

Dié Wet bevorder 'n billike, toeganklike en volhoubare mark vir verbruikersprodukte en -dienste. Vir daardie doel bepaal dié Wet nasionale norme en standarde betreffende verbruikersbeskerming, maak voorsiening vir verbeterde standarde van verbruikersinligting, verbied sekere onbillike bemarkings- en sakepraktyke, bevorder verantwoordelike verbruikersgedrag en 'n konsekwente wetgewende en handhawingsraamwerk wat betref verbruikertransaksies en -ooreenkomste, en roep die Nasionale Verbruikerskommissie in die lewe.

### **Wet op Wes-Kaapse Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 2002 (Wet 10 van 2002)**

Dié Wet maak voorsiening vir die ondersoek van, verbod op en beheer oor onbillike sakepraktyke en stig 'n Kantoor van die Verbruikersbeskermer (KVB) en Verbruikersaketribunale.

## **2. INSTITUTIONELE BELEIDE EN STRATEGIEË**

### **Beleidsraamwerk vir die Regeringswyse Monitering- en Evalueringstelsel (2005)**

Dié raamwerk verklaar dat programprestasie-inligting een van die datagebiede is wat die Beleidsraamwerk vir die Regeringswyse Monitering- en Evalueringstelsel (BRRMES/GWMES) onderlê, spesifiek inligting wat deur staatsinstansies ingesamel word terwyl hulle hul mandaatwerk uitvoer en staatsbeleid implementeer.

### **EenKaap 2014**

EenKaap 2014 is 'n opsetlike poging om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaapse streek te stimuleer. Dit is 'n visie en strategie vir die samelewing eerder as 'n plan van die Regering, hoewel al drie sfere van regering noodsaaklik is vir die implementering daarvan. Dit vervang nie enige bestaande statutêre planne wat van of die Provincie of munisipaliteite vereis word nie. Dit is eerder bedoel as 'n verwysingspunt en riglyne vir alle belanghebbendes om die volgende teweeg te bring:

- Bevorder vars denke en beslissende dialoog oor die toekoms;
- Verskaf 'n gedeelde agenda vir samewerking deur die privaatsktor, openbare sektor en burgerlike samelewing;
- Help om Regeringsaksies en beleggingsbesluite in ooreenstemming te bring;
- Fasiliteer die nodige veranderinge wat ons sal moet maak om aan te pas by ons (snel) veranderende plaaslike en globale konteks; en
- Spreek ons ontwikkelings-, inklusiwiteit- en mededingendheidsoopdragte aan.

### **Ekonomiese Aanskaffingsbeleid**

The Industrial Policy Action Plan (IPAP) is firmly entrenched in Government's overall policy and plans to address the key challenges of economic and industrial growth and race based poverty, inequality and unemployment. IPAP 2018 is a product of the Economic Sectors, Employment and Infrastructure Development (ESEID) cluster. The responsibility for its implementation lies with Government as a whole and a wide range of entities, including SOCs.

### **Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk**

Die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTSR) 2019-2024 verskaf verdere riglyne vir die implementering en monitoring van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP).

- Ekonomiese Transformasie en Werkskepping;

- Onderwys, Vaardighede en Gesondheid;
- Konsolidering van Maatskaplike Dienste d.m.v. betroubare Basiese Dienste van 'n hoë gehalte;
- Ruimtelike integrasie, Menslike Nedersettings en Plaaslike Regering;
- Sosiale Samehang en Veilige Gemeenskappe;
- 'n Bevoegde, Etiese en Ontwikkelingstaat; en
- 'n Beter Afrika en Wêreld.

### **Nasionale Erfenis- en Kulturele Toerisme-strategie**

Die Nasionale Erfenis- en Kulturele Toerisme-strategie (NEKTS) het ten doel om die ekonomiese potensiaal van erfenis- en kulturele hulpbronne d.m.v. verantwoordelike en volhoubare toerisme-ontwikkeling te ontsluit, en om bewustheid te verhoog van die vermoë van erfenis- en kultuurtoerisme om 'n bydrae tot sosiale samehorigheid te lewer.

### **Nasionale Evaluatingsbeleid-raamwerk, 2011**

Die Nasionale Evaluatingsbeleid-raamwerk (NEBR/NEPF) verskaf sowel die basis vir 'n minimum stelsel van evaluering regoor die Regering as 'n gedeelde taal vir evaluering in die openbare diens. Die doel daarvan is om evaluering van 'n hoë gehalte te verseker wat inligting verskaf oor wat werk en wat nie, en om só die doeltreffendheid en impak van die staatsdiens te help verbeter. Om prestasie te verbeter, onderskryf die Raamwerk die behoefté om geloofbare en objektiewe getuienis wat deur evaluering verkry is te gebruik vir beplanning, begrotings opstel, organisatoriese verbeterings en beleidsoorsig, en in program- en projekbestuur.

### **Nasionale Ontwikkelingsplan**

Die hoofkonsepte van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) is:

- Om Suid-Afrikaners rondom 'n gesamentlike program te verenig;
- Dat burgers aktief aan hul eie ontwikkeling deelneem;
- Vinniger en inklusiever ekonomiese groei;
- Die opbou van bevoegdhede;
- 'n Bevoegde staat; en
- Leierskap en verantwoordelikheid op alle vlakke van die samelewing.

### **Nasionale Plattelandse Toerismestrategie**

Die Nasionale Departement van Toerisme (NDT) het 'n Nasionale Plattelandse Toerismestrategie (NPTS) ontwikkel wat daarop gemik is om 'n ontwikkelingsbenadering te verseker wanneer dit kom by die verpakking van plaaslike toerisme-produkte en -geleenthede in Suid-Afrika. Dié benadering is bedoel om ruimtelike nodules te prioritiseer wat die potensiaal het om te groei, met die oogmerk om die groei van die toerismebedryf in Suid-Afrika te stimuleer.

### **Nasionale Toerismesektorstrategie**

Navorsing duï daarop dat daar steeds vele geleenthede vir die uitbreiding van toerisme in die land is wat nie ten volle uitgebuit word nie. Dit het die nuwe Nasionale Departement van Toerisme onder leiding van die Minister van Toerisme daartoe gelei om 'n inklusieve proses in te stel en te bestuur om 'n Nasionale Toerismesektorstrategie (NTSS) te ontwikkel om die verantwoordelike uitbreiding van die toerismebedryf van 2010 tot 2020 te inspireer en te versnel.

Die NTSS stel drie kerntemas voor met spesifieke fokusgebiede wat 'n nasionale, provinsiale en plaaslike perspektief het.

#### **TEMA 1: Die groei van toerisme en die ekonomie**

- Om die toerismesektor se absolute bydrae tot die ekonomie te vergroot;
- Om uitstekende mense-ontwikkeling en behoorlike werk binne die toerismesektor te verskaf;
- Om plaaslike toerisme se bydrae tot die toerisme-ekonomie te vergroot; en
- Om by te dra tot die streekstoerisme-ekonomie.

## **TEMA 2: 'n Verbeterde besoekersondervinding**

- Om 'n besoekersondervinding van wêreldgehalte te bied;
- Om 'n toerismekultuur onder Suid-Afrikaners vas te lê; en
- Om Suid-Afrika as 'n globaal erkende toerismebestemming-handelsnaam te posisioneer.

## **TEMA 3: Volhoubaarheid en goeie staatsbestuur**

- Om transformasie binne die toerismesektor teweeg te bring;
- Om die kwessie van geografiese, seisoenale en plattelandse verspreiding aan te spreek;
- Om "verantwoordelike toerisme"-praktyke binne die sektor te bevorder; en
- Om die ekonomiese ontwikkeling van toerisme op 'n plaaslike regering-vlak te ontsluit.

## **Nywerheidsbeleid-aksieplan**

Die Nywerheidsbeleid-aksieplan (IPAP) is stewig verskans in die Regering se oorkoepelende beleid en planne om die hoofuitdagings van ekonomiese en nywerheidsgroei asook rasgegronde armoede, ongelykheid en werkloosheid aan te spreek. IPAP 2018 is 'n produk van die Ekonomiese Sektore, Indiensneming en Infrastruktuur-ontwikkelingskluster (ESEID). Die verantwoordelikheid vir die implementering daarvan berus by die Regering as geheel sowel as by 'n breë reeks entiteite, insluitende SBM'e.

IPAP 2018 fokus op die volgende tien kerntemas wat die werk van die Departement van Handel en Nywerheid (DHN) onderlê en as padkaart vir die breër nywerheidspoging:

- Brei die ekonomie uit.
- Versterk pogings om totale plaaslike aanvraag te verhoog - hoofsaaklik deur die lokalisering van openbare aanskaffing en geïntensifieerde pogings om die privaatsektor te oortuig om lokalisering en die ontwikkeling van plaaslike verskaffers te ondersteun.
- Brei Suid-Afrika se uitvoerpogings uit.
- Skep en versterk beleidsekerheid en die ooreenstemming van programme.
- Versterk voortgesette pogings om 'n minder gekonsentreerde, mededingendere ekonomiese en vervaardighingsomgewing te skep waar struikelblokke in die weg van nuwe spelers wat tot die gebied wil toetree uit die weg geruim word.
- Bou 'n sterker stelsel van nywerheidsfinansiering en -aansporings om hoër vlakke van privaatsektorbelegging in die produktiewe sektore van die ekonomie te ondersteun en te beveilig, en bou uitvoer uit.
- Gaan voort met tegnologie-intensiewe, waardetoevoegende benefisiëeringsprojekte wat die voordeel van Suid-Afrika se vergelykenderwys ryk hulpbronne ten volle in 'n globaal mededingende voordeel omsit.
- Optimeer die oordrag en verspreiding van tegnologie en werk nou saam met die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) om die poging te verskerm om "inheemse" Navorsing en Ontwikkeling (N&O) in kernsektore verder te kommersialiseer.
- Ondersteun die verdere versterking van kragdoeltreffende produksie en koolstofverligtingspogings en -maatreëls op 'n manier wat volhoubare aanpassing deur al die kragintensiewe sektore van die ekonomie toelaat.
- Verstaan, begryp en berei voor vir die voorsienbare effekte van die Digitale Nywerheidsomwenteling en ontluikende ontwrigtende tegnologieë deur Suid-Afrika se vervaardiging- en dienstesektore aan te pas om die uitdagings te bowe te kom, insluitende wat betref verskuiwings in indiensneming.

## **Plaaslike Toerisme-groeistrategie**

Die doel van die Plaaslike Toerisme-groeistrategie (PRGS) is om plaaslike toerismegroei te bevorder, gegrond op 'n kultuur van reis, innovering, die deelname van belanghebbendes, die aanbod van outentieke, bekostigbare ondervindings en pakkette wat in die behoeftes van alle bestaande en potensiële plaaslike reisigers voorsien.

## **Provinsiale Strategiese Plan 2019-2024**

Die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2019-2024 is 'n vyfjaar-strategiese plan met die visie van 'n veilige Wes-Kaap waar almal floreer. Dié visie word uitgedruk in vyf strategiese prioriteite wat vir 2019-2024 geïdentifiseer is, die Wes-Kaapse Visie-geïnspireerde Prioriteite (VIP's), naamlik:

- VIP 1: Veilige en hegte gemeenskappe;
- VIP 2: Groei en werksgeleenthede;
- VIP 3: Die bemagtiging van die bevolking;
- VIP 4: Mobiliteit en ruimtelike transformasie; en
- VIP 5: Innovering en kultuur.

## **Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasie-inligting (2007)**

Die Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasie-inligting (RBPI/FMPPI) stippel kernkonsepte in die ontwerp en implementering van bestuurstelsels uit om prestasie-inligting in die openbare sektore te definieer, in te samel, te rapporteer en te gebruik. Die FMPPI beklemtoon dat prestasie-inligting noodsaaklik is om die aandag van die publiek en toesighoudende liggame te fokus daarop of openbare instansies waarde vir geld lewer, deur hul prestasie met begrotings en diensleweringsplanne te vergelyk en bestuurders attent te maak op gebiede waar korrektiewe maatreëls vereis word.

### **SA Connect**

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Breëbandbeleid (SANBB) (in Desember 2013 aanvaar) verskaf 'n raamwerk vir 'n gesonde telekommunikasie-omgewing in die land. In ooreenstemming met die NOP meen SA Connect dat die benefisiëring van breëbandinfrastruktuur slegs ekonomiese vrugte kan afwerp as die volgende vier elemente teenwoordig is, naamlik:

- Breëband moet 'n kritieke oorwig Suid-Afrikaners bereik;
- Toegang tot breëband moet bekostigbaar wees;
- Vaardighede aan die aanvraagkant moet ontwikkel word om te verseker dat breëbanddienste doeltreffend gebruik word; en
- Vaardighede moet aan die verskafferskant ontwikkel word sodat die ekonomiese en innoveringspotensiaal van breëband ontgin kan word.

### **Wes-Kaapse Breëband- Strategiese Raamwerk (2012)**

Die Wes-Kaapse Breëband- Strategiese Raamwerk (WKBSR) sit 'n holistiese benadering uiteen om die volgende aan te spreek: toegang (infrastruktuur) en die gereedheid en gebruik van die Regering, burgers en die sakewêreld om sodoende dienslewering deur die Staat te verbeter, burgers se toegang tot geleenthede en inligting te versterk en ekonomiese mededingendheid te bevorder.

### **Wes-Kaapse Groen Ekonomie- Strategiese Raamwerk**

Die doel van die Wes-Kaapse Groen Ekonomie- Strategiese Raamwerk (WKGESR) is om die Wes-Kaap te posisioneer as die provinsie met die laagste koolstofvlakke in Suid-Afrika en as die voorste ekonomiese brandpunt op die vasteland van Afrika.

## **3. BYWERKING VAN RELEVANTE HOFUITSPRAKE**

Daar is geen nuwe uitsprake wat relevant is vir die Departement en wat 'n beduidende impak op die werkzaamhede kan hê nie.

# AFDELING B: ONS STRATEGIESE FOKUS

## 4. SITUASIE-ONTLEDING

### 4.1. Eksterne omgewing-ontleding

Die Wes-Kaap het beter as die res van Suid-Afrika presteer in vele ekonomiese aanwysers soos werksepping, ten spyte van 'n averse en uitdagende breër omgewing.

Ten spyte van globale handelstrukkelblokke, internasionale ontwikkelings, beleidsonsekerheid op 'n nasionale regeringsvlak en onstabiliteit by Staatsbeheerde Ondernemings (SBO's), het die Proviniale ekonomie beter presteer as wat verwag kon word. Indiensnemingstendense bly klim, wat verseker dat die Wes-Kaap se werkloosheidskoers aansienlik laer as dié van die res van Suid-Afrika bly.

As 'n ooptoegangsekonomie wat in 'n tegnologies geïntegreerde en geglobaliseerde wêreld werksaam is, het dié nasionale en globale ontwikkelings 'n impak op die Wes-Kaap wat vorm gee aan die leweringsomgewing waarin die Wes-Kaapse Regering (WKR) werksaam is. Dit word hieronder in nadere oënskou geneem.

#### Globale ekonomie

Die globale ekonomie bly steeds verlangsaam. Die IMF voorspel dat die globale ekonomie op koers is vir matige groei van 3.3% in 2020, terwyl dit in 2019 teen 2.9% gegroeи het. Die konserwatiewe voorspelling word gedryf deur die geleidelike herstel van handel en belegging. Spanning in globale handel, skerp afnames in groot ekonomieë en finansiële ontwrigtings in ontluikende markte en ontwikkelende ekonomieë (OMOE/EMDE's) plaas 'n stremming op globale ekonomiese groeprojeksies. OMOEs sal na verwagting in 2020 effens herstel; per capita-groei sal egter laer as langtermyn-gemiddeldes bly en sal te stadig toeneem om armoede-uitwissingsdoelwitte te haal.

Die Verenigde State (VS) bly steeds op mediumtermyn globaal gesproke die belangrikste ekonomie en sy prestasie het 'n direkte impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie. Daar word voorspel dat Bruto Nasionale Produk- (BNP-) groei in die VS vanaf 'n verwagte 2.3% in 2019 tot 1.7% in 2020 sal verlangsaam, te danke aan handelsbeleidsonsekerheid en 'n afname in globale groei. Verbruikersbesteding in die VS bly stabiel, gerugsteun deur voortgesette werksepping en loongroei.

Amerikaanse aanvoerkettingfaktore soos 'n beperkte arbeidsmark kan potensiële uitset in die VS verhinder, wat weer 'n negatiewe impak op koplyngroei in 2020 kan hê. Die VSA tel onder die wêreldleiers op gebiede soos tegnologie, hoëwaarde-vervaardiging en innovering. Dié gebiede sal deurslaggewende dryfkragte van ekonomiese groei in die VSA bly.

'n Ooreenkoms is deur die Verenigde Koninkryk- (VK-) parlement gefinaliseer wat daarop uitgeloop het dat die VK op 31 Januarie 2020 die Europese Unie (EU) verlaat het. 'n Oorgangstydperk sal vir die volgende 11 maande (eindigende op 31 Desember 2020) geld en sal die huidige status quo onveranderd laat terwyl die twee kante 'n ooreenkoms probeer bereik wat hul toekomstige verhouding sal bepaal. Gegewe die kompleksiteit van dié onderhandelinge en die kort tydsraamwerke wat betrokke is, word daar egter wyd gespekuleer dat 'n finale ooreenkoms nie voor die afsluiting van die oorgangstydperk bereik sal word nie, wat twyfel skep oor die regulatoriese regimes wat besighede in die gesig sal staar wanneer die VK en die EU ná Desember 2020 sake doen.

Geskiedkundig was die EU, en veral die VK, een van Suid-Afrika en die Wes-Kaap se belangrikste handelsvennote. Onsekerheid oor die ekonomiese impak van Brexit en of die VK 'n uittree-ooreenkoms met die EU kan bereik – wat die skade wat hy sy grootste handelsvenoot berokken sal beperk – het 'n ernstige impak op belegging en gevoldlik groei in die VK. 'n Aantal firmas het hul kommer uitgespreek en het of elders belê of belegging in die VK vir eers opgeskort. Dit kan weer gevolge vir sowel die Wes-Kaap se uitvoerbedryf as toerisme inhou. Die risiko's vir Suid-Afrikaanse en Wes-Kaapse uitvoere is egter verlig, aangesien Suid-Afrika ná Brexit steeds 'n handelsooreenkoms met die EU sal handhaaf, terwyl die land ook 'n nuwe handelsooreenkoms met die VK sal formaliseer om handel tussen die VK en Suid-Afrika ná Brexit te bepaal.

Groeisyfers vir ontwikkelende ekonomiese het in 2018 op 4.5% te staan gekom en sal na verwagting effens styg tot 4.1% in 2019. Die IMF raam dat groei effens sal styg tot 4.4% in 2020 en verder sal toeneem tot 4.6% in 2021. Die groeiprofiel vir die ontluikende ekonomiese-groep is 'n gevolg van 'n kombinasie van 'n geprojekteerde herstel van diep afnames vir gestresde ontluikende markekonomieë wat swak presteer en 'n voortgesette strukturele verlangsaming in China.

Groei in China word geprojekteer om effens af te neem van 'n geraamde 6.1% in 2019 tot 6.0% in 2020. Om ekonomiese groei vir China in 2020 te verseker, sal sterker steunbeleide vereis. Die versterking van plaaslike belegging, veral in eiendom en die bou van infrastruktuur, sal 'n belangrike faktor wees. Die VS-Chinese "mini" handeloooreenkoms, wat in Desember 2020 onderteken is, sal ook help om 'n mate van onsekerheid onder Chinese besighede en verbruikers in 2020 uit te skakel.

Die voortgesette herstel van globale groei in 2021 sal uitvoer en 'n verwagte versnelling in beleggingsgroei ondersteun. Groei in Afrika Suid van die Sahara (ASS) sal na verwagting klim vanaf 3.3% in 2019 tot 3.5% in 2020-21. Die IMF se Verslag oor Ekonomiese Vooruitsigte per Streek het uitgelig dat hoër verbruiksartikelpryse en verbeterde toegang tot kapitaal na verwagting hoofdryfkragte van groei en ekonomiese diversifikasie in die ASS-streek sal wees.

Ten spyte van sekere uitdagings is die globale ekonomie oor die algemeen gesond en sal Suid-Afrikaanse groei ondersteun as die land korruksie binne die Regering en Staatsbeheerde Ondernemings (SBO's) beslissend die stryd kan aansê, politieke onsekerheid en niegroeibeleide kan aanspreek, die kragkrisis kan oorkom en die onderwyskrisis kan oplos.

## Nasionale Ekonomie

Die IMF raam dat Suid-Afrika se ekonomiese groei vir 2019 slegs 0.4% sal wees en verwag dat die land se ekonomiese groei vir 2020 baie effens tot 0.8% sal toeneem. Volgens die Wêreldbank sal verhoogde vlakke van politieke onsekerheid na verwagting na matig afneem; 'n brose herstel word egter geprojekteer weens voortgesette uitdagings i.v.m. die implementering van hervormingsmaatreëls, sinksies en infrastruktuur-bottlenecke. Die begrotingstekort/BNP-verhouding sal na verwagting van 5.9% in 2019/20 (April-Maart) tot 6.5% in 2020/21 styg voordat dit effens afneem tot 4.7% in 2024/25.

Die impak van korruksie in die Regering en SBO's kan nie sterk genoeg gestel word nie. Korruksie het 'n negatiewe impak op die oorhoofse doeltreffendheid van die ekonomie. Dit verhoog die koste van dienslewering aan burgers deur die Regering en SBO's, wat lei tot die heraanwending van openbare fondse vanaf sosiale en ekonomiese prioriteite. Belangriker nog, dit ontmoedig belegging en maak dit moeiliker om vaardige personeel te behou. Dit het gelei tot die uithol van Eskom, met sy aangewesenheid op die Regering se kontantborgstellings om kop bo water te hou, waar belastinggeld van dienslewering af heraangewys is om die elektrisiteit-nutsbedryf te ondersteun.

SBO-skuld bly 'n voortgesette struikelblok vir die regering. In Julie 2019 het die Regering 'n nuwe noodbefondsingspakket van R59-miljard vir die kragparastataal Eskom aangekondig, met R26-miljard wat in 2019/20 oorgedra is en R33-miljard wat in 2020/21 oorgedra sal word. Dit is afgesien van die R23-miljard wat in die begroting van Februarie 2019 aan Eskom toegewys is. Eskom sal R138-miljard in borgstellings tot Maart 2022 ontvang om die parastaal te help om sy skuld te betaal, wat op meer as R450-miljard geraam word en geweldige druk op die tesourie (fiskus) plaas. 'n Besonderse bron van kommer oor die druk wat op die tesourie geplaas word, is die finansiële en operasionele stabiliteit van Eskom en die impak daarvan op die betroubaarheid van elektrisiteitsvoorsiening, elektrisiteitspryse en Suid-Afrika se soewereine skuldkoers (staatswaarborg). Kragonsekerheid is nou die enkele beduidendste bedreiging vir ekonomiese groei en werkskepping op sowel nasionale as provinsialevlak.

Suid-Afrika se fiskale posisie sal onder stremming bly verkeer te midde van 'n toename in bestedingsvereistes wat voortvloei uit 'n toename in bykomende laste in die vorm van verdere Regeringswaarborgs aan SBO's. Kragonsekerheid, tesame met politieke onsekerheid oor sake soos grondonteinging en die Reserwebank, sal toekomstige belegging en groei strem. Nog 'n risikogebied is die Nasionale Gesondheidsversekeringsplan (NGV/NHI), waar private mediese skemas en -maatskappye 'n onsekere toekoms in die gesig staar. Internasionale en plaaslike beleggers kan besluit om 'n "wag-en-kyk"-benadering tot belegging te volg totdat dié vraagstukke gefinaliseer is.

Suid-Afrikaanse verbruikers herstel nog van toenames in belasting namate die Nasionale Regering probeer om 'n belastingtekort van R50.8-miljard te oorkom. Onder die belastingverhogings wat geïmplementeer is, is 'n toename van 1% in Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW); 'n verhoging in boedelbelasting; luuksegoedere-aksyns en 'n verhoging van 52 sent per liter in die Brandstofheffing. Dié belastingverhogings het druk geplaas op die beskikbare inkomste van verbruikers, wat verbruikersaanvraag en sakevertroue laat krimp.

Statistiek SA het bekendgemaak dat die jaarlikse verbruikersprysinflasie 4.0% in Desember 2019 was, 'n styging vanaf November 2019 se 3.6%. Dié styging was gedeeltelik toe te skryf aan die toename in kos- en nie-alkoholiese drankpryse. Die inflasiekoers het egter konsekwent onder die 6% monetêre beleid-plafon gebly. Dit het geleidelik tot 'n verdere besnoeiing op die rentekoers vanaf 0.25% tot 9.7% in Januarie 2020 deur die Reserwebank. Die geprojekteerde stabiele rentekoersvooruitsig sal verbruikers- en beleggingsaanvraag ondersteun, wat 'n positiewe impak op Suid-Afrika en die Wes-Kaap sal hê.

Die wisselkoers het in die loop van die jaar verswak vanaf onder R14 per dollar aan die begin van 2019 tot R14.88 teenoor die dollar aan die einde van Januarie 2020. Plaaslike ontwikkelings dra by tot die druk op die rand, veral stadige BNP-groei en die swak finansiële posisie waarin Eskom hom bevind, wat sowel die fiskale rekeninge as Suid-Afrika se uitstaande beleggingsgraad kredietevaluering bedreig. Die moontlikheid van 'n afwaartse risiko vir die rand-dollar-wisselkoers bly voortbestaan, gegewe die moontlikheid van 'n verdere afgradering deur Moody's en die gevolglike verbanning uit die Wêreld-regeringseffekte-indeks.

Suid-Afrika se werkloosheidsfyfers bly steeds hoog teen 29.1% in 2019K3, wat die kollig laat val op die land se geweldige werkloosheidsuitdaging. Die Regering en vele belanghebbendes het gereageer d.m.v. jeugindiensnemingsinisiatiwe en groter befondsing vir hoër onderwys, maar die skaal van die uitdaging vereis strukturele sosio-ekonomiese verskuiwings.

### **Provinsiale Ekonomie**

Die Wes-Kaapse ekonomie sou na verwagting met 0.7% in 2019 gegroeи het en word geprojekteer om met 1.2% in 2020 uit te brei, volgens die Provinsiale Tesourie se Mediumtermyn-begrottingsbeleidsverklaring (MTBBV) 2019. 'n Oorsig oor groeikoerse by Wes-Kaapse distrikte toon dat die hoogste groeikoers in 2019 in die distrik Eden aangeteken is (5.6%). Die tabel hieronder toon jaarlikse gemiddelde groeikoerse teen konstante 2010-pryse.

	Gemiddelde jaarlikse groei (Konstante 2010-pryse) – Persentasie						
	Wes-Kaap	Stad Kaapstad	Weskus	Kaapse Wynland	Overberg	Eden	Sentrale Karoo
2014	2.2%	2.0%	1.9%	2.5%	2.4%	3.9%	2.7%
2015	1.4%	1.7%	0.6%	1.3%	0.6%	0.3%	0.5%
2016	1.0%	1.5%	-0.8%	-0.3%	-1.1%	0.2%	-0.8%
2017	1.2%	1.3%	2.5%	2.2%	2.6%	-1.8%	2.4%
2018	0.8%	1.1%	-0.1%	0.4%	0.0%	3.3%	-0.7%
2019*	0.8%	0.7%	-0.1%	0.4%	0.1%	5.6%	0.1%

Bron: IHS Rex

\*2019-syfers is skattings

Die Wes-Kaapse ekonomiese uitset op distriksvlak word oorheers deur distrikte met groter stedelike gebiede. Namate verstedeliking in die Provinse toeneem, sal hierdie tendens net intensifiseer. Die Kaapse Metro bly steeds die grootste bydraer tot ekonomiese uitset in die Provinse, teen sowat 71% in 2019<sup>1</sup>.

In 2019K4 het die Buro vir Ekonomiese Navorsing (BEN) se sakevertroue-indeks vir die Wes-Kaap van 22 na 32 punte gestyg, wat dui op 'n toename in sakevertroue deur die privaatsektor in die Wes-Kaapse streek. Hierdie aanwyser was hoër as dié van Gauteng maar laer as KwaZulu-Natal, teen 18 en 42 punte onderskeidelik. In die geval van uitvoere het die Wes-Kaap se uitvoere met 3.9% tot R129-miljard in 2018 toegeneem.

Omtrent 'n derde van die Wes-Kaap se uitvoere is bestem vir markte in Afrika en nog 30% gaan na Europa. Soos hierbo bespreek rakende die ekonomiese impak van Brexit, is die VK een van die top drie uitvoerbestemmings vir die streek. Die Wes-Kaap se grootste markte is Namibië (9%), die VK (7%) en Nederland (7%). Die Wes-Kaap was verantwoordelik vir 50% van Suid-Afrika se landbou-uitvoere in 2018, wat die sektor se mededingendheid illustreer.

Die Wes-Kaapse toerismesektor presteer steeds beter as die res van Suid-Afrika. Volgens SA Toerisme het die Provinse die tweede hoogste aantal "betaalde bednagte", wat van 15.1-miljoen in 2017 na 23.3-miljoen in 2018 geklim het. Die gemiddelde lengte van verblyf per toeris in die Wes-Kaap (12.9 nagte per toeris) was die hoogste van al die provinsies. Internasionale aankomste in die Wes-Kaap het met 0.2% toegeneem om 1.7-miljoen aankomste in 2018 te bereik. As gevolg hiervan het buitelandse besteding geklim tot 27.7-miljard in 2018 en geskatte Bruto Waarde Toegevoeg (BWT) het met 3.5% in 2018 gestyg.

Nadat die ergste droogte in meer as 100 jaar in die Wes-Kaap ondervind is, het die Provinse hom nou as een van die meer waterveerkrugtige streke in die wêreld geposioneer. Risiko's wat aan klimaatsverandering toe te skryf is, is in 2019 deur die Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF) aangewys as een van die top drie globale risiko's in terme van waarskynlikheid. Die klimaatuitdagings wat die Wes-Kaap onlangs in die gesig gestaar het, is duidelik deel van 'n breër globale verskynsel.

Die werkloosheidskoers in die Wes-Kaap het van 20.4% in 2019K2 tot 21.5% in 2019K3 gestyg. Die Wes-Kaap het die laagste uitgebreide werkloosheidskoers in Suid-Afrika, teen 24.5% in 2019K3, wat te kenne gee dat werkers in die Wes-Kaap aangemoedig word om werk te soek in vergelyking met ander provinsies. Alle ander provinsies het 'n uitgebreide werkloosheidskoers van meer as 40% aangeteken, met die uitsondering van Gauteng, wat 'n uitgebreide werkloosheidskoers van 35.1% aangeteken het. Die Wes-Kaap het die laagste niemetropo- amptelike koers in Suid-Afrika aangeteken, teen 20.7% in 2019K3.

Die Wes-Kaap het die hoogste arbeidsabsorpsiekoers in Suid-Afrika teen 53.5% in 2019K3, wat waarskynlik bydra tot die werksoekgedrag van werkloses. 'n Hoër arbeidsabsorpsiekoers beteken dat 'n groter proporsie van diegene wat wil werk in die Provinse in diens geneem word. Dit is 11.1% hoër as Suid-Afrika se absorpsiekoers van 42.4%. Die feit dat die Wes-Kaap se arbeidsmark beter as die res van Suid-Afrika presteer het, kan moontlik daarop dui dat die Provinse beter ekonomiese geleenthede bied en produktiewer sowel as inklusiever as ander provinsies is.

'n Duideliker konteks om die werkzaamheidsomgewing in te beskou, word deur die SWOT-ontleding hieronder uitgebeeld:

<b>Sterkpunte</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die Wes-Kaap het 'n mededingende landbousektor met meer as 50% van Suid-Afrika se landbou-uitvoere in 2018 wat uit die Wes-Kaap gekom het.</li> <li>Die Wes-Kaap het 'n sterk toerismegrondslag, wat die tweede hoogste getal betaalde bednagte in Suid-Afrika inhou.</li> <li>Die Provinse het een van die hoogste arbeidabsorpsiekoerse, wat beteken dat 'n individu 'n groter kans op indiensneming in die Provinse het.</li> <li>Die Wes-Kaap beskik oor relatief ontwikkelde infrastruktuur wat die Provinse aantreklik vir beleggers maak.</li> <li>Die Provinse het hom geposioneer as 'n finansiële spil wat die uitbreiding van die sakesektor na die res van die streek Afrika Suid van die Sahara kan ondersteun.</li> <li>Die Provinse het vier universiteite en 'n aantal hoër onderwys-instansies.</li> </ul>
<b>Swakpunte</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Afname in sakevertroue, wat skakel met 'n afname in privaatsекторbelegging.</li> <li>Toenemende misdaad het 'n negatiewe impak op toeriste se persepsie van die Wes-Kaap as 'n veilige bestemming.</li> <li>Sukkel met 'n tekort aan vaardighede, wat gedeeltelik deur die wanpassing van vaardighede gedryf word.</li> <li>Droogte weens klimaatsverandering, wat 'n impak op die landbou- en toerisme-sektore het, veral in die Klein Karoo- en Sentrale Karoostreke.</li> <li>Verouderde infrastruktuur en swak bestuur van katalitiese infrastruktuur wat vervoer betref, naamlik die drie grootste hawens in die Wes-Kaap sowel as die spoornetwerk.</li> <li>Die uittreestrategie van groot houtverwante maatskappye in die bosboubedryf weens nasionale beleidsveranderinge het 'n negatiewe impak op die beskikbaarheid van hout, wat sal lei tot 'n gebrek aan verskaffing van insetmateriaal vir saagmeule en veral die bousektor van plaaslik vervaardigde houtprodukte.</li> </ul>
<b>Geleenthede</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Sterk groei in Afrika bied 'n geleentheid vir die Departement om uitvoer na dié markte te bevorder.</li> <li>Die depresiasie van die geldeenheid bied 'n geleentheid vir die Departement om uitvoer en toerisme deur prysmededingendheid te bevorder.</li> <li>Die bevordering van uitvoere en toerisme kan sterker fokus op snelgroeiente ekonomiese soos Indië en China.</li> <li>Die sterk landbouvermoëns van die Wes-Kaap bied 'n geleentheid om agri-prosesserung te bevorder. Dié sektor word beskou as arbeidsabsorberend en moedig groei binne die landbousektor aan, wat ruimtelike ontwikkeling bevorder.</li> </ul>
<b>Bedreigings</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die impak van Brexit op belegging en toerisme – die verwagte inkrimping (en moontlike resessie) in die VK kan 'n impak op die Wes-Kaapse ekonomie hê, gegewe dat die VK 'n beduidende bronmark vir sowel Buitelandse Direkte Belegging (BDB) as Toerisme is.</li> <li>Suid-Afrika sal stadige ekonomiese groei oor die komende jare ondervind as gevolg van swak verbruikersaanvraag, ongeesdriftige belegging, relatief onderdrukte kommoditeitspryse, sporadiese stakings en kragonderbrekings.</li> <li>Suid-Afrikaners het hoë huishoudelike skuld, wat onderhou word deur hoër belastings soos in toename in BTW, boedelbelasting, luuksegoedere en die brandstofheffing.</li> <li>Die potensiële toetreden van globale buitelandse kleinhandelaars kan dalk beter presteer as plaaslike kleinhandelaars wat nie so gemoderniseer of gesofistikeerd is gemeet aan internasionale standarde nie.</li> <li>Voortgesette borgstellings van Staatsbeheerde Ondernemings (SBO's) sal voortgaan om druk op die fiskus uit te oefen.</li> <li>Onstabiele kragsekuriteit, tesame met beleidsonsekerheid oor sake soos grondonteinging en die Reserwebank, sal belegging en groei inperk.</li> <li>Die Nasionale Gesondheidsversekeringsplan (NGV/NHI) beteken dat private mediese skemas en maatskappye 'n onsekere toekoms tegemoet gaan.</li> <li>'n Afname in sakevertroue wat skakel met die moontlikheid van hoër elektrisiteitskostes in die toekoms, beurtkrag en die risiko dat die land se kredietwaardigheid ondertoe aangepas sal word weens die finansiële onstabilitet by Suid-Afrikaanse SBO's.</li> <li>'n Gebrek aan betroubare verskaffing van elektrisiteit weens die mislukking van Eskom.</li> </ul>

## 4.2 Interne omgewing-ontleding

### Visie

Die Departement van Ekonomiese Toerisme en Ontwikkeling (DEOT) se visie is 'n Wes-Kaap wat 'n gesonde, innoverende en volhoubare ekonomie het, gekenmerk deur ekonomiese groei en indiensneming.

### Missie

Om die visieverklaring hierbo te verwesenlik, sal die DEOT leierskap van gehalte aan die Wes-Kaapse ekonomie verskaf d.m.v. die Departement se begrip van die ekonomie, sy vermoë om ekonomiese geleenthede en potensiaal te identifiseer en sy bydrae tot die Regering se ekonomiese prioriteite. Die Departement sal die produktiewe en mededingende kapasiteit van die Provinciale ekonomie verbeter. Dit sal ekonomiese groei en die skep van werkgeleenthede kataliseer deur:

- Belegging te bevorder en katalitiese infrastruktuur te skep;
- Uitvoer verder uit te brei;
- Die vaardigheidsgaping aan te spreek;
- Die gemak van sake doen te versnel; en
- Hulpbronveerkragtigheid uit te bou.

### Waardes

Die kernwaardes wat die Departement voorstaan, is:

- *Omgee*: Om om te gee vir diegene wat ons dien en met wie ons saamwerk
- *Bekwaamheid*: Om oor die vermoë en kapasiteit te beskik om die werk te doen wat ons aangestel is om te doen
- *Aanspreeklikheid*: Om verantwoordelikheid te neem
- *Integriteit*: Om eerlik te wees en te doen wat reg is
- *Innovering*: Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en om skeppende oplossings vir probleme op 'n vindingryke manier te ontwikkel
- *Responsiwiteit*: Om in die behoeftes van ons burgers en werknemers te voorsien

### Organisatoriese omgewing

Binne 'n uitdagende ekonomiese konteks gaan die DEOT voort om 'n aantal inisiatiewe voort te dryf as ingrypings om 'n omgewing te skep wat ekonomiese geleenthede ontsluit en ekonomiese groei voortstu.

Voortvloeiend uit die Provinciale Strategiese Plan (PSP) 2019-2020, het die Departement ook 'n mandaat ontvang om die leiersrol te speel om die dryfkrag te verskaf vir die WKR se agenda vir die Visie-geïnspireerde Prioriteit (VIP) 2, naamlik Groei en Werksgeleenthede.

Die Departement mik daarna om indiensneming te verbeter deur die mededingendheid van die Provincie te verhoog, wat sal lei tot toenemende belegging, ekonomiese groei en reële werkgeleenthede. Ekonomiese groei en inklusiewe werkskepping kan 'n hupstoot ontvang deur die mededingendheid van die streek te verhoog, verhandelbare sektore te ontwikkel, belegging aan te trek, in infrastruktuur te belê en die uitvoermark te vergroot. Dit word onderlê deur hulpbronveerkragtigheid, wat dit moontlik maak vir die ekonomie om te groei. Die WKR moet dit makliker maak vir ondernemings – van die kleinste township-KMMO's tot die grootste buitelandse beleggers – om sake te doen. Daar is insgelyks 'n behoefte vir die Regering om konstant die manier waarop hy sake met die privaatsektor doen, te verbeter.

In die lig van die verskuiwings in leweringsmeganismes vir VIP 2 (Groei en Werksgeleenthede), insluitende deelname aan VIP 1, 3, 4 en 5, het die Departement begin met die hersiening van die huidige organisatoriese struktuur om te verseker dat dit die beste geposisioneer is om in die toenemende behoeftes van die ekonomie te voorsien en om die Departement se mandaat te verwesenlik en tot die onderskeie VIP's by te dra.

Gegewe die komplekse en transversale omgewing waarin die Departement werksaam is, sal daar klem geplaas word op die heropleiding van personeel en die opskerping van vaardighede, die verbetering van bekwaamheid, prestasiebestuur, diversifisering, mentorskap en opvolgingsbeplanning. Die Arbeidsmagontwikkelingsplan (AMOP) was en sal voortgaan om die platform te wees wat verseker dat die Departement sy menslike kapitaal optimaal inspan en ontwikkel. In gehoorgewing aan begrotingsbesnoeiingsmaatreëls en riglyne vir die Vergoeding van Werknemers (VWN), verbind die Komitee vir die Bestuur van Vergoeding van Werknemers (BVWN) hulle daartoe om te verseker dat poste wat 'n kritieke rol in dienslewering speel, gevul word.

Afgesien daarvan sal die Departement, om funksies doeltreffender te kan lewer, begin met 'n projek genaamd "Digitale DEOT", wat daarna mik om verbeterde funksionele doeltreffendhede binne die DEOT teweeg te bring met die doel om die reikwydte, impak en doeltreffendheid van die DEOT se interne programme te verbeter d.m.v. groter produktiwiteit wat uit die aanvaarding van digitale tegnologie spruit. Die projek volg 'n in-diepte-hersiening van Departemente

prosesse wat uitgeloop het op vier "pynpunte" rondom die behoefté aan dokumentasiebestuur en outomatisering, projekverslagdoening, belanghebbendebestuur en kommunikasie. In 2020/21 sal die Departement die dienste van Sake- en Data-ontleders gebruik om gedetailleerde vereistes te identifiseer, saam te werk met die Sentrum vir e-Innovering en die proses van verandering te dryf. Aktiwiteite sluit in die formulering van die sakevereiste-spesifikasies, die oorweging van die organisatoriese veranderinge, die aanbeveling van oplossings en vroegtydige ontwikkeling en integrering in die DEOT-omgewing. Pogings sal aangewend word om die oorgang van analoë na digitale prosesse te bestuur om te verseker dat daar geleenthede geskep word vir personeel om toepaslike opleiding te ontvang.

Die DEOT beskik oor 'n goedgekeurde Dienslewering-verbeteringsplan (DLVP) vir die Kerndienste, naamlik:

Diens 1: Om voorsiening te maak vir die Registrasie van Toergidse in die Provinse soos voorsien deur die Wet op Toerisme, Wet 3 van 2014.

Diens 2: Om op te tree as 'n Verbruikersbeskermingsagentskap binne die Wes-Kaap.

Diens 3: Om die Sakehulplyndiens vir die Vermindering van Rompslomp te verskaf.

Dié DLVP is 'n goedgekeurde driejarige formaat soos huidig deur die Departement van Openbare Dienste en Administrasie (DODA) vereis word. Die goedgekeurde DLVP met verbintenis vir 2020/21 sal die finale jaar (Jaar 3) aanspreek wat op 31 Maart 2021 ten einde loop.


## OORSIG VAN DIE BEGROTING EN MTBR-SKATTINGS


Program		Geouditeer			Hoofbegroting	Gewysigde begroting	Hersiene skattung	Mediumtermyn-besteding		
R'000		2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2019/20	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
1.	Administrasie	51 656	58 067	57 653	67 555	60 605	60 605	67 934	69 078	72 525
2.	Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdiens	41 661	37 174	46 150	68 365	68 440	68 440	78 690	80 847	85 286
3.	Handels- en Sektorale Ontwikkeling	55 591	49 542	47 204	63 571	63 683	63 683	97 737	106 492	116 465
4.	Sakeregulering en Staatsbestuur	10 479	10 600	9 684	9 900	9 150	9 150	8 624	8 914	9 248
5.	Ekonomiese Beplanning	296 135	129 350	134 244	189 271	184 925	184 925	171 867	173 174	176 554
6.	Toerisme, Kuns en Vermaak	49 341	53 397	59 339	60 154	60 142	60 142	95 614	99 656	107 738
7.	Vaardigheidsontwikkeling en Innovering	54 522	61 173	70 122	64 551	64 318	64 318	84 145	88 963	90 691
<b>Totale betalings en skattings</b>		<b>559 385</b>	<b>399 303</b>	<b>424 396</b>	<b>523 367</b>	<b>511 263</b>	<b>511 263</b>	<b>604 611</b>	<b>627 124</b>	<b>658 507</b>

Ekonomiese klassifikasie R'000

Lopende betalings	218 257	221 616	232 363	277 323	232 089	231 905	270 579	310 122	320 752
Vergoeding van werknemers	104 660	115 365	125 927	153 156	140 529	140 529	165 221	214 375	224 344
Goedere en Dienste	113 597	106 251	106 436	124 167	91 560	91 376	105 358	95 747	96 408
<b>Oordragte en betalings aan:</b>	<b>337 424</b>	<b>171 579</b>	<b>186 573</b>	<b>239 487</b>	<b>274 677</b>	<b>274 839</b>	<b>327 886</b>	<b>310 714</b>	<b>331 171</b>
Provinsies en munisipaliteitē		1 500			6 589	6 589	15 195	11 004	11 532
Departementele agentskappe en rekeninge	204 453	124 833	148 035	190 352	203 405	203 404	215 274	219 981	238 592
Hoër onderwys-instansies			2 000				1 600		
Openbare korporasies en privaatondernemings	5 950	3 530	7 877	9 000	12 702	12 702	16 976	4 427	4 635
Instansies sonder winsbejag	117 866	30 611	17 374	17 375	28 905	28 905	18 059	13 955	14 623
Huishoudings	9 155	11 105	11 287	22 760	23 076	23 239	60 782	61 347	61 789
<b>Oordragte en subsidies aan Kapitaal</b>	<b>3 528</b>	<b>5 997</b>	<b>5 387</b>	<b>6 557</b>	<b>4 440</b>	<b>4 411</b>	<b>6 146</b>	<b>6 288</b>	<b>6 584</b>
Masjinerie en toerusting	3 516	5 348	4 972	6 055	4 319	4 290	6 146	6 288	6 584
Sagteware en ander ontasbare bates	12	649	415	502	121	121			
<b>Betalings vir finansiële bates</b>	<b>176</b>	<b>111</b>	<b>73</b>		<b>57</b>	<b>108</b>			
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>	<b>559 385</b>	<b>399 303</b>	<b>424 396</b>	<b>523 367</b>	<b>511 263</b>	<b>511 263</b>	<b>604 611</b>	<b>627 124</b>	<b>658 507</b>

## Organisatoriese struktuur





# AFDELING C: DIE MEET VAN PRESTASIE

INSTITUSIONELE PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING



**Program 1:**  
Administrasie

## 5. Program 1: Administrasie

### 5.1 Doel

Om sterk, innoverende leierskap te verskaf en om skoon, doeltreffende, kostedoeltreffende, deursigtige en responsiewe korporatiewe dienste aan die Departement te lewer.

### 5.2 Subprogram 1.1: Kantoor van die Departementshoof

#### 5.2.1 Doel

- Om riglyne te verskaf aan die Departementele transversale administratiewe programme wat die Departement lei en om dit te bestuur.
- Om 'n doeltreffende oorsigfunksie oor die hele Departement se mandaat en funksie te behou.

### 5.3 Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur

#### 5.3.1 Doel

- Om 'n doeltreffende finansiële bestuursfunksie te verskaf.
- Om te verseker dat die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) en ander verwante finansiële regulasies en beleide geïmplementeer word.
- Om ondersteuning vir beplanning en die opstel van begrotings aan die Departement te verskaf.
- Om voorsiening te maak vir die onderhoud van bates.

#### 5.3.2 Subprogram 1.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Verbeterde Finansiële Staats-bestuur	Geprosesseerde betalings aan krediteure binne 30 dae	1.1 Getal dae vir die prosessering van betaling aan krediteure	Betaling aan krediteure binne 17.26 dae	Betaling aan krediteure binne 18.31 dae	Beta-ling aan krediteure binne 15.79 dae	Betaling aan krediteure binne 30 dae	30 dae	30 dae	30 dae	
	Kumulatiewe besteding as 'n persentasie van die begroting (Werklike besteding/Gewysigde begroting)	1.2 Persentasie kumulatiewe besteding behaal (Werklike besteding/Gewysigde begroting)	97.58%	98.51%	98.95%	98%	98%	98%	98%	
	Doeltreffende ingrypings suksesvol geïmplementeer	1.3 Getal finansiële doeltreffendheids-ingrypings geïmplementeer	4	12	5	4	4	4	4	
	Finansiële handleiding-opleidingssessies aangebied	1.4 Getal finansiële handleiding-opleidingssessies aangebied	21	18	19	12	12	12	12	

### 5.3.2 Subprogram 1.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens (vervolg)

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20		2020/21	2021/22	2022/23
Verbeterde Finansiële Staats-bestuur (vervolg)	Kliënte-dienstvredenheid behaal	1.5 Persentasie kliënte-dienstvredenheid behaal	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	50%	60%	70%	
	Interne audit-aanbevelings geïmplementeer	1.6 Persentasie interne audit-aanbevelings geïmplementeer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	80%	85%	90%	
	Eksterne audit-aanbevelings geïmplementeer	1.7 Persentasie eksterne audit-aanbevelings geïmplementeer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	100%	100%	100%	

### 5.3.3 Subprogram 1.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitsetaanwysers	Jaarlikse teiken	K1	K2	K3	K4
1.1 Getal dae vir die prosessering van betaling aan krediteure	Betaling aan krediteure binne 30 dae	30 dae	30 dae	30 dae	30 dae
1.2 Persentasie kumulatiewe besteding behaal (Werklike besteding / Aangepaste begroting)	98%	-	-	-	98%
1.3 Getal finansiële doeltreffendheidsingrypings geïmplementeer	4	-	-	-	4
1.4 Getal finansiële handleiding-opleidingssessies aangebied	12	-	-	-	12
1.5 Die persentasie kliëntedienstvredenheid behaal	50%	-	-	-	50%
1.6 Persentasie Interne Oudit-aanbevelings geïmplementeer	80%	-	-	-	80%
1.7 Persentasie Eksterne Oudit-aanbevelings geïmplementeer	100%	-	-	-	100%

### 5.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Soos in die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) 2030 bepaal, “[is] ‘n plan [...] slegs so geloofwaardig soos sy leweringsmeganismes”. Dit spreek vanself dat sonder ‘n bekware staat wat beskik oor die vereiste leierskap, integriteit en etiek om skoon, doeltreffende, kostedoeltreffende, deursigtige en responsiewe dienste te lewer wat deur gesonde finansiële staatsbestuur gerugsteun word, die Departement gedoom is tot mislukking. Soos in die NOP uiteengesit, kan dienslewering nie behaal word sonder goeie finansiële staatsbestuur nie, en goeie finansiële staatsbestuur kan nie bestaan sonder dienslewering nie. Die Openbare Sektor ontbreek aan ‘n balans waar beide dienslewering en finansiële staatsbestuur optimaal funksioneer.

Om dié rede is die behaal en bestuur van die hoogste vlak van finansiële staatsbestuur ‘n langtermyn-inklusiewe strategie wat berus op gehoorgewing, ‘n prestasiekultuur, die steun van belanghebbendes en dienslewering. Dit omvat maar is nie beperk nie tot die verskaffing van inligting van gehalte, doeltreffende toewysing van hulpbronne, bekware finansiële bestuur, gesonde wetgewende strukture en, les bes, die modernisering van openbare sektor-finansies tot voordeel van burgers. As een van die mees gewaardeerde aanwysers van goeie finansiële staatbestuur, berus die behaal van ‘n ongekwalifiseerde ouditmening op die doeltreffende en doelmatige bestuur van alle prosesse.

Daarbenewens het openbare finansiële bestuur te doen met die doeltreffende bestuur van die insameling en besteding van fondse deur regerings. Aangesien die behoeftes van die gemeenskap altyd groter sal wees as die hulpbronne wat die regering tot sy beskikking het, moet alle openbare hulpbronne so doeltreffend en effektiel moontlik ingespan word. Doeltreffende openbare korporatiewe bestuur lê aan die kern van die skep van 'n verhouding van wedersydse vertroue en gedeelde konsensus tussen die regering en burgers, en lê ook aan die kern van die ontwikkeling van hierdie strategie.

Die DEOT span strukturele staatsbestuurstelsels in om goeie staatsbestuur in die instansie vas te lê en só verbeterde dienslewering teweeg te bring. Die Departement het 'n gevestigde Staatsbestuurskomitee wat sy mandaat ontvang van 'n manifes wat die riglyne van die King-IV-verslag neerlê, en die gesonde staatsbestuurpraktyke wat deur die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies (WBOF) en bykomende Provinciale en Nasionale wetgewing onderskryf word. Hierdie Departement is van die oortuiging dat die behaal van die hoogste vlak van finansiële staatsbestuur die gesamentlike pogings van almal en die transversale samewerking van dié wat die funksie ondersteun, vereis.

Met die onderneming van bogenoemde sal die Hoofdirektoraat: Finansiële Bestuur oor die volgende vyf jaar sy aandag op die volgende strategieë toespits:

#### **Versterking van die gehoorgewingsomgewing**

- Implementeer 'n stelsel om alle wetgewing wat 'n impak op die finansiële omgewing het proaktief te identifiseer en die inligting te versprei;
- Bou tegniese deskundigheid in finansiële bestuur deur 'n gestruktureerde opleidingsprogram; en
- Ontwikkel verbeterde sjablone om komplekse gehoorgewingsverseistes te verbeter en te vereenvoudig.

#### **Verbeter die verspreiding van finansiële inligting d.m.v. verbeterde kommunikasie en bemarking**

- Stel riglyne/standaarde vir doeltreffende kommunikasie vas;
- Bring 'n platform op die been waar beste praktyk met alle diensleweringseenhede gedeel kan word; en
- Ontwikkel 'n nuwe raamwerk vir die gehoorgewingsgesprek om dit by diensleweringssvennote te help inskerp.

#### **Heroriëntering in die rigting van 'n burgersentriese ondersteuningsdiens**

- Implementeer 'n aangemete program vir eenhede/diensleweringssvennote wat direk met die publiek in aanraking kom;
- Bou kapasiteit by finansiële bestuur-personeel om 'n beter begrip van die Departement se leveringsprogramme te verkry;
- Verbeter die werksverhoudinge tussen finansiële bestuur en diensleweringseenhede om dienslewering te verbeter;
- Onderneem opnames om tevredenheid met dienslewering onder Diensleweringssvennote te verhoog; en
- Implementeer 'n kliëntediensleweringssprogram.

#### **5.3.5 Subprogram 1.2: Hoofrisikos**

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Verbeterde finansiële staatsbestuur	Onvermoë om 'n ongekwalifiseerde ouditmening te behaal weens materiële wanverklarings of materiële niegehoorgewing op hoërisikogebiede soos Oordragbetalings, Bestuur van Menslike Hulpbronne, Oudit op voorafbepaalde doelwitte en Aanvoerkettingbestuur a.g.v. 'n ondoeltreffende of ontoereikende beheeromgewing.	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. 'n Goedgekeurde Departementeel finansiële handleiding en jaarlikse bywerking en onderhoud van afwenteling van gesag.</li> <li>2. Interne Kontrole-oudits oor oordragbetalings, voorafbepaalde doelwitte, finansiële state, rekonsiliasies en aanvoerkettingbestuur.</li> <li>3. Transaksie-oorsiglysies.</li> <li>4. Finansiële Bestuur-taakspan vir oordragbetalings en aanvoerkettingbestuur-transaksies.</li> <li>5. Finansiële Bestuur-opleiding oor lynfunksies om bekwaamheid te verseker.</li> <li>6. Opleiding van Finansiële Bestuur-personeel om bekwaamheid te verseker.</li> <li>7. Standaard-werkverrigtingprosedures jaarliks en soos nodig bygewerk.</li> <li>8. Stigting van 'n Departementeel Staatsbestuurskomitee om gesonde staatsbestuurstrukture te verseker.</li> <li>9. Programmonitering- en evaluering-raamwerke.</li> <li>10. Ouditeur-generaal-aksieplan om alle ouditeerbare en hoërisikogebiede te moniteer en te bestuur om 'n ongekwalifiseerde ouditmening te verseker.</li> </ol>

## 5.4 Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste

### 5.4.1 Doel

- Om 'n strategiese ondersteuningsdiens aan die Departement te verskaf;
- Om die verskaffing van IKT, menslike kapitaal, korporatiewe versekering en regs- en kommunikasie-ondersteuningsdienste aan die Departement te verseker;
- Om kommunikasiedienste aan die Departement te verskaf;
- Om Departementele prestasie te moniteer en te evalueer; en
- Om kennis- en inligtingstelsels te ontwikkel en te bestuur, en om IKT te koördineer.

### 5.4.2 Departementele Prestasiemonitering

#### 5.4.2.1 Departementele Prestasiemonitering: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset Indicators	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Funksionele Departementele M&E-stelsel wat strategiese steun verskaf	Uitkomste gemoniteer	1.8 Getal Uitkomstemoniteringsverslae geproduceer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	1	1	1	
	Bestuur van niefinansiële prestasie-inligting op stelsel	1.9 Getal dataverifiëeringsverslae geproduseer	4	4	4	4	4	4	4	
	M&E-kapasiteitsboou uitgevoer	1.10 Getal M&E-kapasiteitsbousessies aangebied	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	2	2	2	

#### 5.4.2.2 Departementele Prestasiemonitering: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitkoms-aanwysers	Jaarlikse Teikens	K1	K2	K3	K4
1.8 Getal Uitkomstemoniteringsverslae geproduseer	1	-	-	-	1
1.9 Getal dataverifiëeringsverslae geproduseer	4	1	1	1	1
1.10 Getal M&E-kapasiteitsbousessies aangebied	2	-	1	1	-

#### **5.4.2.3 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk**

Die Regering het sy steun vir en gebruik van Monitering- en Evalueringinstrumente (M&E) herbevestig om ons implementering en vordering te assesseer, gemeet aan die prioriteit waartoe daar in die NOP se Implementeringsplan vir 2020/2025, die MTSR 2019-2024 en die Proviniale prioriteit en aksieprogramme verbind is.

As 'n openbare bestuur-instrument funksioneer M&E binne die oorkoepelende beleidsraamwerk wat bepaal hoe en hoekom M&E-funksies uitgevoer word. Dit sluit in:

- Hersiene Raamwerk vir Strategiese Planne en JPP's (2020);
- Beleidsraamwerk vir die Regeringswye M&E-stelsel (2005);
- Nasionale Evalueringbeleidsraamwerk (2011) en sy wysigings; en
- Prestasiebestuur- en Verslaggewingsraamwerk.

As die riglyne en regulasies wat regeringsprestasie-inligting in die Departement bestuur, is dit M&E se funksionele mandaat om Departementele prestasie te moniteer en te evaluateer.

Ons belanghebbendes, of dit nou besighede of burgers is, vereis resultate en 'n hooforganiseringsbeginsel van M&E is om te meet, na te spoor en objektief te assesseer of ons planne en programme die verlangde effek sodat regeringsprestasie, relatief tot die verbintenis en prioriteit wat ons op medium termyn gestel het, verbeter kan word.

As die Departement sy ontluikende strategiese prioriteit verwoord en die temas en kernuitkomste identifiseer wat bydra tot die nuwe vyf Proviniale Strategiese Doelwitte (PSD's), sal die huidige M&E-strategiese raamwerk bygewerk word sodat dit uitstippel watter M&E-produkte en -dienste gebruik sal moet word om die bestuur van transversale uitkomste op 'n strategiese manier te ondersteun.

Vir uitkomste om bestuur te word, moet hulle eers gemeet word. Tans gebruik die Departement moniteringsmeganismes wat insluit die monitering van gehoorgewing (verwant aan goeie kontrakbestuur) en organisatoriese monitering (oftewel monitering van JPP-uitsette hoofsaaklik vir die doel van kwartaallike verslagdoening).

Daar moet nou sterker klem geplaas word op die Monitering van Resultate en die Departement wil d.m.v. Uitkomstemoniteringsverslae sy moniteringsaktiwiteite strategies inspan om die uitkomste en effekte van die programme of projekte wat ons ondersteun na te spoor.

Data is nodig vir monitering en verslagdoening, en 'n ernstige poging sal in die loop van dié termyn aangewend word om Departementele programme te ondersteun met die bou van hul projekvlak-inligtingstelsels. Dié stelsels sal kumulatiewe verslagdoening en die naspoor van vordering moontlik maak op 'n manier wat 'n bygewerkte, akkurate 'momentopname' van die Departement se prestasie bied, wat dan maklik onttrek kan word en allerhande verslagdoeningsbehoeftes vervul.

Terwyl die monitering van resultate noodsaaklik is, is dit 'n voorvereiste vir evaluering. Evaluering omvat die gebruik van streng navorsingsmetodes om 'n getuienisgegronde uitspraak te lewer oor die doeltreffendheid van ons regeringsbefondste programme en, indien programme nie goed presteer nie, hoekom die afwykings plaasgevind het en watter veranderinge nodig is in hoe ons ons programme beplan en implementeer. Bekomend tot die ondersteuning van die Departement om sy Mediumtermyn- en Eindtermyn-evaluering in ooreenstemming met die Raamwerk vir Strategiese Planne en JPP's te kan lewer, sal die M&E-eenheid voortgaan om voorspraak te maak vir Departementele programme wat die beplanning, implementering en impak van diskrete programme aanmoedig en dit te ondersteun.

Ten spyte daarvan dat M&E 'n relatief "nuwe" benadering tot openbare bestuur is, en 'n selfs groter rol speel in 'n era wat in die rigting van "resultaatgegronde bestuur" beweeg, is 'n gesamentlike poging nodig om die tegniese vaardighede en deskundigheid van M&E-praktisyens en -projekbestuurders wat die M&E "uitvoer", te bou.

#### 5.4.2.4 Departementele Prestasiemonitering: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Funksionele M&E-stelsel wat strategiese ondersteuning aan die Departement verleen	Ontoereikende aanvraag vir die M&E-stelsel skep 'n hindernis vir die toepaslike gebruik van M&E as 'n instrument om prestasie te verbeter.	Verhoog die bewustheid en begrip van M&E-instrumente, -tegnieke en -produkte (tegniese onderwerpmaterial)
	Fiskale druk kan daartoe lei dat 'n beperkte begroting binne die Departement beskikbaar gemaak word om evaluerings van die bydraes, resultate of die impak van belangrike programme wat deur die Departement geïmplementeer word, uit te voer.	* Verhoog bewustheid van die gebruik van M&E en gebruik voorbeeld om te demonstreer toe moniteringsinligting en evaluering die resultate van die programme wat ons implementeer, kan kommunikeer.
	Gebrek aan 'n Departementele inligtingstelsel wat die vordering van belangrike programuitkomste oor die vyfjaartydperk aanteken en naspoor.	Programme kan die behoefté aan evaluerings heel vroeg in die beplanningstadiums inbou en die nodige voorsiening vir evaluering in die begroting maak namate die program geïmplementeer word en resultate verkry word. Programme kan, met steun van die M&E-eenheid, aansoek doen vir finansiële ondersteuning d.m.v. die Provinciale Tesourie se Geprioritiseerde Evaluatingsfonds.
		Programme wat geïmplementeer is, moet geloofwaardige, toeganklike en beskikbare projekdatastelsels hé sodat prestasie nagegaan en vordering teen ons planne en prioriteite gemeet en gerapporteer kan word.

## 5.5 Programhulpbronnoorwegings

### Toewysing van Begroting aan Programme en Subprogramme

Subprogram		Geouditeer			Hoofbegroting	Gewysigde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermyn-besteding		
R'000		2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2019/20	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
1.	Kantoor van die Departementshoof	7 417	6 054	10 644	12 143	8 124	8 102	8 895	6 006	6 278
2.	Finansiële Bestuur	26 714	31 610	34 713	39 381	37 314	37 280	44 132	47 012	49 659
3.	Korporatiewe Dienste	17 525	20 403	12 296	16 031	15 167	15 223	14 907	16 060	16 588
<b>Totale betalings en skattings</b>		<b>51 656</b>	<b>58 067</b>	<b>57 653</b>	<b>67 555</b>	<b>60 605</b>	<b>60 605</b>	<b>67 934</b>	<b>69 078</b>	<b>72 525</b>
Ekonomiese klassifikasie R'000										
<b>Lopende betalings</b>		<b>49 421</b>	<b>53 456</b>	<b>53 356</b>	<b>61 517</b>	<b>56 565</b>	<b>56 564</b>	<b>61 810</b>	<b>62 788</b>	<b>65 939</b>
Vergoeding van werknemers		33 492	36 324	40 930	44 223	39 672	39 672	45 510	48 722	51 212
Goedere en dienste		15 929	17 132	12 426	17 294	16 893	16 892	16 300	14 066	14 727
<b>Oordragte en subsidies aan:</b>		<b>35</b>	<b>57</b>	<b>43</b>	<b>2</b>	<b>43</b>	<b>44</b>	<b>2</b>	<b>2</b>	<b>2</b>
Provincies en munisipaliteit										
Departementele agentskappe en rekening		3	3	4	2	5	4	2	2	2
Hoër onderwys-instansies										
Buitelandse regerings en internasionale organisasies										
Openbare korporasies en privaatondernemings										
Instansies sonder winsbejag										
Huishoudings		32	54	39		38	40			
<b>Betalings vir kapitale bates</b>		<b>2 125</b>	<b>4 500</b>	<b>4 189</b>	<b>6 036</b>	<b>3 940</b>	<b>3 930</b>	<b>6 122</b>	<b>6 288</b>	<b>6 584</b>
Geboue en ander nieroerende strukture										
Masjinerie en toerusting		2 123	4 500	4 189	6 036	3 940	3 930	6 122	6 288	6 584
Erfenisbates										
Gespesialiseerde militêre bates										
Biologiese bates										
Grond en ondergrondse bates										
Sagteware en ander ontasbare bates		2								
<b>Betalings vir finansiële bates</b>		<b>75</b>	<b>54</b>	<b>65</b>		<b>57</b>	<b>67</b>			
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>		<b>51 656</b>	<b>58 067</b>	<b>57 653</b>	<b>67 555</b>	<b>60 605</b>	<b>60 605</b>	<b>67 934</b>	<b>69 078</b>	<b>72 525</b>

### Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die behaal van uitsette

'n Bedrag van R67.934-miljoen vir die boekjaar 2020/21 is aan dié Program toegewys. Dit verteenwoordig 'n toename van R7.329-miljoen of 12,09 persent. Dié toename in begroting is om befondsing te verskaf vir die vul van broodnodige vakante poste in die Program wat vereis word om die hoë standarde van staatsbestuur wat in die Departement toegepas word, vol te hou.

Verder sal die Program ook die IKT-moderniseringsprogram binne die Departement dryf. In dié opsig sal die Program die IKT-vereistes van die Departement hersien en 'n vennootskap met die Sentrum van e-Innovering sluit om innovering op dié gebied te dryf.



## Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste

## 6. Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste

### 6.1 Doel

Om 'n instaatstellende sake-omgewing vir die skep van geleenthede vir groei en werksgeleenthede te bevorder en te ondersteun.

Om dit makliker te maak om sake te doen, het die mantra geraak wat deur die meeste ekonomiese – sowel ontwikkel as ontwikkelend – aanvaar is as 'n manier om ekonomiese potensiaal te ontsluit, innovering aan te moedig, meer mededingend te raak en uiteindelik werksgeleenthede te skep en te kweek. Die belang van die gemak van sake doen word nie net in Nasionale ekonomiese beleid en strategiedokumente weerspieël nie, maar word ook in die Wes-Kaap se Proviniale Strategiese Plan (PSP) beklemtoon.

Die terme "gemak van sake doen (GVSD)" (soos deur die Wêreldbank geskep as 'n naam vir sy indeks om ekonomiese te meet en te vergelyk), "bindende beperkinge" en "rompslomp" word dikwels afwisselend deur rolspelers en belanghebbendes gebruik. Die WKR se definisie van die GVSD gaan om die aansprek van (1) die bindende en sistemiese beperkinge en (2) die rompslomp van die Regering en sy agentskappe, wat ekonomiese groei en uiteindelik werksgeleenthede inperk. Eersgenoemde het te doen met daardie kritieke kwessies (bv. misdaad, onvoldoende vaardighede) wat uit komplekse lae bestaan en gewoonlik 'n multidissiplinêre benadering vereis. Laasgenoemde, nl. rompslomp, word hoofsaaklik tot (openbare) instansies beperk en skakel met kwessies soos wetgewing, stelsels en procedures.

Program 2 se benadering tot die verbetering van die GVSD sal onderlê word deur drie kategorieë van ingrypings wat elk deur die volgende subprogramme gedryf sal word.

### 6.2 Subprogram: Ondernemingsontwikkeling

#### 6.2.1 Doel

Om by te dra tot die skep van 'n instaatstellende sakeomgewing wat kleinsake en entrepreneurs bemagtig om te ontwikkel en te groei.

#### 6.2.2 Subprogram 2.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset Indicators	Jaarlikse teikens						
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie	MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
Groter gemak van sake doen	Besighede bygestaan d.m.v. die bevordering van entrepreneurskap en/of sake ondersteuningsingrypings	2.1 Getal besighede bygestaan	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	200	220	240

#### 6.2.3 Subprogram 2.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
2.1 Getal besighede bygestaan	200	-	-	70	130

## 6.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Klein, Medium en Mikro-ondernemings (KMMO's) vereis gevarieerde en volgehoue ingrypings oor tyd wat sal bydra tot hul volhoubaarheid en uitbreiding, wat die potensiaal het om bykomende werksgeleenthede te skep (of bestaande werksgeleenthede te onderhou) en by te dra tot die groei van die ekonomie. Die KMMO-ekostelsel work gekenmerk deur die lae koers van nuwe besighede van die grond af kry en die hoë vlak van besighede sluit, weens uitdagings soos toegang tot markte (plaaslik en buitelands), finansiering, inligting (rompslomp) en steun vir die ontwikkeling van besighede. Die skep van 'n toeganklike sakeondersteuning-ekostelsel is deurslaggewend vir die verbetering van die Gemak van Sake Doen (GVSD), sakevolhoubaarheid en bydrae tot ekonomiese groei en werkskepping. Die behoefté aan vennootskap, samewerking en interaksie tussen die openbare en privaatsektor en 'n samehangende benadering tot diensontwerp en -lewering om duplisering te verminder is van die uiterste belang om hierdie doelwit te behaal.

Daar is 'n splitsing tussen beleidsoogmerke en beleidsimplementering wat skakel met die fokus op die ontwikkeling van entrepreneurskap (d.i. vroue en die jeug) as een van die prioriteitsgebiede om die vlakte van werkloosheid aan te spreek. Die behoefté om die ekonomiese landskap in die Provincie te omvorm moet fokus op werklike en direkte ingrypings wat besighede uit verskeie aangewese kategorieë (bv. vroue, jongmense en mense met gestremdhede) bystaan en ondersteun. Dit is van die uiterste belang om struikelblokke (bv. toegang tot markte, befondsing, sosiale stigmas, geen sakesteunnetwerk, risiko's en vrees vir mislukking) wat potensiële en bestaande entrepreneurs negatief affekteer, te identifiseer en aan te spreek om te verseker dat besighede bevorder en ontwikkel word.

Die inisiatiewe sal fokus op die verskaffing van ondersteuning aan besighede wat in die Wes-Kaap gesetel is. Met gedefinieerde teikens gestel op 10%, 10% en 1% vir onderskeidelik vroue, jongmense en mense met gestremdhede, sal sekere ingrypings dié sakekategorieë in die Wes-Kaap verder bevorder.

Die volhoubaarheid en groei van KMMO's in die Provincie is belangrik om by te dra tot ekonomiese groei en werkskepping. Die ontwikkeling van 'n sterk entrepreneurskapskultuur en toeganklike sake-ekostelsel en -pyplyn wat op kleinsake in die Wes-Kaap fokus, sal bydra tot die gemak van sake doen, sakeveerkrachtigheid en mededingendheid. Die behaal van teikens is gegrond op vyf hefbome, naamlik (i) toegang tot markte, (ii) toegang tot finansiering, (iii) bydrae tot 'n entrepreneurskapskultuur, (iv) die skep van 'n pyplyn van KMMO's en die ondersteuning van die oorlewing en volhoubaarheid van besighede wat in 'n vroeë stadium verkeer, en (v) ondersteuning van township-gegronde besighede.

Die Ondernemingsontwikkelingsprogramme sal spesifieker die volgende VIP-gebiede in die boekjaar 2020/21 teiken om die gemak van sake doen te verbeter.

Steun vir VIP 2: Groei en Werkskepping, die PSP-fokusgebied rondom toenemende belegging en die uitbreiding van die ekonomie d.m.v. die groei van die uitvoermark. Die WKR se doel is om die Wes-Kaap te posisioneer om die uitvoermark uit te brei d.m.v. nuwe en bestaande markte en die identifisering van produkte, die bevordering van nuwe produkte en dienste vir bestaande en nuwe markte en die verwydering van struikelblokke in die weg van uitvoer. Een van die hoofkokusgebiede sluit die ontwikkeling van verhandelbare sektore in. Die lok van beleggingsgeleenthede sal deurslaggewend wees vir werkskepping, ekonomiese groei en die skep van 'n bevorderlike sakeomgewing. Die WKR sal die ekonomiese veerkrachtigheid van firmas in die Wes-Kaap aanmoedig deur die bevordering van verbeterde produktiwiteit, mededingendheid en uitvoer van verhandelbare sektore. Die GVSD-ingrypings sal probeer om die bindende en sistemiese beperkings sowel as die rompslomp in die Regering (regoor alle sfere) en sy agentskappe aan te spreek wat ekonomiese groei en uiteindelik werkskepping inhibeer. Die verbetering van die GVSD sal fokus op die ondersteuning van KMMO's wat in staat is om werk te skep en by te dra tot die groei en ontwikkeling van die ekonomie.

Steun vir VIP 5: Innovering en Kultuur, die PSP-fokusgebied rondom die ontwikkeling van 'n innoverende finansierings- en aanskaffingsraamwerk wat sal help om die struikelblokke by die lewering van die PSP-uitkomste te verminder. Innoverende befondsingsmodelle (bv. ko-befondsing tussen die Regering en eksterne vennote) behoort eerder nasionale befondsing wat van die Nasionale Tesourie af vloeи aan te vul as te vervang. Die Wes-Kaapse Ekonomiese Aanskaffingsbeleid (EAB) en die implementering daarvan sal 'n verenigde benadering verskaf wat fokus op die optimalisering van die ekonomiese impak van openbare aanskaffing in die Wes-Kaap, met 'n spesiale fokus op die ontwikkeling van KMMO's en besighede wat in townships, plattelandse gebiede en sekondêre dorpe gesetel is. Volgens die PSP is dit nie die reëls wat die probleem is nie, maar eerder die streng interpretasie daarvan deur staatsamptenare. Deur nuwe vlakke van innovering na te jaag, sal dit 'n positiewe, instaatstellende omgewing vry van beperkende (en onnodige) regulasies help skep wat daartoe sal bydra dat individue en besighede nuwe innoverings, ontwerpe en modelle sal uitprobeer in hul soeke na oplossings vir die uitdagings wat hulle ondervind.

## **Fokusgebied 1: Toegang tot Markte**

Toegang tot markte (plaaslik en uitvoer) is die beperkendste faktor vir besighede en ten spyte daarvan dat finansiering of sakeontwikkelingsteun beskikbaar is, vereis dit toegang tot markte om sake volhoubaar te kan bedryf, die GVSD te verbeter en uitvoer te laat toeneem. Kleinsake word gekonfronteer met beperkte toegang tot markgeleenthede (plaaslik en uitvoer), beperkte markintelligensiekapasiteit en ongereeheid, veral waar hulle onderwerp word aan die verskaffing van nie-kernprodukte en -dienste in die aanvoerkettings. Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) meen dat 'n strategie om kleinsake te bevorder nie sukses kan behaal sonder om die uitdaging van toegang tot gevestigde aanvoerkettings aan te spreek nie. Die uitbreiding van uitvoer deur plaaslike firmas en toerisme, sowel as die uitskuif van invoer ten gunste van plaaslike produkte en dienste, sal 'n direkte impak op die ekonomie hê. Dié bykomende verhandelbare aktiwiteit sal 'n direkte impak hê deur ekonomiese skakels in die waardekettings van verskillende nywerhede te verbeter, en 'n indirekte impak deur die produktiwiteit en mededingendheid van sektore te verbeter. Dit is van deurslaggewende belang om die kapasiteit van uitvoerders te ontwikkel om sodoende produktiwiteit, mededingendheid en innovering 'n hupstoot te gee.

Toegang tot geleenthede in die privaatsektor sal fokus op gebiede soos die Ontwikkeling van Onderneming en Verskaffer (OOV/ESD) en die passing en sluit van vennootskappe tussen klein, medium en groot ondernemings (bv. besigheid-tot-besigheid-geleenthede). Om KMMO's in staat te stel om hulle voor te berei om toegang tot buitelandse markte te verkry, sal veral deurslaggewend wees om hul reikwydte uit te brei. Die nodige oorweging sal geskenk word aan die uiteenlopende behoeftes aan marktoegang binne die openbare en privaatsektor, tussen besighede in verskillende stadiums van hul lewensiklus en besighede in die formele - insluitende township- - sektor (bv. besighede wat die kapitaal- en vervaardigingskapasiteit het om groot bestellings te lever) of die informele sektor (bv. toegang tot Regeringstenders en -kontrakte), met die doel om die GVSD te verbeter en die uitvoer van verhandelbare goedere te bevorder. In die najaag van toegang tot uitvoermarkte sal township- en informele besighede eers die waardeketting wat deur uitvoergeleenthede verskaf word, betree.

## **Fokusgebied 2: Toegang tot finansiering**

Toegang tot finansiering is een van die grootste uitdagings vir nuwe besighede en KMMO's wat hul vermoë om in die mark mee te ding beperk. Om toegang tot finansiering en sakeontwikkelingsteun te verkry, sal die vermoë van KMMO's verbeter om toegang tot markgeleenthede te kry of hul werksaamhede uit te brei en meer mededingend en produktief te raak. Uitvoerders vereis 'n toepaslike ekostelsel van ondersteuning in terme van toegang tot finansiering, toegang tot inligting en die steun van die Regering. 'n Kernfokus sal inhoud om toegang tot finansiering te gebruik om toegang tot markte te ontsluit, wat só die koste van geld leen sal verlaag, omkeertye sal verbeter, gehoorgewingskriteria tot die minimum sal beperk, finansiering sal kontrakteer en 'n platform sal verskaf waar KMMO's toegang tot befondsingsgeleenthede kan kry en hul kapasiteit ontwikkel om hulle voor te berei om toegang tot befondsing te kry. Die KMMO-sektor verskaf 'n grootliks onontgindie markgeleenthed vir innoverende befondsers wat nuwe uitleenmodelle kan ontwikkel om die uitdagings van dié ontluikende mark aan te spreek. Hierdie mark is oor die algemeen nie gereed vir finansiering nie en het nie die kennis om befondsing te verkry nie. Daarbenewens word hulle gekonfronteer met hoë soekkoste, 'n tekort aan en swak kredietgeskiedenis, onvoldoende kollateraal, 'n tekort aan vaardighede en kennis om finansiële state te produseer en volg hulle dikwels swak sakemodelle na. Deur toegang tot finansiering te faciliteer, sal dit die GVSD verbeter deur besighede in staat te stel om toegang te verkry tot laekoste-befondsing en/of skenkings wat hulle in staat stel om in die mark mee te ding.

## **Fokusgebied 3: Ontwikkeling van township-gegronde besighede**

Suid-Afrika se township-ekonomie (formele en informele besighede) groei teen 'n pas wat nie deur die formele sektor geëwenaar kan word nie en is lewendig met 'n heterogene mengsel van besighede met aansienlike bestebare inkomste. Strategieë wat fokus op waardetoevoegingsnywerhede (bv. ligte vervaardiging) in die townships, met die verskaffing van finansiering wat in hierdie rigting neig, is van kritieke belang. Besighede in die vervaardigingsbedryf ding dikwels mee met produkte wat internasionaal verhandelbaar is en staar baie uitdagings in die gesig. Daarom het hulle ondersteuning nodig om mededingender en produktiever te raak. Township-besighede word egter - net soos die meeste kleinsake - gekonfronteer met vele struikelblokke in die weg van oorlewing, wat insluit toegang tot markte, bekostigbare finansiering, grondbesit, inligting, gebrek aan entrepreneurskapitaal, netwerk, rompslomp, sonering en dorpsbeplanningsregime, gebrek aan bekostigbare ruimte en behoorlike infrastruktuur, misdaad, mededinging van gevestigde en groter besighede en toegang tot sakeontwikkelingsteun.

Die township-strategie om besighede in dié gebiede te ondersteun, sal op die volgende ingrypings fokus wat daarop gemik is om die GVSD te verbeter:

- (i) Toegang tot markte
- (ii) Toegang tot finansiering
- (iii) Rompslompvermindering
- (iv) Toegang tot toepaslike infrastruktuur om besighede by te staan
- (v) Geteikende ondersteuningsbesighede vir voor- en beginbesighede (bv. vorendag kom met idees, opleiding en mentorskap).

#### **Fokusgebied 4: Ontwikkelingsteun voor en na besighede op die been gebring word**

Die fase voordat 'n besigheid op die been gebring word, behoort te fokus op die voorbereidingstadium om 'n besigheid van die grond af te kry en die entrepreneur behoort die sakepotensiaal-energie (begeerte, opgewondenheid, veerkrachtigheid en motivering) te hê om die idee te implementeer. Entrepreneurs en die eienaars van ondernemings moet oor die vereiste deskundigheid, geloofwaardigheid en leierskap van denke beskik om 'n besigheid te begin en te bestuur. Vir die meeste besighede is die verskaffing van aanvraaggedrewe ingrypings deurslaggewend vir sukses. Dit sluit in die verskaffing van inligting; die bekendstelling van nuwe sakemodelle of nuwe produkte/dienste; die verskaffing van tegniese bystand en opleiding of steun met die bou van kapasiteit. Die lewensvatbaarheid van die totstandkoming van nuwe Kleinsake-ondersteuningsentrum(s) of die heraanwending van bestaande instansies in munisipaliteite sal aangebied word om die ondersteuning van besighede voor en net nadat hulle op die been kom, te verbeter. Gefokusde sakesteunprogramme regoor die Provinse sal in vennootskap met munisipaliteite en ander belanghebbendes (bv. die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap [Seda], Kleinsakefinansieringsagentskap [Sefa] en die Nasionale Bemagtigingsfonds [NBF]) onderneem word.

Om by te dra tot die skep van 'n instaatstellende sakeomgewing en om toepaslike sakeontwikkelingsteun aan besighede te verskaf, is deurslaggewend om hulle in staat te stel om hul bedrywighede uit te brei en werk te skep. Die keuse van toepaslike ingrypings gebaseer op die lewensiklus, stadium van ontwikkeling en grootte van die besigheid is van kritieke belang om die uitkomste van die uitbreiding van besighede en die hefboming van fondse te behaal. Die behoeftte aan vennootskap, samewerking en interaksie tussen die publiek en privaatsektor en 'n samehangende benadering tot diensontwerp en -lewering om duplisering te verminder is noodsaklik om dié doelwit te behaal en die GVSD te verbeter.

Die strategiese benadering sal bydra tot die skep van 'n instaatstellende omgewing d.m.v. vennootskappe, die doeltreffende koördinering en integrering van pogings onder sakeontwikkelingsteun-organisasies (finansieel en niefinansieel), toegang tot markte, die vermindering van wetgewing en prosesse wat struikelblokke oplewer, die ontwikkeling van 'n kultuur van entrepreneurskap en toegang tot inligting wat die ontwikkeling en groei van volhoubare, mededingende, innoverende en veerkrachtige besighede bevorder.

Die "dink klein-" eerste beginsel vereis dat wetgewing, regeringsprosesse en procedures meer KMMO-vriendelik raak, wat vennootskappe en die deelname van die privaatsektor sal aanmoedig om hulpbronne te hefboom en projekte te skaal, wat weer transformasie en bemagtiging onder aangewese groepe en geskiedkundig agtergeblewe individue sal versnel deur maatreëls wat hul spesifieke behoeftes pas.

Die suksesvolle implementering van die uitsette sal lei tot besighede wat uitbrei en fondse wat gehefboom word.

### 6.2.5 Subprogram 2.1: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Verbeterde gemak van sake doen	Gebrek aan strategiese samehang tussen staatsdepartemente en sakeontwikkelingsteun-organisasies weens 'n gebrek aan ooreenstemming en koördinering inhibeer doeltreffende implementering van programme gemik op ontwikkeling van KMMO's.	<ul style="list-style-type: none"> <li>Fasiliteer kontak tussen openbare sektor-organisasies om implementeringsuitkomste te verbeter.</li> <li>Identifiseer en vorm vennootskappe met gevvestigde organisasies met die kapasiteit om gehaltdienste aan KMMO's te lewer.</li> <li>Versterk verhoudings met Ontwikkelingsfinansieringsinstansies (OFI's) (bv. Sefa) om die opneem van finansiële produkte te verhoog.</li> <li>Ontwikkel 'n omvattende mediabewustheidsveldtog d.m.v. verskeie media wat alle geïdentifiseerde belanghebbendes betrek.</li> </ul>
	Gebrek aan deelname deur relevante KMMO-belanghebbendes en/of ontoereikende deelname van besighede en/of verbintenis deur privaatsektor-vennote rondom die implementering van KMMO-programme weens verskillende prioriteit van fokus sal lei tot die onvermoë om die GVSD en die skep en onderhoud van 'n instaatstellende sakeomgewing te verbeter.	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verseker inkoop en verbintenis d.m.v. konsultasie met relevante belanghebbendes en vennote, betyds en konstant.</li> <li>Verseker gereelde kommunikasie met relevante belanghebbendes en vennote om hulle ingelig te hou oor ontwikkelingsbewustheid vol te hou en inkoop en verbintenis te versterk.</li> <li>Doeltreffende gebruik van alle relevante bestaande platforms (openbare en private), om te verseker dat vennote ingelig bly.</li> <li>Geetikende begunstigdes moet versoek word om deelname te bevestig.</li> </ul>
	Die onvermoë om strategiese vennootskappe te ontwikkel om hulpbronne te hefboom, projekte te skaal en ekonomiese skaal te ontwikkel, wat veroorsaak word deur verskillende prioriteit, fokusgebiede en/of begrotingsbeperkinge, sal lei tot ondoeltreffende en ondoelmanlike dienslewering.	<ul style="list-style-type: none"> <li>Maak binne die Departement voorspraak vir bykomende hulpbronne.</li> <li>Ontwikkel vennootskappe met die privaatsektor en staatsbelanghebbendes.</li> <li>Uitgebreide gebruik van media (d.i. sosiale media, radio en koerante) om bewustheid oor die inisiatief te skep.</li> </ul>

### 6.3 Subprogram 2.2: Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling

#### 6.3.1 Doel

Om geleenthede vir werk en inklusiewe groei regoor distrikte en plaaslike ekonomiese ontwikkeling te skep.

#### 6.3.2 Subprogram 2.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Verbeterde GVSD	Munisipale GVSD - besigheids-ingrypings ondersteun	2.2 Getal munisipale GVSD - besigheids-ingrypings ondersteun	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	6	6	6	

### 6.3.3 Subprogram 2.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
2.2 Getal municipale GVSD-besigheidsingrypings ondersteun	6	-	-	2	4

### 6.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Vir die WKR om goeie staatsbestuur vol te hou en uit te bou, en om werk te skep en die ekonomie te laat groei, moet die Provincie munisipaliteite ondersteun om ruimtelike ekonomiese ontwikkeling te verseker. Gegewe dat Provinciale departemente hul programme en projekte binne munisipale ruimtes implementeer, sal dit die aanvaarding van 'n inklusiewe benadering tot ekonomiese ontwikkeling insluit.

In 2018 is verskeie munisipale prioriteite regoor die Provincie geïdentifiseer d.m.v. die assessering van munisipale Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (IOP's) en provinsiale-munisipale interaksie. Munisipale prioriteite sluit in plaaslike ekonomiese ontwikkeling, verstedeliking, die bestuur van infrastruktuur, institusionele staatsbestuur, die belyning van interregeringsbeplanning en venootskappe, databestuur, finansiële volhoubaarheid, sakefrontdienste, afval- en waterbestuur, en politieke, administratiewe en sosiale stabiliteit. Elke distrik het spesifieke prioriteite vir aandag geïdentifiseer wat goedgekeur is binne die onderskeie interregering-verhoudingstrukture wat die WKR se Gesamentlike Distriksbenadering (GDB) oor enkele implementeringsteunplanne per distrik onderlê. Ondersteuning van munisipaliteite word beskou as 'n hoofinstaatsteller om dié Departement se prioriteite te verwesenlik.

Munisipale ondersteuningprogramme sal spesifiek die volgende VIP-gebiede oor die volgende tydperk teiken:

Om VIP 2: Groei en Werksgleenthede te ondersteun, sal die PSP-fokusgebied rondom toenemende belegging ondersteun word. Die WKR mik daarna om die Wes-Kaap as 'n voorste beleggingsligging te posioneer d.m.v. die bevordering van beleggings, die verwydering van struikelblokke in die weg van belegging, en belegging in katalitiese infrastruktuur om beleggingsgeleenthede te lok. Om die besigheidsinstaatstellende omgewing te verbeter is nie net belangrik nie, maar daar is ook 'n behoeftie vir die Regering om hom in staat te stel om meer doeltreffend en doelmatig sake te doen. Gemak van sake doen- (GVSD-) ingrypings sal probeer om sistemiese beperkinge sowel as rompslomp regoor munisipaliteite aan te spreek wat ekonomiese groei en uiteindelik werkskepping inhibeer. Verder sal ingrypingsgebiede die verbetering van die regulatoriese omgewing deur spesifieke munisipale GVSD-inisiatiewe op te skaal, insluit. Die Departement sal ook inisiatiewe op munisipalevlak ontwikkel om te verseker dat daar toepaslike traksie is vir die verbeterde streekwye verspreiding van sake doen.

Belegging vind plaas in 'n munisipale konteks en vereis 'n bevorderlike omgewing om volle potensiaal te bereik d.m.v. die doeltreffende en doelmatige gebruik van openbare infrastruktuur om seker te maak dat ekonomiese lewendig, produktief en mededingend raak. Munisipaliteite sal ondersteun word om meer aantreklik en beleggingsvriendelik te raak deur met die onderskeie ekonomiese strategieë te skakel. Verder, as steun vir VIP 2 (Groei en Werksgleenthede), sal die PSP-fokusgebied oor die bou en onderhoud van infrastruktuur aandag ontvang deur munisipaliteite te help om beplanning te verbeter om 'n "portefeuille van implementeringsgereed" projekte te verseker. Steun sal gekoördineer word om die ontwikkeling van 'n pyplyn van volhoubare, katalitiese en geïntegreerde infrastruktuurprojekte te bevorder.

Met VIP 4: Mobiliteit en Ruimtelike Transformasie wil die Departement graag steun verleen aan die skep van ruimtelik en ekonomies lewensvatbare groepunte binne bestaande stede en leiersdorppe wat opgebou kan word as sentrums van ekonomiese geleentheid en inklusiwiteit. Hierdie is liggings vir gesamentlike regeringsbelegging om privaatsktor-response teen skaal te hefboom en 'n impak op die stedelike ekonomie, broodwinning en inklusiwiteit uit te oefen. Met VIP 5: Innovering en Kultuur is die fokus op sowel Provinciale as munisipale sfere van regering en is dit gegrond op die Gesamentlike Ontwikkelingsagentskap (GOA) en Hele Gemeenskap-benadering (WOSA) wat gebiedgegronde benaderings soos die Streeks- Sosio-ekonomiese program (SSEP) en WOSA wil bou om groter toegang tot ekonomiese geleenthede en steun vir infrastruktuurbelegging met groter impak te verseker.

Transversaal sal die Departementele benadering tot die verskaffing van munisipale steun koersvastheid vereis met die bymekaarvoeg van diverse ekonomiese inligting van liggings en streke (munisipaliteit). Dit sal vereis dat die Provinsie 'n duidelike ekonomiese uitkyk het en munisipale ekonomieë ondersteun om sekerheid te skep wat tot groei en werksgleenthede sal lei. Om die voorgestelde uitkomste te behaal, sal daar van die WKR en munisipaliteit vereis word om saam te werk op gedeelde ekonomiese agendas wat veral die doelwitte van Uitkomste 4, 6 en 9 van die MTSR versterk. In die loop van die volgende vyf jaar sal responsiewe programme wat ekonomiese aktiwiteit stimuleer en die gemak van sake in munisipaliteit doen toepaslik ondersteun, ontwikkel, in aksie omgeset en geassesseer word deur oorwoë metodologieë te gebruik om te verseker dat die impak op ekonomiese transformasie-prioriteite gemaksimeer word.

Die bydrae van GVSD-ondersteuningsprogramme wil ekonomiese groei en plaaslike produktiwiteit stimuleer op 'n manier wat sakevertroue en werkskeppingsvoortsigte in plekke verbeter. Die verandering waarna ons strewe, is die vermoë van streke om suksesvol in 'n reeks ekonomiese aktiwiteite mee te ding wat 'n verbetering in die ekonomie teweeg sal bring, en hul verbeterde vermoë om tot Provinsiale ontwikkeling by te dra deur hul eie pogings en deur interaksie met die res van die Provinsie. Die Departement se ambisie is om meer produktiewe streke te sien ontluk wat lewensvatbare, veerkrachtige en/of mededingende plaaslike ekonomieë het.

### **6.3.5 Subprogram 2.2: Hoofrisiko's**

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Verbeterde GVSD	Ontoereikende vermoë by munisipaliteit wat veroorsaak is deur 'n gebrek aan kapasiteit sal 'n negatiewe effek uitoefen op ekonomiese beplanning en uitvoering, wat weer die vermoë sal ondermy om 'n instaatstellende sakeomgewing te verskaf om inklusiewe ekonomiese groei te ondersteun.	Bepaal munisipale kapasiteit en implementeer kapasiteitsondersteuning soos vereis.
	Munisipale ekostelsels werk teen minder as optimaal weens die gebrek aan samehang onder belanghebbendes wat kan lei tot mislukking om genoegsame waardetoevoegingsteun te verskaf wat inklusiewe ekonomiese groei in streke genoegsaam stimuleer.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bepaal en onderhou interregeringsverhoudinge (IRV)'s in gesamentlike beplanning en aksie om responsiwiteit tot munisipale en sakeprioriteite te verseker.</li> <li>• Ondersteun Provinsiale voorspraakagendas en -inisiatiwe om munisipale ekostelsel-rolspelers te versterk.</li> <li>• Ondersteun die uitvoer van geografiese stimulasie-ingryping.</li> </ul>

## 6.4 Subprogram 2.3: Ekonomiese Bemagtiging

### 6.4.1 Doel

Om die proses van bemagtiging en die skep van 'n instaatstellende sakeomgewing vir IRV's te faciliteer.

## 6.5 Subprogram 2.4: Rompslompvermindering

### 6.5.1 Doel

Om die sakeomgewing te verbeter deur die regulatoriese las op besighede te verklein d.m.v. verbeterde wetgewing, prosesse en kommunikasie.

### 6.5.2 Subprogram 2.4: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geoudideerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20		2020/21	2021/22	2022/23
Verbeterde GVSD	GVSD-besigheids-ingrypings ondersteun	2.3 Getal GVSD-besigheids-ingrypings ondersteun	-	-	15	7		6	6	6

### 6.5.3 Subprogram 2.4: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
2.3 Getal GVSD-besigheids-ingrypings ondersteun	6	1	2	2	1

### 6.5.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Toenemende "gemak van sake doen"- (GVSD-) ingrypings (insluitende rompslompvermindering) gaan voort om groot voordele vir ekonomie wêreldwyd te lewer. Om sulke ingrypings in te stel, maak dus sin uit die oogpunt van sowel ekonomiese groei en werkskepping as die verbetering van die Provinse se reputasie as 'n beleggingsbestemming. Die strekteikens wat vir rompslomp-kostebesparings gestel is en toenemende ekonomiese voordele wat uit sulke ingrypings spruit is ambisieus en moontlik selfs aspirerend, maar kan behaal word as dit deur streng politieke (beleids-) en bestuursmandate ondersteun word, sowel as deur die organisatoriese kultuur wat verskans moet word as een van die strategiese doelwitte van die Eenheid se benadering. Die ingrypings wat beplan is om die uitsette te behaal, sal uitgesoek word om 'n doeltreffender regulatoriese omgewing en 'n responsiever Proviniale regering te weeg te bring; stem ooreen met die Nasionale Ontwikkelingsplan (wat betref regulatoriese sekerheid en institusionele hervormings en 'n instaatstellende sakeomgewing), en steun ook die Afrika-agenda 2063 in hul strewe na inklusiewe ekonomiese groei met 'n fokus op vroue en die jeug.

Die Departement wil die Wes-Kaap vestig as die beste streeksekonomie in Afrika. Om daardie doel te kan bereik, vereis 'n "Oop vir Besigheid"-kultuur om die ekonomie uit te brei en broodnodige werksgeleenthede te skep. Daar is bewys dat toenemende GVSD (insluitende geteikende rompslompverminderinginitiatiewe) 'n doeltreffende strategie is om ekonomiese groepotensiaal te ontsluit. Die meet van die impak van sulke ingrypings is van die uiterste belang by die vestiging en verskansing van die bogenoemde "Oop vir Besigheid"-benadering as die kenmerk, handelsmerk en aantrekkskrag van die Proviniale ekonomie.

Die GVSD -ingrypings sal die volgende strategiese fokusse van die WKR ondersteun:

VIP 2: Groei en Werksgeleenthede – Die ondoeltreffendheid van die uitvoerstelsel sal aangespreek word met verwysing na die eerste Apex-prioriteit om uitvoer uit te brei. Die ingrypings sal fokus op die onderskeie faktore wat 'n impak het op doeltreffendheid op dié gebied en dit op die oomblik in gevaar stel – fisiese infrastruktuur in die hawe- en aanvoergebiede, soos houerdepots; toerusting; sagtewarestelsels; verkeerbeheer en dokumentêre vereistes

wat die hawewerksaamhede in ooreenstemming wil bring met internasionale beste praktyk en regulatoriese of gehoorgewingstruikeblokke wat die groei van uitvoerhandel beperk, wil verwyder of verminder. Groter doeltreffendheid en afvalvermindering sal nagestreef word uit die oogpunt van sowel die Regering (departemente, munisipaliteit en agentskappe) en die privaatsektor-rolspelers (produsente/vervaardigers, vervoermaatskappye, stoorsafiliteit/depot-operateurs, verskeingsagente en uitvoeragentskappe). Breedweg gesproke, wil die GVSD-ingrypings die bindende en sistemiese beperkings (bv. misdaad) sowel as die rompslomp in die Regering (in alle sfere) en sy agentskappe aanspreek wat ekonomiese groei en uiteindelik werkskepping inhibeer.

VIP 5: Innovering en Kultuur – Daar is bewys dat die toenemende GVSD 'n positiewe impak t.o.v. ekonomiese groei en ontwikkeling lewer. Daarby help hoër vlakke van innovering om 'n positiewe, instaatstellende omgewing te skep wat vry is van beperkende (en onnodige) regulasies wat daartoe bydra dat individue en besighede nuwe innoverings, ontwerpe en modelle uitprobeer in die soek na oplossings vir die uitdagings wat hulle ervaar. Die Eenheid se ingrypings wil innovering inspan en daarop kapitaliseer as 'n dryfkrag vir die soek na oplossings. Daarby sal dit regoor departemente (en veral met die Departement van die Premier [DvdP]) saamwerk om kultuur en gedragsverandering te gebruik om die lewering van sakefront-dienste "burgervriendelik" te maak (met besighede wat as ekonomiese burgers beskou word), in ooreenstemming met VIP 5 se uitkomste van "Positiewe diensgebruiker-ervaring" en "Verbetering in doeltreffendheid van staatsdienste aan burgers".

Die volgende strategiese fokusgebiede is geïdentifiseer vir die behaal van bogenoemde: Verbeterde **gevallebestuur** (met verbeterde tendensontleding, kliëntetevredenheid-assessering en terugvoerlusse); **wetgewende hervormings** (as 'n strategie om die verbetering van die GVSD te verwesenlik en te fasiliteer, en om die skep van 'n verbeterde regulatoriese omgewing in die Provinsie te versnel); **die verbetering van die doeltreffendheid van prosedures en administratiewe stelsels; ekonomiese voorspraak en skakeling tussen die Regering en die sakewêreld** (om 'n benadering van ekonomiese leierskap en diensleweringsuitmuntendheid onder amptenare te kweek en om platforms te vestig vir WKR-departemente, munisipaliteit en die sakesektor om met mekaar te skakel, van mekaar te leer en mekaar te ondersteun met die doel om die gedeelde doelwitte van ekonomiese groei en werkskepping te behaal); en laastens, die **meet en indeksering en monitering & evaluering (M&E)** gegrond op internasionale beste praktyk, maar relevant tot en geskik vir plaaslike (Provinsiale) toestande om die impak van ingrypings te meet en te verseker dat die maksimum waarde vir geld verkry word vir die fondse en moeite wat daarin gestort is.

Die uitkoms-aanwyser vir dié Subprogram skakel uiteraard met die Visie-geïnspireerde Prioriteite en die Apex-prioriteit van 'n toename in uitvoer teweegbring, aangesien daar bewys is dat 'n toename in die GVSD en die vermindering van die koste van sake doen die mededingendheid en produktiwiteit van die verhandelbare sektore verbeter. Op sy beurt sal dit groei en belegging stimuleer om indiensneming te verbeter. Daar is 'n duidelike skakel tussen die regulatoriese omgewing, GVSD, ekonomiese groei en werkskepping. Gegrond op modelle wat in Internasionale Arbeidsorganisasies-(IAO-) studies gebruik is, sou rompslomp waarskynlik ongeveer R20-miljard (ongeveer 3% van BNP) tot die koste van sake doen in die Wes-Kaap in 2018 toegevoeg het. Die meet van sulke kostes, sowel voor as ná ingryping deur die Regering, is dus noodsaaklik as 'n aanwyser van beide die voorafbestaande status en die vordering wat gemaak is met die skep van 'n bevorderlike sakeomgewing in die Provinsie. Verder geld die aanwyser vir alle staatsdepartemente en munisipaliteit, wat die kritieke behoeftes aan interregeringsnetwerking, -samewerking en -integrasie onderstreep.

Die behaal van die uitkomsteiken sal ondersteun word deur ingrypings wat op getuienis gegrond is wat uit 'n ryk navorsingsagtergrond kom; voortgesette interaksies met die sakewêreld; die ontleding van sake wat by die Eenheid aangegee, ondersoek en opgelos word (of in die proses van oplossing is); en impakassesserings wat op vorige, huidige en toekomstige ingrypings uitgevoer word en - oor die algemeen - die behoeftes van die teikenmark (begunstigdes) van die ingrypings.

Die spesifieke gebiede vir ingryping sal uitgesoek word met verwysing na die WKR se primêre strategiese doelwitte van ekonomiese groei en werkskepping en die Apex-prioriteit van toename in uitvoer, sowel as met spesifieke oorweging van maksimum potensiële voordeel (sowel in terme van rompslomp-kostebesparings as ekonomiese voordeel) wat gelewer kan word. Terwyl die gestateerde uitset 'n algemene een is, sal faktore soos sektorprioritisering; die heersende plaaslike (Provinsiale) ekonomiese toestande en internasionale ekonomiese tendense en toestande sowel as die geïdentifiseerde beperkings op die GVSD gebruik word om die optimale gebiede vir uitset-ingrypings te bepaal. Voortgesette ontleding sal uitgevoer word oor die behoeftes van die sakewêreld as die primêre kliënt en teikenmark vir ingrypings, sowel as departemente en munisipaliteit as lewingsagente en administrateurs van sakefrontdienste as die primêre kriterium om te besluit watter spesifieke ingrypings uitgevoer moet word.

Die Rompslompverminderingseenheid sal aansienlik meer hulpbronne nodig hê om 'n uitgebreide mandaat te verwesenlik en 'n uitkomsteiken te behaal wat eksponensieel oor die huidige mediumtermyn toegeneem het, vergeleke met die vorige een. Die Eenheid se werk sal baie meer ruimtelik in die implementering daarvan raak, namate dit ingrypings op voetsoolvlak wil bekendstel en/of ondersteun, sowel binne departemente (Provinsiaal sowel as Nasionaal) as munisipaliteite. Die Eenheid sal nogtans daarna streef om platforms vir die deel van kennis, samewerking en gesamentlike implementasie te skep met die doel om sy eie en sy vennote se pogings en hulpbronaanwendings te maksimeer. Platforms wat in die vooruitsig gestel word, soos 'n nasionale GVSD-werkgroep en die onlangs aanvaarde Gesamentlike Distrik-benadering (JDA), sowel as bestaandes soos die WOSA, sal benut word om maksimum impak met die optimale gebruik van hulpbronne te behaal.

#### **6.5.5 Subprogram 2.4: Hoofrisiko's**

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Verbeterde GVSD	Die onvermoë om GVSD-inisiatiewe te implementeer wat veroorsak is deur die gebrek aan verbintenis en/of deelname deur Provinsiale en Nasionale staatsdepartemente en/of munisipaliteite sal lei dat daar misluk word in die verbetering van sakefrontdienste en/of die sake/regulatoriese omgewing.	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verkry formele verbintenis d.m.v. betyds en voortgesette konsultasie met leierskap in departemente en munisipaliteite.</li> <li>Gereelde kommunikasie met departemente en munisipaliteite om hulle ingelig te hou oor ontwikkelinge.</li> <li>Gee betyds kennis van implementering en moontlike veranderinge wat in die vooruitsig gestel word.</li> </ul>



## Program 3: Handels- en Sektorale Ontwikkeling

## 6.6 Programhulpbronoorweging

### Begrotingstoewysing aan Program en Subprogramme

Subprogram		Geouditeer			Hoofbegroting	Gewysigde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermyn-besteding		
R'000		2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2019/20	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
1.	Ondernemingsontwikkeling	23 496	22 314	28 735	48 146	46 571	46 776	48 499	36 402	38 642
2.	Streeks- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling	6 415	6 828	7 906	7 906	10 093	10 129	6 168	6 288	6 640
3.	Ekonomiese bemagtiging									
4.	Rompslomp	11 750	8 032	9 509	12 313	11 776	11 535	24 023	38 157	40 004
<b>Totale betalings en skattings</b>		<b>41 661</b>	<b>37 174</b>	<b>46 150</b>	<b>68 365</b>	<b>68 440</b>	<b>68 440</b>	<b>78 690</b>	<b>80 847</b>	<b>85 286</b>
Ekonomiese klassifikasie R'000										
<b>Lopende betalings</b>		<b>29 016</b>	<b>30 091</b>	<b>32 962</b>	<b>54 364</b>	<b>33 512</b>	<b>33 502</b>	<b>59 181</b>	<b>76 420</b>	<b>80 651</b>
Vergoedeing van werknemers		16 184	17 602	18 351	22 740	20 309	20 309	28 517	47 297	49 717
Goedere en diensterent on land		12 832	12 489	14 611	31 624	13 203	13 193	30 664	29 123	30 934
<b>Oordragte en subsidies aan:</b>		<b>12 375</b>	<b>6 285</b>	<b>13 122</b>	<b>14 000</b>	<b>34 928</b>	<b>34 928</b>	<b>19 509</b>	<b>4 427</b>	<b>4 635</b>
Provinsies en munisipaliteit						6 100	6 100	1 110		
Departementele agentskappe en rekening		2 900								
Hoër onderwys-instansies								1 600		
Buitelandse regerings en internasionale organisasies										
Openbare korporasies en privaatondernemings		5 950	3 530	7 877	9 000	11 952	11 952	12 976	4 427	4 635
Instansies sonder winsbejag		1 500	2 000	5 000	5 000	16 530	16 530	4 823		
Huishoudings		2 025	755	245		346	346			
<b>Betalings vir kapitale bates</b>		<b>256</b>	<b>783</b>	<b>66</b>	<b>1</b>		<b>1</b>			
Geboue en ander nie-roerende strukture										
Masjinerie en toerusting		255	783	66	1		1			
Erfenisbates										
Gespesialiseerde militêre bates										
Biologiese bates										
Grond en ondergrondse bates										
Sagteware en ander ontasbare bates		1								
<b>Betalings vir finansiële bates</b>		<b>14</b>	<b>15</b>				<b>9</b>			
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>		<b>41 661</b>	<b>37 174</b>	<b>46 150</b>	<b>68 365</b>	<b>68 440</b>	<b>68 440</b>	<b>78 690</b>	<b>80 847</b>	<b>85 286</b>

### Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die behaal van uitsette

Die behaal van die uitsette van die Program en uiteindelik die Program se bydrae tot die Departementeel en Proviniale strategiese uitkomste is nou verweef met die verskaffing van toereikende hulpbronne. Om sy mandaat uit te voer soos hierbo uiteengesit, het die Program 'n hoofbegroting van R78.69-miljoen, wat sy vergoeding van werknemers en bedryfsbegroting van onderskeidelik R28.517-miljoen en R1-miljoen insluit.

Toereikende menslike hulpbronne met die vereiste vaardighede sal die grondslag vir ingrypings bied, bv. die ontsluiting en/of verwydering van stelsels of regulatoriese hindernisse wat 'n aansienlike impak op ekonomiese groei het. Die Program sal 'n uitgebreide organisatoriese ontwikkelingsoefening ondergaan om te bepaal watter struktuur (en funksies) die beste sal werk om sy verantwoordelikhede uit te voer.

## 7. Program 3: Handels- en Sektorale Ontwikkeling

### 7.1 Doel

Om ekonomiese groei in getekende sektore te stimuleer d.m.v. nywerheidsontwikkeling en die bevordering van handel en belegging.

### 7.2 Subprogram 3.1: Die Bevordering van Handel en Belegging

#### 7.2.1 Doel

Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en belegging te verskaf om hom in staat te stel om sy mandaat uit te voer, soos gedefinieer in die Wet op Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 1996 (Wet 3 van 1996), soos gewysig.

#### 7.2.2 Subprogram 3.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie	MTBR-tydperk			
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Toename in uitvoer	Hersiening van Wesgro-handelbevordering	3.1 Getal Handelsbevordering-hersieningsverslae opgestel	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	4	
Groter Rand-waarde van belegging	Hersiening van Wesgro-handelbevordering	3.2 Getal Handelsbevordering-hersieningsverslae opgestel	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	4	

#### 7.2.3 Subprogram 3.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
3.1 Getal Handelsbevordering-hersieningsverslae opgestel	4	1	1	1	1
3.2 Getal Handelsbevordering-hersieningsverslae opgestel	4	1	1	1	1

#### 7.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die prioriteite wat onder hierdie subprogram geïdentifiseer is, stem ooreen met die VIP 2 wat groei en werksgleenthede ondersteun, MTSR-prioriteit 1 van Ekonomiese Transformasie en Werkskepping, die PSP-agenda, Nasionale Beleide en Strategieë sowel as die Departement se vyfjaar-strategieplan.

Wesgro ('n skedule-3- openbare entiteit) se strategiese magte, soos voorsien deur die Wet op die Wes-Kaapse Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel, 1996 (Wet 3 van 1996) (soos gewysig), sluit in:

- Om bemarkingsbystand en deskundige en gespesialiseerde advies, inligting en riglyne t.o.v. toerisme, handel en belegging aan enige besigheid, maatskappy of vereniging van persone te verskaf wat dit van die Agentskap aanvra of die Agentskap sou help om sy doelwitte te behaal.
- Om namens die Provinse op te tree as die agent vir die bevordering van toerisme, handel en belegging en om gekoördineerde bestemmingsbemarkingsaktiwiteite vir die Wes-Kaap te faciliteer.
- Om 'n Provinciale toerisme-, handel- en bemarkingstrategie te ontwikkel, te implementeer en te bevorder, en om enige projek te implementeer wat groei in die ekonomie van die Wes-Kaap sal verwesenlik.

## **Handel**

Die Departement tesame met Wesgro sal programme ondersteun en implementeer wat Wes-Kaapse ondernemings globaal mededingender sal maak in terme van uitvoeraktiwiteite, met die doel om deelname aan die globale ekonomie moontlik te maak wat handels- en indiensnemingsgeleenthede sal skep. Dit sal behal word deur die koördinering en verspreiding van handelskennis, sowel as deur die bevordering van ons produkte en dienste by plaaslike, internasionale en Afrika-geleenthede met belanghebbendes in die bedryf en ander strategiese vennote uit geïdentifiseerde sektore. Die doelwit is om handelsaktiwiteite te laat toeneem. Die befondsing wat deur die DEOT aan Wesgro verskaf word vir hierdie Program mik daarna om sowat 45 sakeooreenkomste m.b.t. handel per jaar te realiseer. Dit sal omgeskakel word in tussen R1,6-miljard en R2,8-miljard per jaar in geskatte randwaarde vir die Wes-Kaap. Die impak van die bykomende uitvoergeleenthede op werkskepping weens die handelsooreenkomste sal tussen 330 en 541 werksgeleenthede per jaar wees. Vir nadere besonderhede hieroor, verwys asb. na Wesgro se Jaarverslag van 2020/21.

### **Handelsbevordering sal fokus op:**

- Die voorsiening van markintelligensie om besluitnemingsprosesse by maatskappye te ondersteun;
- Voorspraak maak by die Nasionale Regering om internasionale markte uit te soek waarvoor steun verskaf sal word aan maatskappye deur betroubare markontleding te gebruik en die privaatsektor te konsulteer; en
- Die verskaffing van die nodige ondersteuning aan maatskappye d.m.v. uitwaartse verkoopsendings en deur internasionale handelskoue by te woon.

### **Marktoegang en -ontwikkeling sal fokus op:**

- Identifisering van handelstruikelblokke – sowel tariewe as NTBs – en om deur voorspraak die sektore en Nasionale Regering oor die beste oplossings te adviseer; en
- Ingrypings wat sal insluit die bevordering van handelsooreenkomste en bestand verleen aan maatskappye om die vereiste gehoorgewing-in-mark-sertifisering te verkry – insluitende dié van stelsels en prosesse.

## **Belegging**

Die klem sal val sal wees op die lok van plaaslike en buitelandse belegging deur die streek te bevorder as 'n plek vir geteikende subsektore. Klem sal gelê word op die verbetering van die sakeomgewing vir sowel plaaslike as buitelandse maatskappye, sowel as om dit in ooreenstemming te bring met nasionale inisiatiewe om belegging in nuwe besighede of besighede wat hul huidige aktiwiteite wil uitbrei, te lok. Dié bykomende belegging sal lei tot 'n toename in BBP en potensiële werkskepping. Die befondsing wat deur die DEOT aan Wesgro vir dié program voorsien word, wil ongeveer 14 beleggingsprojekte realiseer. Dit sal na raming omgeskakel word in tussen R1.85-miljard en R2.69-miljard aan beleggings per jaar aan geskatte randwaarde vir die Wes-Kaap. Die impak van die bykomende beleggings op werkskepping sal tussen 678 en 1452 werksgeleenthede per jaar wees.

Vir nadere besonderhede hieroor, verwys asb. na Wesgro se Jaarverslag van 2020/21.

## **Beleggingsbevordering**

Sal fokus op:

- Die ontwikkeling van 'n betroubare belegging- sowel as 'n besigheidsbehoud- en -uitbreidingsstrategie;
- Voorspraak by die Nasionale Regering en ander relevante belanghebbendes om beleide en aansporings te ontwikkel wat relevant is en reageer op die behoeftes van die privaatsektor, asook buigsaam genoeg is om sulke behoeftes te akkommodeer; en
- Die versterking van die belegging-werwingsendings se pogings d.m.v. die verbetering van die gehalte van data deur betroubare beleggingsvloei-ontledingsinstrumente en -platforms.

## **7.3 Subprogram 3.2: Sektorale Ontwikkeling**

### **7.3.1 Doel**

Om ekonomiese groei in verhandelbare sektore te stimuleer deur tasbare programme, bedryfsteunmaatreëls en die implementering van planne en strategieë wat sal lei tot ekonomiese groei en werkskepping d.m.v. die groei van uitvoeraktiwiteite en 'n toename in beleggings in geprioritiseerde sektore van die Wes-Kaapse ekonomie.

### 7.3.2 Subprogram 3.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkomst	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Toename in uitvoeraktiwiteit	Sektorale inisiatiewe ondersteun	3.3 Getal sektorale inisiatiewe ondersteun	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	8	8	8	

### 7.3.3 Subprogram 3.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallike Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
		3.3 Getal sektorale inisiatiewe ondersteun.	8	-	4

Die Handels- en Sektorale Ontwikkelingsprogram sal bydra tot die haal van die VIP-2-prioriteit wat fokus op die uitbreiding van uitvoere en beleggings. Die Program sal ook in alle PSP-fokusgebiede werk, maar sal meer aandag gee aan die Lok van Beleggings en Verhandelbare Sektore. Die Program se werk en aksieplanne stem ooreen met Nasionale Beleide, Strategieë en Uitkomstes, veral die NOP sowel as MTSR-prioriteit 1 van Ekonomiese Transformasie en Werkskepping. Die Program faciliteer die stimulering van ekonomiese groei en werkskepping d.m.v. sektorale ontwikkeling en ondersteuning, wat lei tot 'n toename in die handels- en beleggingsaktiwiteit binne die Wes-Kaapse ekonomie.

Sektorale ontwikkeling is belangrik aangesien dit groei en ontwikkeling in die ekonomie stimuleer, beide direk en indirek, d.m.v. ekonomiese skakeling met die waardekettings van die verskillende bedrywe langs. Om die sektorale ontwikkelingspotensiaal en behoeftes van die verskillende sektore te bepaal, is dit noodsaaklik dat sektorale navorsing gedoen word om getuienisgegronde beplanning te verseker. Die Departement se doelwitte is om werkloosheid te verminder deur instaatstellende toestande vir ekonomiese groei te verskaf en die rol van faciliteerder vir hoofsektore binne die Wes-Kaapse ekonomie te speel.

Die Departement sal hoof- verhandelbare sektore sowel as sektore met agtergeblewe aanvraaggedrewe potensiaal ondersteun om die getal handelstransaksies t.o.v. maatskappye wat goedere en dienste uitvoer, te vermeerder. 'n Toename in plaaslike firmas wat meer uitvoer en wat ingevoerde insetprodukte en -dienste vervang wat by enige prosesseringsaktiwiteit gebruik word, sal 'n direkte impak op die BNP van die Wes-Kaapse en Suid-Afrikaanse ekonomie hê. Dié bykomende handelsaktiwiteit sal 'n direkte impak op sowel werkskepping as ekonomiese groei hê.

Wat katalitiese inisiatiewe betref, is die benadering om ekonomiese projekte te identifiseer en te ontwikkel wat uiteraard transformasie sal meebring en die instaatstellende omgewing waarin besighede en sekere bedrywe werkzaam is, verbeter. Die program mik daarna om kritieke inhibeerders vir ekonomiese groei te oorkom en/of te kapitaliseer op ekonomiese geleenthede wat vorendag kom weens markkragte of tegnologiese vooruitgang.

Die idee van industrialisering word onderlê deur die basiese konsepte en prosesse rondom toenames in waarde-toevoeging. Primêre sektore kombineer produksiefaktore in relatief simplistiese en direkte verhoudings. Daarom het die ontginding van minerale (mynwese), voedingstowwe (landbou, vissery) en natuurlike materiale (steengroewe, bosbou) uit die aarde laer vlakke van waardetoevoeging en neem meestal ongeskoolde of laaggeskoolde arbeid in diens.

Sekondêre sektore vergroot waardetoevoeging deur beter produksietegnieke in te sluit en deur die ontwikkeling van langer, ingewikkelder waardekettings. Daarom word hoër vlakke van entrepreneurskap en die totstandkoming van meer gesofistikeerde en gespesialiseerde firmas toegepas, sowel as die absorpsie van arbeid op hoër vlakke van bekwaamheid en vaardigheid. Dié toename in gesofistikeerdheid lei nie net tot die ontwikkeling van tersiëre sektore (deur dienste aan die industriële sektore te bied) nie, maar vorm ook die deurgang vir die ekonomie om in die rigting van tersiëre sektore te beweeg.

Deur die verbeteringe in die organisering en toepassing van insette toe te laat, raak dit die dryfkrag agter volhoubare groei en werkskepping. Dit kan groot ekonomiese hervorming en selfs transformasie kataliseer deur aansienlike vooruitgang in produktiwiteit en mededingendheid. Dit kom ook met vermenigvuldigers en terugskakels, verskaf werk van gehalte en kan help met verhoogde uitvoervlakte. Groei in die vervaardigingsektor is ook 'n vereiste hiervan, en dryf werkskepping en groei in die tersiêre sektore voort.

Ekonomiese aktiwiteit met selfs groter waardetoevoeging (as in die sekondêre sektor) vereis 'n grondslag van groot volumes vaardige werkers en firmas (entrepreneurs) wat teen hoë vlakke van gesofistikeerdheid en produktiwiteit werksaam is. Om dié rede – gegrond op die benadering tot verhandelbare sektore en die prioritisering van spesifieke sektore en bedrywe – sal ingrypings op sektorale ontwikkeling en ondersteuning met die volgende sektore skakel:

- Agri-prosessering;
- Vervaardiging;
- Mariene/Oseaaneconomie;
- Finansiering, Sakedienste & Sakeproses-uitkontraktering (SPU); en
- Toerisme.

Die sektorale ondersteuningsinisiatiwe sal betrekking hê op ses hoofdienste wat deur elke sektor aangebied sal word, naamlik:

- **Beleid:** Verstaan beleid en omgewing, identifiseer beleidsgapings en ontwikkel nuwe beleide.
- **Navoring en sektorale insigte:** Ontwikkel sektorale intelligensie en samel navorsing wat gedoen word, in om data en navorsing aanlyn te publiseer.
- **Ontwikkeling van belegging en handel:** Identifiseer die behoeftes per sektor in terme van handelsonwikkeling vir maatskappye sodat hulle uitvoergereed is, sowel as beleggingsgereeheid en verwante ingrypings vir munisipaliteite ens.
- **Bedryfsaksieplatforms:** Skep platforms waarop daar met bedryfsvennote geskakel kan word sodat hulle 'n doeltreffende rol in elke ekostelsel kan speel.
- **Identifisering en koördinering van katalitiese sektorale ingrypings:** Identifiseer geleenthede per sektor en koördineer katalitiese geleenthede transversaal regoor die DEOT.
- **Bedryfsaansporings:** Skakel met Nasionale aansporings en befondsingsgeleenthede wat vir elke bedryf beskikbaar is.

Die doelwit om sektorale kontakpunte vir elke prioriteitsektor te hê, is om te verseker dat sektorale behoeftes, instaatstellers en geleenthede goed binne die Departement gekoördineer word. Die sektorale ontwikkeling-direktorate sal nie altyd verantwoordelik wees vir die implementering van ingrypings nie, maar wel vir die strategiese koördinering van die sektorale aktiwiteit binne die Departement.

### 7.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

## AGRI-PROSESSERING

### Agtergrond

Agri-prosessering genereer terug- en voorwaartse skakels, wat saam met hul vermenigvuldiger-effekte lei tot verwante en ondersteuningsbedrywe met die geassosieerde voordele van 'n toename in indiensneming en groter uitvoermarkte.

Die Departement verskaf ondersteuningsdienste aan die Agri-prosesseringsektor in die Provincie met die oog daarop om die strategiese doelwit te bereik sodat internasionale mededingendheid versterk kan word en die sektor as 'n hoofbydraer tot ekonomiese groei en werkskepping geposisioneer kan word. Die Eenheid se aktiwiteit bestaan hoofsaaklik uit die facilitering en implementering van strategieë en projekte wat die mededingendheid van die sektor verbeter om uitvoer te laat groei en om aangewesenheid op invoer te verminder.

### Subsektore

Ideaal gesproke, streef die Departement daarna om met die hele bedryf saam te werk, maar behou 'n fokus wat die bedrywe ondersteun wat potensiaal het om uitvoer te laat groei en by te dra tot werkskepping. As deel van die Departement se strategiese beplanningsproses het die Agri-prosesseringseenheid dus begin met 'n proses om kriteria vir die prioritisering van subsektore te identifiseer. Die sektore wat vir staatsondersteuning en -ingrypings gekies word, is gegrond op 'n assessering van die geleenthede en uitdagings wat die sektor se uitvoerpotensiaal beïnvloed. Hul

seleksie was gegrond op 'n aantal kriteria insluitende die erkenning dat dié sektore identifiseerbare bedrywe in die Wes-Kaap was; potensieel internasionaal mededingend is; en oor die potensiaal beskik om indiensneming te skep en geleenthede vir werkskepping te bied. Die seleksieproses vir die geprioritiseerde subsektore bou op vorige werk wat deur Projek Khulisa in 2014 onderneem is, wat meer as 100 potensiële uitvoersubsektore in-diepte ontleed het.

Drie kriteria is relevant vir die identifisering van die hoof-subsektore wat die potensiaal het om 'n aansienlike bydrae tot die groei van die Wes-Kaap se uitvoerbedryf en beleggings te lewer.

Dit sluit die volgende in:

- Die Wes-Kaap het kenmerkende vermoëns en besighede met die potensiaal om internasionaal suksesvol te wees op gebiede van globale aanvraag;
- Tans maak hulle 'n beduidende deel van die Wes-Kaapse ekonomie uit en weerspieël die bydrae van alle gebiede in die Wes-Kaap; en
- 'n Regeringsinstaatstellende omgewing wat 'n beduidende verskil kan maak aan toekomstige sukses deur ontwikkeling te faciliteer of te versnel in gebiede waar die mark alleen nie die beste uitskoms kan lewer nie.

As gevolg hiervan sal die subsektorale fokus vir Agri-prosesserung oor die volgende vyf jaar verdeel word in vier hoofkategorieë:

1. Subsektor: Voedselprosesserung
2. Subsektor: Nievoedselprosesserung
3. Subsektor: Drank
4. Subsektor: Natuurlik produkte

### **Voorgestelde programme**

Die Agri-prosesserungseenheid sit 'n aantal hoofgebiede uiteen waar die Departement steun aan dié sektor kan verleen:

- Markontwikkelingsprogramme – geteikende aksieplanne/strategieë gemik op die uitbreiding van uitvoer.
- 1. Die opgradering van waardekettings vir subsektore met 'n hoë potensiële impak op uitvoer en werkskepping.
- 2. Invoervervangingsprogram – bv. olyfolies, appelkonsentrate, ens.
- 3. Marktoegang vir strategiese produkte – bv. natuurlike produkte, grimering, diervelle en leer, ens., in samewerking met relevante staatsdepartemente.
- 4. Bedryf/maatskappyvlak-aksieplanne wat ontwikkel en geïmplementeer word met die oog op die groei van uitvoer en beleggings.

Om dié groei te behaal, is 'n gesamentlike poging nodig wat belanghebbendes in die bedryf, ondersteuningsorganisasies en die Regering betrek om saam te werk om op die sterkpunte van die bestaande grondslag te bou en om die uitdagings en hindernisse wat die bedryf in die gesig staar, te oorkom. Daar word voorgestel dat ontwikkeling langs twee parallelle lyne moet plaasvind:

- Uitvoergeleide groei deur die ontginning van die latente kapasiteit in die Agri-prosesserung-waardekettings, wat fokus op die binnedring van tradisionele en ander uitvoermarkte en die uitdagings rondom veral toegang tot markte en logistiek aanspreek; en
- Belegging in produktiewe en instaatstellende infrastruktuur om waardetoevoeging te verbeter ter voorbereiding van die tweede golf uitvoergeleide ekonomiese groei.

## **VERVAARDIGINGSEKTOR**

Dié sektor is steeds werksaam in 'n globale ekonomiese omgewing van stadige groei wat weer die vraag na vervaardigde uitvoerprodukte uit Suid-Afrika onderdruk. Goedkoper invoerprodukte en die verwydering van beperkings op Suid-Afrika se vermoë om met die res van die wêreld handel te dryf, is party van die globale faktore wat die land in 'n patroon van de-industrialisering geplaas het.

Aanvraag binne die plaaslike ekonomie bly swak en vertroue bly laag weens gefragmenteerde aansporingsprogramme, lastige arbeidsregulerings en gebrekkige kragstabiliteit wat dit moeilik maak om mededingende besighede te bou. Die vervaardigingsektor sal voortgaan om uitdagings sowel plaaslik as in die buiteland in die gesig te staar, maar bly van deurslaggewende belang vir die Suid-Afrikaanse en Wes-Kaapse ekonomie weens sy sterk werkverskaffing en ekonomiese skakels, indiensnemingspotensiaal en bydrae tot die betalingsbalans.

Vervaardiging speel 'n onvervangbare rol in die voortdryf van groei en ekonomiese ontwikkeling en word huidig swaar oorheers deur hulpbronprosesseringssektore wat kapitaal- en kragintensief is. 'n Strukturele verskuiwing na hoër groei in meer waardetoevoegende en hoër arbeidsabsorberende vervaardiging-subsektore is noodsaaklik vir Suid-Afrika en die Provinsie om groter groei en hoër vlakke van indiensneming te genereer.

Die volgende globale uitdagings moet aangespreek word om 'n positiewe volhoubare impak op werkskepping, ekonomiese ontwikkeling en voordele vir alle burgers in te hou:

- Doeltreffende aanwending van kapasiteit – onderontgind produksiekapasiteit;
- Verlies aan vaardighede en kennis – aftrede van kundige arbeidsmag;
- Globale mededinging – koste, gehalte en verspreiding;
- Tegnologie en innovering – groot data, industriële internet, IoT, 4IR;
- Volhoubaarheidsdruk – hulpbronne, krag en besoedeling; en
- Responsiwiteit op markonbestendigheid en ontwigting – ekonomiese veranderinge en prysfluktusies.

Die strategiese oogmerk is om vervaardiging-subsektore te identifiseer met sterk of potensiële ekonomiese groei, uitvoermarkpotensiaal, werkskeppingsgeleenthede of behoud van huidige werksgeleenthede sowel as waardetoevoegings- of gelokaliseerde geleenthede. Die voorgestelde subsektore waarop daar gefokus sal word, sluit in:

- Motorbedryf (onderdele en bybehore);
- Klerasie, tekstiele, skoeisel en leerprodukte;
- Metaalprodukte, masjinerie en toerusting;
- Vervaardiging van elektroniese toerusting;
- Mediese apparate; en
- Groen tegnologie.

#### **Die hoofprogramme vir die groei en ontwikkeling van die vervaardigingsektor sal fokus op:**

- Ondernemings- en verskafferontwikkeling-ingrypings met die fokus op die bou en versterking van subsektor-spesifieke mededingendheid, sowel as geleenthede vir transformasie en nuwe intreders d.m.v. die ontwikkeling van subsektorale uitvoerklusters;
- Kapasiteitsbouprogramme vir die uitvoer van tegnologie en innovering om nuwe produkte te ontwikkel, vervangings vir invoere te ontwikkel en om hoogs vaardige werkgeleenthede te skep;
- Koördinering van marktoegangs- en handelsbevorderingsgeleenthede om markte met uitvoerpotensiaal en nuwe of nismarkte te identifiseer;
- Addressering van groot markbeperkinge wat 'n impak op die toekomstige groei van die bedryf het;
- Vaardigheidsontwikkelingsprogramme wat subsektor-spesifieke vaardighede sal ondersteun; en
- Bestuur van belanghebbendes.

## **OLIE EN GAS (MARIENE VERVAARDIGING EN INGENIEURSDIENSTE)**

### **Probleemverklaring**

Ten spye van 'n duidelike plaaslike voordeel, beskikbare hawegrond en 'n relatief gesofistikeerde ingenieursgrondslag, ervaar Suid-Afrika 'n gebrek aan toepaslike hawe- en agterhawe-infrastruktur met die regte werkongewing om olieboorherstel- en oolveldverwante mariene ingenieurswese en logistieke dienste te lok, sowel as 'n gebrek aan plaaslike vaardighede en KMHO-vermoëns om indiensneming en waardetoevoeging deur besighede onder plaaslike eienaarskap optimaal uit te bou.

### **Uitdagings**

- Hawe-infrastruktur – die bedryf se groei word ingeperk deur ontoereikende infrastruktur wat geskik is vir die herstel van oliebore.
- Onbestendigheid van Brent-ruolieprys.
- Plaaslike vaardighede – die gebrek aan toepaslik gekwalificeerde werkers met ondervinding is 'n aansienlike remskoen vir dié bedryf.

### **Strategiese mikpunte**

Om gefokusde en geprioritiseerde aktiwiteite en uitsette vir lewering teen 2021 te ontwikkel en te identifiseer. Dié aktiwiteite en uitsette sal bydra tot die uitkomste van verhoogde Bruto-waardetoevoeging (BWT) en direkte werksgeleenthede vir die Olie-en-gassektor. Die vyf strategiese oogmerke is:

Strategiese mikpunt 1: Ontwikkel toepaslike infrastruktuur deur die hawe-infrastruktuur te ontwikkel en nywerheidsfasilitete by die drie kommersiële hawens in Kaapstad, Saldanhabaai en Mosselbaai te diens.

Strategiese mikpunt 2: Identifiseer tekorte en ontwikkel ingrypings om die bedryfsaanvraag aan te spreek.

Strategiese mikpunt 3: Implementeer ondernemings- en verskafferontwikkelingsingrypings om die kapasiteit en vermoë van ondernemings te verbeter sowel as om plaaslike aanskaffingsgeleenthede te bevorder.

Strategiese mikpunt 4: Identifiseer en beveel ingrypings aan om rompslompkwessies aan te spreek.

Strategiese mikpunt 5: Bevorder en lok belegging na die bedryf op 'n doeltreffende manier.

## Hoofinisiatiewe

In reaksie op die fasilitering van die hoofinisiatiewe as deel van die WKR se transversale benadering sal Program 3 spesifiek verantwoordelik wees vir die fasilitering van die volgende hoofinisiatiewe gedurende die boekjaar 2020/21:

- Fasiliteer die ontwikkeling van geskikte hawe-infrastruktuur en diens industriële fasilitete om die hawens in Kaapstad, Saldanhabaai en Mosselbaai in bostroom- Olie&Gas- en Mariene Vervaardiging-, Herstel- en Onderhoudspilpunte te verander.
- Bestuur van belanghebbendes – bring strategiese belanghebbendes bymekaar om gekoördineerde beplanning en implementering van spesifieke ingrypings aan te dryf.
- Bevorder handel en belegging in hoofmarkte deur Wesgro en ander strategiese belanghebbendes.

## OSEAANEKONOMIE

### Agtergrond

Die Oseaaneconomie is 'n "lens"/fokusgebied waardeur die DEOT na verskeie ekonomiese sektore en bedrywe kyk wat met die oseaan skakel. Die Departement het 'n opsetlike besluit geneem om dié fokusgebied te prioritiseer, gegewe sy belang vir die ekonomie weens die rol wat dit speel in die ondersteuning van uitvoer, toerisme en mense se broodwinning. Die Wes-Kaapse Oseaaneconomie-strategie word onderlê deur verskeie faktore soos skakeling met belanghebbendes, omgewingsvolhoubaarheid, hoëgehalte-navorsing oor markte en waardekettings, die betrokkenheid van die privaatsektor en die identifisering van markgeleide ekonomiese geleenthede.

Om die mikpunt te behaal om die bydrae van die Oseaaneconomie tot die Wes-Kaapse ekonomie uit te brei, is 'n programmatiese benadering regoor die kusdistrikte nodig, ingelig deur die insette van belanghebbendes. Die dienslewering sal dus die volgende programme en inisiatiewe insluit:

**Bedryfsaksieplatforms** – Bedryfsaksieplatforms – Gegewe die belang van die Oseaaneconomie-subsektore en -bedrywe vir die Wes-Kaapse ekonomie, is platforms waarop met belanghebbendes geskakel kan word deurslagwend om groeigeleenthede te kan ontsluit. Sekere platforms is ruimtelik van aard, terwyl ander weer sektoraal is, en sommiges neig om 'n klusterformaat aan te neem. Groot klem sal geplaas word op die versterking van werksverhoudinge tussen die sfere van regering, privaatsektor en staatsagentskappe om die soomlose implementering van Oseaaneconomie-inisiatiewe te verseker. Die Wes-Kaapse Oseaaneconomie-werkgroep is op die been gebring met die doel om dié rol te vervul. Dié Werkgroep, in vennootskap met die kusmunisipaliteite, sal uitgebrei word om meer belanghebbendes uit die privaatsektor in te sluit met die doel om die implementering van ekonomiese geleenthede te bespreek.

**Navorsing en Sektorale Insigte** – Daar is baie Oseaaneconomie-navorsing beskikbaar wat deur verskeie konsultante vir die onderskeie staatsdepartemente en munisipaliteite voorberei is. Die klem sal val op die saamtrek van bestaande inligting en die aanbied daarvan in 'n gebruikersvriendelike formaat sodat die belanghebbendes ingelig kan word oor wat gebeur. Dit sal geïmplementeer word deur die waardeketting-kapasiteitsbouprogram en die markontwikkelingsprogram. Die doel is om mark- en sektorale intelligensie regoor verskeie geprioritiseerde waardekettings te genereer, en om dié inligting d.m.v. verskillende kanale met die belanghebbendes te deel.

**Beleid** – 'n Oorsig oor verskeie bestaande beleide wat groei inperk, is kritiek as die Oseaaneconomie-geleenthede die kusgemeenskappe, wat dikwels uitsluitlik op die oseaan aangewese is vir kos en werk, wil bevoordeel. Klem sal

geplaas word op die fyn monitering van alle nuwe wetgewing relevant tot die ondersteuning van die groei van alle Oseaaneconomie-subsektore en -bedrywe. In vennootskap met die privaatsektor, d.m.v. die bedryfsvennootskap-program, sal voorstelle oor beleid en/of wysigings deur die regte kanale aan relevante owerhede gemaak word.

**Bevordering van Belegging en Handel** – Groter klem sal geplaas word op die ondersteuning van die groei van uitvoer van beide goedere en dienste. Om uitvoer uit te brei, sal groot belegging vereis om die uitbreiding van fasiliteteite te ondersteun en só die volume van uitvoergoedere en -dienste verder te vergroot. Vennootskappe met die Ontwikkelingsfinansierings-instansies en ander sfere van regering sal deurslaggewend wees om maklike toegang tot die grond en infrastruktuur onder hul beheer vir die werwing van beleggings te verseker.

**Identifisering en Koördinering van Katalisators** – Geteikende skakeling met belanghebbendes, of werkswinkels, sal in alle kusdistrikte gehou word om 'n lys van katalitiese inisiatiewe voortdurend te identifiseer en te verfyn. Die skakelings sal verseker dat die privaatsektor voortgaan om die leiding te neem en dat die Regering fokus op ondersteuning d.m.v. die skep van 'n instaatstellende omgewing vir besighede om sake te doen.

**Bedryfsaansporings** – Die Nasionale Regering het verskeie aansporings ontwikkel om die onderskeie sektore in die ekonomie te ondersteun, insluitende party wat onder die sambrel van Oseaaneconomie val. Dit is belangrik om te verstaan dat aansporings nie noodwendig tot geld beperk is nie. Alle sfere van regering sal mooi moet dink of daar nie ander maniere is om aansporings aan besighede te bied nie – en munisipaliteite is beter geposisioneer om te verseker dat dit gebeur.

### 7.3.5 Program 3: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Toename in uitvoer	1. Toenemende risikofaktore wat spruit uit 'n afname in uitvoeraktiwiteit weens swak ekonomiese klimaat en wanbelyning van prioriteite onder belanghebbendes, staatsdepartemente, entiteite en bedrywe. 2. Gebrek aan duidelike handels- en beleggingstrategie.	1. Belyn en ondersteun inisiatiewe wat skakel met die Departement van Handel en Nywerheid (DHN) – die hoofdepartement in terme van handelsooreenkoms tussen Suid-Afrika en globale handelsvennote. 2. Ontwikkel 'n handelstrategie.
Toenemende Randwaarde van belegging	Beleggingspyplyn vir die Wes-Kaap presteer nie na wense nie weens 'n swak ekonomiese klimaat.	Ontwikkel 'n beleggingstrategie. Ontwikkel 'n globale beleggingsvertroueveldtog.



## Program 4: Sakeregulering en Staatsbestuur

## 7.4 Programhulpbronoorwegings

### Begrotingstoewysing aan Program en Subprogramme

Subprogram		Geouditeer			Hooftbegroting	Gewysigde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermyn-besteding		
R'000		2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2019/20	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
1.	Handels- en Beleggingsbevordering	28 417	34 020	36 200	47 500	47 500	47 500	74 956	77 235	85 765
2.	Sektorale Ontwikkeling	27 174	15 522	11 004	16 071	16 183	16 183	22 781	29 257	30 700
<b>Totale betalings en skattings</b>		<b>55 591</b>	<b>49 542</b>	<b>47 204</b>	<b>63 571</b>	<b>63 683</b>	<b>63 683</b>	<b>97 737</b>	<b>106 492</b>	<b>116 465</b>
Ekonomiese klassifikasie R'000										
<b>Lopende betalings</b>		<b>14 119</b>	<b>9 829</b>	<b>9 491</b>	<b>16 071</b>	<b>15 125</b>	<b>15 122</b>	<b>22 781</b>	<b>29 257</b>	<b>30 700</b>
Vergoeding van werknemers		9 533	7 334	8 321	12 841	12 096	12 096	17 191	23 817	25 074
Goedere en dienste		4 586	2 495	1 170	3 230	3 029	3 026	5 590	5 440	5 626
<b>Oordragte en subsidies aan:</b>		<b>41 413</b>	<b>39 695</b>	<b>37 700</b>	<b>47 500</b>	<b>48 258</b>	<b>48 258</b>	<b>74 956</b>	<b>77 235</b>	<b>85 765</b>
Provincies en munisipaliteit										
Departementele agentskappe en rekening		28 417	34 020	37 700	47 500	47 500	47 500	74 956	77 235	85 765
Hoër onderwys-instansies										
Buitelandse regerings en internasionale organisasies										
Openbare korporasies en privaatondernemings						750	750			
Instansies sonder winsbejag		12 996	5 675							
Huishoudings						8	8			
<b>Betalings vir kapitale bates</b>		<b>26</b>	<b>4</b>	<b>13</b>		<b>300</b>	<b>300</b>			
Geboue en ander nieroerende strukture										
Masjinery en toerusting		24	4	7		300	300			
Erfenisbates										
Gespesialiseerde militêre bates										
Biologiese bates										
Grond en ondergrondse bates										
Sagteware en ander ontasbare bates		2		6						
<b>Betalings vir finansiële bates</b>		<b>33</b>	<b>14</b>				<b>3</b>			
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>		<b>55 591</b>	<b>49 542</b>	<b>47 204</b>	<b>63 571</b>	<b>63 683</b>	<b>63 683</b>	<b>97 737</b>	<b>106 492</b>	<b>116 465</b>

### Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die behaal van uitsette

Die aktiwiteite wat hierbo beskryf word, sal behaal word deur die gesamentlike pogings van al die sektorale Subprogramme in Program 3. Die span het 'n uiteenlopende stel vaardighede toepaslik vir die bestuur en implementering van projekte wat die ekonomie ondersteun. Hoofvaardighede sluit in projekbeplanning, bestuur van belanghebbendes, projekverslagdoening, finansiële bestuur, mensebestuur, kontrakbestuur en kommunikasie.

'n Organisatoriese herontwerp-inisiatief is tans aan die gang met die Departement van die Premier (DvdP) om die struktuur van die Ekonomiese Sektor: Ondersteuning se Hoofdirektoraat te hersien.

Die krag van die sektorondersteuningspanne sal in die gespesialiseerde personeel setel wat in staat is om as kampioene op te tree en as sektorleiers kennis van elke sektor verskaf.

## 7.5 Openbare entiteite

Naam van openbare entiteit	Mandaat	Uitsette	Lopende jaarlikse begroting (R'000)
Wesgro	Bevordering van Handel & Belegging sowel as Bestemmingsbemarking	Handelsooreenkoms onderteken Beleggingsprojekte gerealiseer	74 956

## 8. Program 4: Sakeregulering en Staatsbestuur

### 8.1 Doel

Om 'n gelyke, sosiaal verantwoordelike sakeomgewing in die Wes-Kaap te verseker – deur algemene ingryppings binne die handelsomgewing en deur spesifieke ingryppings volgens mandaat van die Grondwet, Nasionale en Proviniale wetgewing en beleide.

### 8.2 Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming

#### 8.2.1 Doel

Om maatreëls te ontwikkel, te implementeer en te bevorder wat verseker dat daar na die regte en belangte van alle verbruikers omgesien word..

#### 8.2.2 Subprogram 4.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
'n Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyk en ingelige verbruikers	Verbruikers-opvoeding-ingryppings aangebied	4.1 Getal verbruikersopvoeding-ingryppings aangebied	173	142	95	100-120	240	240	240	
	Klagtes binne 90 dae opgelos	4.2 Persentasie klagtes binne 90 dae opgelos (Totale klagtes binne 90 dae opgelos/Totale klagtes ontvang)	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	75%	75%	75%	

#### 8.2.3 Subprogram 4.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
4.1 Getal verbruikersopvoeding-ingryppings aangebied	240	40	80	80	40
4.2 Persentasie klagtes binne 90 dae opgelos (Totale klagtes binne 90 dae opgelos/Totale klagtes ontvang)	75%	75%	75%	75%	75%

#### 8.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

##### Verbruikersregstellings

Die projekte en werksaamhede wat met die dienste van die KVB skakel, is hoofsaaklik op 'n burgersentriese diens gemik aangesien dit dispuitoplossingdienste tussen verbruikers en verskaffers bied. Die dienste kan net doeltreffend aangebied word as die korrekte en optimale menslike hulpbronne, IKT-dienste en kliëntgefokusde ingryppings in plek is. Die tolvrye inbelsentrum, Alternatiewe Dispuutresolusie- (ADR) -dienste en verwysingsmeganismes is alles daarop gefokus om te verseker dat die doelstellings soos uiteengesit in die Proviniale Visie-geïnspireerde Prioriteit 5 (VIP 5) behaal word. Deur doeltreffende dienste te verskaf, mag burgers 'n gunstige persepsie van die WKR hê en ambassadeurs van die Provinie raak. Byvoorbeeld: voordele, soos terugbetaalings vir goedere en dienste van 'n swak gehalte en die regstelling van defektiewe produkte, sal 'n persepsie skep dat die WKR die gehalte van diens en produkte ernstig opneem en beleggersentiment regoor die Provinie verbeter. Die Eenheid bring sy kant om te verseker dat burgers van die Wes-Kaap 'n eerstehandse ondervinding van die WKR se verbintenis tot die verskaffing van diens van gehalte het. Gehalteredienste in die toerismesektor kan die getal toeriste wat die Provinie besoek 'n

hupstoot gee en só die groei van sowel uitvoer as verhandelbare besighede 'n vergroot, wat sal lei tot werkskepping. Dít ondersteun VIP 2 – Groei en Werksgeleenthede.

Versterkte selfreguleringsmeganismes en groter bewusheid van verbruikersregte onder besighede sal ook gunstige toestande vir die bevordering en ontwikkeling van meganismes van minlike oplossing van verbruikersdispute skep. Benewens die gebruik van verbruikersbeskerming as 'n mededingingstrategie, moedig die handhawing van verbruikersregte herhalende aankope aan. Die ervaring het geleer dat buite-die-hof- ADR-meganismes 'n doeltreffende en goedkoop metode is om verbruikersregstelling te verkry. In kleiner gevalle kan Howe nie die verlangde uitkomste lewer nie weens lang prosesse, hoë koste, geformaliseerde procedures en sielkundige versperrings verwant aan betrokke raak by regsgedinge.

Die ontwikkeling van Alternatiewe Dispuut-resolusie (ADR) is egter nie moontlik sonder die samewerking en gewilligheid van die sakewêreld nie. Gevolglik moet die ontwikkeling van minlike dispuutoplossingstelsels ingesluit word by die konsep van kliënte regverdig behandel. Regsreëls staan voorop by enige ekonomiese ontwikkeling en uitvoer van goedere en dienste. Die skending van verbruikersregte kan lei tot 'n boikot van dienste en produkte en gevolglike skade aan sakevertroue.

Benewens die bogenoemde het groter samewerking tussen die Provinciale verbruikersakekantore en die Nasionale Verbruikerskommissie gelei tot die produksie van gekonsolideerde verslae oor die status van verbruikersbeskerming (met 'n klem op die oplossing van klagtes sowel as op gehoorgewing en wetstoepassing) in Suid-Afrika. Uit dié verslae is dit duidelik dat die Wes-Kaapse KVB een van die besigste is, indien nie die heel besigste nie. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die gebruik van sowel 'n inbelsentrum as 'n elektroniese klagtebestuurstelsel vir die lê van verbruikersklagtes en die bestuur daarvan. Verder het die samewerking gelei tot 'n beduidende toename in die getal gesamentlike nasionale verbruikersbewustheidsveldtogte wat geloods is. In die nuwe boekjaar sal die KVB probeer om 'n werksverhouding te bou oor kwessies i.v.m. die bestuur van verbruikersklagtes en regstelling. Daar word erken dat 'n sterker werksverhouding met die bedryf en die sakewêreld nie anders kan nie as om die Program se rol as fasiliteerde en mediator van dispute in die Wes-Kaap te versterk. In die vorige jaar is 'n paar tentatiewe stappe in dié rigting geneem. Daar is kontak gemaak met diensverskaffers binne die snelveranderende verbruikersgoedere-sektor. Die implementering van sulke samewerking mik daarna om verbruikers by te staan met die betydse en doeltreffende oplossing van dispute.

### **Verbruikersopvoedingsdienste**

Die opvoedings- en inligtingsaktiwiteit wat in die voorafgaande jare uitgevoer is, het getoon dat die KVB se aktiwiteit op dié gebied positiewe resultate bring en met groot belangstelling deur verbruikers en KMMO's ontvang word. Ingrypings onder verbruikersopvoedingsdienste is op burgers en KMMO's gemik. Verbruikersopvoeding is 'n langtermyn en volgehoue proses, veral in 'n land waar die mark intensief groei en aanpas by die funksionering van die vryemarkstelsel. Party reguleerders en wetstoepassingsvennote meen dat aangesien reputasie 'n hoofdryfkrag is, dit van die allergrootste belang vir besighede is om enige negatiewe publisiteit te vermy, veral in 'n tyd waar ekonomiese groei en uitvoer 'n kwessie van nasionale en provinsiale belang is. Dit skep dus 'n geleentheid vir die KVB om dié "gewilligheid om gehoor te gee" te ontgin en te verseker dat verbruikersbeskerming nie net vir verbruikers geld nie, maar ook vir sowel uitvoergedreve as verhandelbare besighede.

Daar is 'n behoefté om verbruikersvoorspraak-inisiatiewe sowel as inligtings- en opvoedkundige aktiwiteit te verhoog. Dit moet nuwe tematiese gebiede dek en nuwe kommunikasiemetodes gebruik. Betreffende die veranderende marksituasie en 'n toenemend wydverspreide toepassing van nuwe kommunikasietegnieke deur besighede, blyk dit nodig te wees om die aktiwiteit van die KVB (wat daarop gemik is om verbruikers op te voed oor die slaggate en risiko's wat hulle in die gesig staar) te versterk. Die impak van nuwe tegnologie in die transaksionele proses tussen verbruikers en ondernemings maak dit ook nodig om nuwe strategieë te ontwikkel en te implementeer om by te hou met dié nuwe vorm van die verbruikerswese.

In die komende jare sal die KVB voortgaan om verbruikersbeskermingsbeleid te grond op betroubare inligting oor Suid-Afrikaanse en spesifiek Wes-Kaapse verbruikers wat gereeld ingesamel word. Dit sal verbruikersbeleid ondersteun met data oor die tipe en skaal van probleme wat deur verbruikers in die mark ondervind word, asook die hindernisse wat keer dat verbruikers ten volle by die moderne mark aanpas. Verder sal inligting oor die huidige vlak van verbruikers se kennis en bewusheid die Kantoor in staat stel om sistemiese oplossings te implementeer wat gemik is op die uitskakeling of beperking van markveranderinge wat ongunstig vir verbruikers is.

Die belangrikste doelwit van die KVB se navorsingsaktiwiteite is om agtergrond in te win om sy opvoedkundige en inligtingsprogramme te ontwerp. Die KVB sal boonop die resultate van sosiale navorsing gebruik wat onderneem is in direkte kommunikasie met verbruikers en entrepreneurs., binne die raamwerk van inligtingsveldtogene, openbare betrekking-aktiwiteite en werksvergaderings, wat alles daarop gemik is om die sosiale dialoog te versterk. Die data wat d.m.v. dié navorsing ingesamel is, sal voortdurend deur die KVB gebruik word in sy kommunikasie met ander staatsagentskappe, regulatoriese liggame, NRO's, die akademie en die media.

Die KVB sal gereeld navorsingsinisiatiwe onderneem om onder meer die volgende aan te spreek:

- Vlak van verbruikersbewustheid, maniere om besluite oor aankope te maak en die hindernisse wat dit onmoontlik maak vir verbruikers om op 'n veilige en vervullende manier aan die mark deel te neem;
- Patrone van huishoudelike finansiële bestuur en die gebruik van krediet en lenings;
- Metodes en tegnieke wat gebruik word om huishoudelike finansiële probleme op te los (lenings teenoor soek na ander bronne van finansiering);
- Die verbruiker in die mark van goedere en dienste wat op die internet verkoop word; en
- Wes-Kaapse entrepreneurs se kennis van verbruikersbeskerming en die staatsagentskappe wat regstellingsdienste aan verbruikers bied.

Dit is dus duidelik dat 'n doeltreffende verbruikersbeskermingsomgewing nie net die enigste een is wat mechanismes moet voorsien waardeur verbruikers lokhandel kan aanspreek nie, maar ook die een is wat die belang van uitvoergeoriënteerde groei van die ekonomie erken. Verder verseker die KVB se kontak met besighede dat die voordele van gewillige gehoorgewing betreffende groei, produktiwiteit en mededingendheid van sektore of besighede hulle in staat sal stel om by te dra tot werkskepping, die uitbreiding van die ekonomie en die GVSD.

### **Die KVB se Algemene Verbruikersopvoedingsaktiwiteite**

Die KVB sal in die loop van die MTBR-tydperk voortgaan om 'n aktiewe opvoedkundige en inligtingsaktiwiteit uit te voer en sal hoofsaaklik op die opvoeding van die onderskeie groep verbruikers en besighede fokus. Die opvoedkundige program sal die basiese kwessies insluit, waarvan kennis funksionering in die mark sal faciliteer, en die verkryging van alledaagse verbruikersbekwaamheid se kennis van regstellingsopsies. Dit moet ook 'n antwoord verskaf op die jongste uitdagings wat in die mark na vore tree, soos beleggingsverneukspulle wat manifesteer in die vorm van piramied- en veelvlakkige bemarkingskemas. Terselfdertyd is dit belangrik vir die nuwe opvoedkundige en inligtingsaktiwiteit van die Kantoor om Wes-Kaapse verbruikers van bystand te voorsien met hul funksionering in die Suid-Afrikaanse mark.

Die KVB se veldtogene sal ook uitgevoer word in samewerking met die Nasionale Verbruikerskommissie (NVK), verskeie regulatoriese owerhede en Ombudsmanskemas wat volgens wet bepaal is in terme van die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008. Dié veldtogene sal fokus op goedkoop namaakselgoedere en ontwettig ingevoerde goedere wat tot die vernietiging van plaaslike nywerhede lei.

In die afsienbare toekoms beplan die KVB om opvoedkundige veldtogene uit te voer wat betrekking het op die volgende verbruikerskwessies:

- Voordele en risiko's verbonde aan die gebruik van die jongste tegnologieë om transaksies met besighede uit te voer (afstandskontrakte via die internet, telefoon, posorders, ens.);
- Substandaard goedere en die risiko's wat daardeur ontstaan. Die doel van dié veldtogen sal wees om die aandag van verbruikers en entrepreneurs te vestig op die faktore wat die veiligheid en gehalte van produkte bepaal;
- Namaakselgoedere. Wat is dit en wat is die impak daarvan op die ekonomie?;
- Advertensies. Veldtogene oor dié kwessie sal verbruikers inlig oor die ondreskeie soorte misleidende, vals en onakkurate advertensies wat ontwerp is om verbruikers in problematiese ooreenkoms vas te vang; en
- Verbruikersregte en -verpligtinge. Die behoeftte om verbruikers in te lig oor hul regte en verpligtinge in terme van die Wet op Verbruikersbeskerming en die onderskeie owerhede wat beskikbaar is om met regstelling te help, geld steeds.

Die opvoedkundige en inligtingsveldtogene sal verskeie verbruikersgroepe aanspreek, insluitende die jeug, volwassenes, bejaardes en die sakesektor.

Op medium termyn sal die KVB ook 'n meer gefokusde en volgehoue veldtogen ontwikkel wat spesifiek op KMMO's gemik is. Daar bestaan 'n behoeftte om KMMO's oor die kwessie van verbruikersregte en -verpligtinge te ondersteun in terme van die relevante wetgewing.

Die Kantoor sal sy samewerking met verbruikersorganisasies, regulatoriese liggame, Ombudsmanne en die massamedia voortsit, waardeur hy sal probeer om die gemeenskap te bereik. Wat dit betref, sal die deskundige ondersteuning van akademiese kringe ook baie belangrik wees.

### Ondersteuning van KMMO's

In vorige boekjare was die primêre rol van die KVB sover dit besighede (insluitende KMMO's) betref, verwant aan die ondersoek van verbruikersklagtes wat teen sulke besighede gelê is. Dit het egter nodig geraak vir die KVB om hom te herbelyn, veral in die lig van die Departement se strategiese prioriteite, en spesifiek wat betref die rol wat KMMO's in toerisme, werkskepping en uitvoer kan speel. Daarom sal sommige van die opvoedkundige programme wat aangebied word, fokus op die ondersteuning en kapasitering van KMMO's binne die verhandelbare sektore, soos toerisme, betreffende die wetlike imperatiewe wat deur die Wet op Verbruikersbeskerming geskep word. Dit het betrekking op onder meer vooruitbespreking, kansellering van vooruitbesprekings en die bondeling van produkte. In afgelope boekjare het dit duidelik geword dat die meeste verbruikersklagtes wat KVB ontvang om die produkte/dienste verskaf/aangebied deur KMMO's gaan. Die oplossing van sulke dispute het 'n uitdaging blyk te wees, veral aangesien baie van die KMMO's nie bewus is van die verpligtinge wat deur die Wet op Verbruikersbeskerming op hulle geplaas word nie en gevvolglik steun op verouderde beleide en procedures sover dit verbruikersregte betref. Party van hulle besef ook nie watter skade sulke dispute aan hul handelsmerk en Provinciale handelsmerk-reputasie kan aanrig nie.

Persepsies onder verbruikers dat hul verbruikersregte nie beskerm word nie, kan substansiële skade aan 'n besigheid se reputasie aanrig. Dié skade kan lei tot 'n verlies aan verbruikersvertroue in 'n besigheid of handelsmerk, wat weer uitloop op 'n verlies aan omset en gevvolglik wins. Die gevolge kan ver uitkrag aangesien dit 'n besigheid se vermoë om te groei en uiteindelik werk te skep, kan verhinder en só die ekonomiese groei van die Provinsie inperk. Die rol en belang van basiese beginsels soos kliëntediens, verbruikersregte/verpligtinge, en nuwe wetgewing en beleid oor verbruikersregte is dus van deurslaggewende belang vir 'n besigheid as hy verbruikersvertroue wil behou. Die KVB beskou ook dié ingrypings as deel van die Departement se bydrae tot die ontwikkeling van vaardighede binne die sektor, aangesien kliëntediens en ander kliëntsakeldiens-vaardighede kwessies is waar KMMO's bystand verlang. As sodanig sal daar met ander programme binne die Departement geskakel word om te verseker dat die KVB doeltreffend bydra tot dié Departementele doelwitte.

Die KVB sal in die loop van die MTBR 2020-2025 aktief kontak maak met KMMO's, sektorale liggame, staatsdepartemente, munisipaliteit, bedryfsliggame en sakegroeperings om bystand in dié kwessie te verleen. Byvoorbeeld, die KVB sal nou aktief KMMO's help om beleids-/administratiewe tekortkominge t.o.v. verbruikersbeskerming in hul besigheid te identifiseer en aan te spreek. Die idee is om te verseker dat sulke besighede bewus raak van hul verpligtinge in terme van die reg en dat hulle aktief beleide/procedures wysig wat teen die reg ingaan. Dit sal verseker dat hulle nie net wetlik gehoorgewend raak nie, maar in werklikheid ook verbruikersvertroue in die produkte of dienste wat hulle bied, verbeter.

Deur dié nuwe benadering bekend te stel, kan die KVB ook direk bydra tot een van die strategiese prioriteite van die Departement sover dit die ondersteuning van besighede aangaan. Die bykomende impak is dat verbruikersvertroue in KMMO's die produktiwiteit van sulke besighede kan dryf en die ekonomie kan laat groei, wat tot werkskepping en die verbetering van die Wes-Kaapse ekonomie d.m.v. 'n uitvoergeleide benadering sal lei.

### Finansiële Geletterdheidsopvoeding

In die nadraai van die finansiële krisisse word finansiële geletterdheid toenemend erken as 'n belangrike individuele lewensvaardigheid in die meeste ekonomiese. Die onderliggende redes vir die toenemende aandag wat beleid geniet, omvat die oordrag van 'n breë reeks finansiële risiko's na verbruikers, die groter kompleksiteit en snelle evolusie van die finansiële landskap, die toenemende getal aktiewe verbruikers in die finansiële sfeer en die beperkte vermoë van regulering op sy eie om verbruikers doeltreffend te beskerm. Daarbenewens het die gevolge van die finansiële krisisse die potensiële geïmpliseerde koste en negatiewe oorspoeleffekte van laevlakte van finansiële geletterdheid vir die gemeenskap as geheel, finansiële markte en huishoudings gedemonstreer.

Daar word wyd erken dat finansiële opvoeding 'n belangrike komplement vir markgedrag en verstandige regulering is, en die verbetering van 'n individu se finansiële gedrag het 'n langtermyn beleidsprioriteit in baie lande geraak. Die Nasionale Tesourie het dus finansiële geletterdheidsopvoeding as een van die komponente van 'n omvattende oplossing vir die beskerming van verbruikers van finansiële dienste geïdentifiseer. Gebiedende verbruikerskwessies, soos die onvermoë om die toepaslikheid van finansiële produkte in verhouding tot persoonlike omstandighede te evaluateer; rooflenery; hoë vlakke van verbruikerskuld; lae spaarkoerse; die ontploffing van piramiedskemas en finansiële verneukspulletjies; hoë produkdiens; boetes; gebrek aan toeganklike en vergelykbare prysinligting; en beperkte kennis van toevlugmeganismes het tot die dringende behoefté aan finansiële geletterdheidsopvoeding bygedra.

Die betrokkenheid van die Nasionale Tesourie deur die stigting van 'n Nasionale Finansiële Opvoedingskomitee (waarvan die Wes-Kaapse KVB 'n verteenwoordigde lid is) duï op die erns van die finansiële opvoedingsprogram. Ander provinsies soos KZN het insgelyks die inisiatief geneem om finansiële opvoeding 'n prioriteit te maak. 'n Finansieel gesonde gemeenskap is die sleutel tot ontwikkeling. Die innovering en gevoglike vervaardiging van produkte en dienste sal tot nijs kom nie as verbruikers nie in staat is om toegang tot finansiering te verkry nie weens negatiewe lysting/ongunstige kredietverslae by die kredietburo. Deur nie daarin te slaag om toegang te verkry tot finansiering van finansiële instansies nie, word die getal potensiële kliënte wat die vervaardiging- en dienstesektore sou kon ondersteun het, verklein. Dit sal gevoglik die behaal van sommige van die grondslae van VIP 1 in die wiele ry.

Tans is daar meer as 600 000 verbruikers wat om skuldberading aansoek gedoen het sedert die Wet op Nasionale Krediet in Junie 2007 in werking getree het. Daar moet daarop gelet word dat verbruikers wat om skuldberading aansoek doen, volgens wet uit die kredietmark verwyder word. Dit verminder hul vlak van deelname aan die ekonomie aangesien hulle nie toegang tot krediet kan kry nie. Daar kan geredeneer word dat diegene wat nie mag aansoek doen om verdere krediet nie, potensiële kliënte van besighede in die Wes-Kaap sou kon gewees het. Dit verminder dus indirek die aanvraag na produkte wat hierdie verbruikers onder skuldhersiening sou kon gekoop het.

Dit is miskien gebiedend noodsaaklik vir die Regering om finansiële opvoeding aan verbruikers te verskaf, aangesien dit die getal verbruikers wat hulle in finansiële verknorsing bevind, sal verminder. Die vermindering van die getal skuldbelaaide verbruikers sal moontlik die aanvraag- én aanbod-kant van die mark aanspreek, wat gevoglik sou kon help om die ekonomie te stimuleer.

Die voorgestelde finansiële opvoedingsprogramme sal dus help om verbruikers oor die algemeen bekend te maak met verskeie finansiële produkte in die mark sowel as die implikasies van hul keuses. Die KVB het vier uitkomsaanwysers gehad, naamlik verandering in gedrag weens finansiële geletterdheidsprogramme, toename in bewustheid weens die KVB se opvoedingsprogramme, monetêre besparings vir verbruikers en die getal strategiese verbruikers-NRO's en relevante vennootskappe tot stand gebring. Dit is sedertdien afgebring na die laaste twee op die lys weens finansiële beperkinge. Die eerste twee is verwyder aangesien hulle die aanstel van 'n eksterne diensverskaffer vereis om die uitkoms objektief te assesseer, en begrotingsbeperkings maak dit onmoontlik vir die Program om daaroor verslag te doen. Die uitset-aanwysers, getal opvoedkundige programme aangebied, getal verbruikersopvoeding-boekies en inligtingsmateriaal wat aan burgers en besighede versprei is, getal finansiële geletterdheidswerkswinkels wat gehou is en die getal KMMO's waarmee in gesprek getree is dra by tot die realisering van die getal vennootskappe wat gestig is. Dié vennootskappe het die KVB in staat gestel om werkswinkels aan te bied onder die moeilike ekonomiese toestande wat begrotingstoewysings beïnvloed het. Party van dié kontakteleenthede is vir die rekening van die vennote georganiseer. Verder dra die persentasiegetal klagtes bestuur/afgehandel by tot die monetêre waarde-besparings vir verbruikers. Die oplos van dispute ten gunste van verbruikers en regstellings aan verbruikers - en in sommige gevalle uitbetelings - word vir die rekening van die besigheid gedoen.

Regstellings aan verbruikers, steun vir KMMO's, opvoedkundige dienste en finansiële geletterdheidsopvoeding dryf die lewering van die getal opvoedingsprogramme aangebied, persentasie klagtes bestuur/afgehandel, getal verbruikersboekies en inligtingsmateriaal aan burgers en besighede versprei, finansiële geletterdheidswerkswinkels gehou sowel as die getal KMMO-kontakteleenthede aangebied. Dié uitsette dra by tot die behaal van die twee uitkoms-aanwysers soos hierbo uitgebeeld.

Die Sakeregulering- en Staatsbestuurprogram voer hoofsaaklik regulatoriese mandate uit wat afgedwing word deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) sowel as die regulasies van beide Proviniale as Nasionale wetgewing. Wat Verbruikersbeskerming betref, skryf Afdeling A van Skedule 4 van die Grondwet voor dat die gebied van Verbruikersbeskerming 'n funksionele gebied van samelopende Nasionale en Proviniale wetgewende bevoegdheid is. As sodanig het beide die Nasionale en Proviniale sfeer van regering wetgewende bevoegdheid op die gebied van verbruikersbeskerming. As gevolg van bogenoemde het die Proviniale departement die Wet op Wes-Kaapse Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 2002 (Wet 10 van 2002) aangeneem. Dié wetgewing roep die Kantoor van die Verbruikersbeskerming in die lewe as 'n Proviniale owerheid verantwoordelik vir die ondersoek en oplossing van onbillike sakepraktyke.

Uit bogenoemde blyk dit dat die KVB 'n uiters breë mandaat het om gedrag te ondersoek wat 'n bevooroordelingseffek op verbruikers in die Provincie kon gehad het. Op 'n Nasionale vlak het ons egter die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008) wat ten volle op 1 April 2011 geïmplementeer is. Dié wetgewing het die provinsiale KVB se rol en mandaat binne die arena van verbruikersbeskerming verder verskans. Die nasionale wetgewing konkretiseer verder ook sekere onwettige praktyke en skryf die onderskeie rolle en funksies voor wat provinsiale kantore en provinsiale tribunale nou sal moet vervul om die doeltreffende implementering van die nasionale wetgewing te verseker. In die praktyk beteken dit dat die KVB ondersoeke sal hou na klagtes wat verbruikers teen die gedrag/produk/diens van 'n besigheid lê. Dié mandaat word in terme van beide provinsiale en nasionale wetgewing uitgevoer.

Tans is dit die KVB se praktyk om verbruikersklagtes via die volgende twee hoofroetes te ontvang:

- Tolvrye Inbelsentrum: Die KVB het 'n tolvrye inbelsentrum wat deur 'n eksterne agentskap namens die Proviniale regering van die Wes-Kaap bestuur word. Verbruikers in die Wes-Kaap kan dus 'n formele klage via die inbelsentrum aanhangig maak. Die saak word amptelik aangeteken en daarna deur die KVB ondersoek.
- Instapsentrum: Die KVB bied ook 'n "kliënte-instapsentrum" in sentrale Kaapstad. Verbruikers kan die sentrum besoek en 'n formele klage in persoon lê.

In terme van die lewingsomgewing is die regulatoriese instansies binne die DEOT dikwels as 'n ietwat misplaaste entiteit binne die ekonomiese ontwikkelingsruimte beskou. Dit was hoofsaaklik aangesien regulering oor die algemeen beskou is as dat dit ontwikkeling teenwerk en 'n negatiewe krag is in 'n omgewing wat 'n groeiende ekonomie tot stand wil bring. Oor die afgelope paar jaar is regulasies egter erken as 'n instaatstellende faktor wat verseker dat alle ekonomiese rolspelers (verbruikers, ondernemings en die onderskeie vlakke van regering) saamwerk in 'n wetlik veilige en voorspelbare omgewing wat vir ekonomiese groei en transformasie gestruktureer is. Daar word toenemend in die sakesektor besef dat ekonomiese groei nie ten koste van gelykheid moet plaasvind nie. Regverdigheid teenoor verbruikers en die onderskrywing van verantwoordelike handels- en produksiepraktyke kan dien as mededingingsvoordele wat hulle goed te pas kan kom in 'n geglobaliseerde ekonomie, waar daar toenemend teen buitelandse mededingers (teenoor plaaslikes) deelgeneem sal moet word. Onlangse en ontlukende tegnologiese veranderinge, handelsmetodes, patronen en ooreenkoms het nuwe voordele, geleenthede en uitdagings na die mark vir verbruikersgoedere en -dienste in Suid-Afrika gebring, en sal voortgaan om dit te doen. Gevolglik is dit as wenslik beskou om 'n ekonomiese omgewing te bevorder wat 'n kultuur van verbruikersregte en -verantwoordelikhede, sake-innovering en verbeterde prestasie ondersteun en versterk.

Die onlangse literatuur oor internasionale verbruikersbeskerming het aangedui dat reputasie en vrees vir swak publisiteit uiters belangrik is as dryfkrag vir gehoorgewing – wat die gevolgtrekking steun dat die lok en behoud van kliënte toenemend die top sakeprioriteit raak. Reputasie tree dus na vore as 'n uiters belangrike faktor wat gehoorgewing vir sowel groot as klein firmas beïnvloed. Daar word kennis geneem van hoeveel agentskappe nou die gebruik van publisiteit voorstaan om die publiek in te lig, en gevolglik om verbeterde vlakke van gehoorgewing aan te moedig. In gesprekke met besighede oor die kwessie van gehoorgewing aan die regulasies van die Wet op Verbruikersbeskerming het dit duidelik geraak dat baie van hulle (veral KMMO's) dit geïdentifiseer het dat die onderhoud van uitstekende verhoudinge en reputasiekapitaal met plaaslike gemeenskappe volgehoue sakesukses kan bevorder, terwyl 'n verlies aan reputasie (byvoorbeeld weens 'n kliëntediensprobleem) 'n besigheid skade kan berokken. Dit is dus duidelik dat die onvermoë om aan die wet gehoor te gee en die moontlikheid om dus aan afdwingingsaksie onderwerp te word, ook toenemend deur besighede beskou word as dat dit die potensiaal het om hul reputasie skade aan te doen.

Dit is dus duidelik dat 'n doeltreffende verbruikersbeskermingsomgewing een is wat 'n meganisme moet verskaf waardeur verbruikers onwettige sakegedrag kan aanspreek, maar ook een wat die belang van 'n groeigeboreerde ekonomie erken. Op dié manier kan die KVB nou doeltreffend sy nis binne die WKR vind aangesien sy regstellingsdienste vir verbruikers grootliks sal bydra tot die nasionale uitkoms van versekering dat 'n "doeltreffende en doelmatige ontwikkelingsgeoriënteerde openbare diens en 'n bemagtigde, billike en inklusiewe burgery" ontwikkel word.

Insgelyks sal die KVB se gesprek met besighede om te verseker dat die voordele van gewillige gehoorgewing betreffende groei, mededingendheid en verbetering van sektore of besighede, vir seker bydra tot die behaal van VIP 2 (Groei en Werksgeleenthede) en spesifiek die fokus op die ekonomie en werkskepping.

#### **8.2.5 Subprogram 4.1: Hoofrisiko's**

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
'n Verbeterde omgewing bevorderlik vir billike sakepraktyk en ingeligte verbruikers	Verbruikersopvoedingsprogramme: Die onvermoë om doeltreffende en volgehoue verbruikersopvoedingsprogramme regoor die Provinse aan te bied weens ontoereikende hulpbronne (menslik, infrastruktureel en finansieel), wat lei tot 'n afname in die bewustheidsvlakte van verbruikersregte, en die mislukking om diensstandarde te behaal.	Verbetering van strategiese skakels met verskeie belanghebbendes en vennote binne die verbruikersbeskermingsomgewing.  Samewerking met die media sal voortgesit word om te verseker dat die blootstelling van die onderskeie geleenthede, projekte en programme van die KVB aan lesers, luisteraars en kykers van die onderskeie
	Die mislukking om sake op te los weens die ondoeltreffende operasionalisering van die Nasionale Verbruikerskommissie en die inkonsekwente interpretasie van regulasies binne nasionale en provinsiale verbruikersbeskerming-wetgewing wat 'n impak het op verbruikers se reg om doeltreffende regstelling op 'n klage te ontvang, en wat dienslewering by Proviniale kantore in die wiele ry.	Die tot stand bring van 'n Staande Advieskomitee tot die Wet op Verbruikersbeskerming deur die Nasionale Kommissaris.  Kwartaallikse sakebestuurvergadering tussen provinsies.  Gereelde verslagdoening aan die Nasionale Verbruikerskommissie oor prestasievante sake.  Posisioneer dokument om deur die Departement onwikkel te word oor wysigingswetgewing, en die voorlegging van sulke dokumente aan die Proviniale en Nasionale minister verantwoordelik.  Handel & Bedryfs- en Ekonomiese Geleenthede.

### 8.3 Programhulpbronoorweging

#### Begrotingstoewysing aan Program en Subprogramme

Subprogram	Geouditeer			Hoofbegroting	Gewysigde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermyn-besteding		
	R'000	2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2019/20	2019/20	2020/21	2021/22
1. Verbruikersbeskerming	10 479	10 600	9 684	9 900	9 150	9 150	8 624	8 914	9 248
<b>Totale betalings en skattings</b>	<b>10 479</b>	<b>10 600</b>	<b>9 684</b>	<b>9 900</b>	<b>9 150</b>	<b>9 150</b>	<b>8 624</b>	<b>8 914</b>	<b>9 248</b>
Ekonomiese klassifikasie R'000									
<b>Lopende betalings</b>	<b>10 361</b>	<b>10 591</b>	<b>9 024</b>	<b>9 900</b>	<b>9 150</b>	<b>9 150</b>	<b>8 614</b>	<b>8 914</b>	<b>9 248</b>
Vergoeding van werknemers	8 033	7 759	7 419	7 700	6 950	6 950	6 924	7 342	7 602
Goedere en dienste	2 328	2 832	1 605	2 200	2 200	2 200	1 690	1 572	1 646
<b>Oordragte en subsidies aan:</b>		<b>7</b>							
Provinsies en munisipaliteit									
Departementele agentskappe en rekeninge									
Hoër onderwys-instansies									
Buitelandse regerings en internasionale organisasies									
Openbare korporasies en privaatondernemings									
Instansies sonder winsbejag									
Huishoudings		7							
<b>Betalings vir kapitale bates</b>	<b>70</b>	<b>2</b>	<b>660</b>				<b>10</b>		
Geboue en ander nieroerende strukture									
Masjinerie en toerusting	68	2	660				10		
Erfenisbates									
Gespesialiseerde militêre bates									
Biologiese bates									
Grond en ondergrondse bates									
Sagtewarde en ander ontasbare bates	2								
<b>Betalings vir finansiële bates</b>	<b>48</b>								
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>	<b>10 479</b>	<b>10 600</b>	<b>9 684</b>	<b>9 900</b>	<b>9 150</b>	<b>9 150</b>	<b>8 624</b>	<b>8 914</b>	<b>9 248</b>

#### Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die behaal van uitsette

Om dienste aan die burgers van die Wes-Kaap te verbeter, sal die Program die Verbruikersake-tribunaal in die lewe roep en begin met 'n omvattende hervorming van wetgewing om die Provinciale wetgewing in ooreenstemming met Nasionale wetgewing te bring. Om kliëntediens te verbeter en die klagte-oplossingsproses meer doeltreffend te maak, sal die Program voortgaan om staat te maak op die inbelsentrumdienste wat deur die Departement van die Premier bestuur word. Die Oracle-stelsel wat die inbelsentrum gebruik, stel die Program in staat om die klagte-oplossingsproses doeltreffend te bestuur. Om verder ook 24-uur-toegang tot die stelsel te verseker, sal die Program aansoek doen vir Virtuele Privaattroeteringsnetwerk vir sy personeel in die Klagtebestuur-eenheid. Dit sal personeel in staat stel om toegang te verkry tot klagtebestuurstelsels buite die kantoor. Die toegewysde begroting sal gebruik word om die diensaanbod van die KVB te verbeter.



## Program 5: Ekonomiese Beplanning

## 9. Program 5: Ekonomiese Beplanning

### 9.1 Doel

Die doel van dié Program is om ondersteuning aan die Provinciale leierskap te verleen en om ekonomiese groei moontlik te maak d.m.v. die generering en koördinering van ekonomiese navorsing en beplanning, en deur die aktiewe ondersteuning van hoof- ekonomiese tematiese dryfkrag en instaatstellers wat ekonomiese groei regoor die ekonomie en binne sektore van die ekonomie sal stimuleer.

### 9.2 Subprogram 5.1: Ekonomiese Beleid en Beplanning

#### 9.2.1 Doel

Om die ontwikkeling van Provinciale ekonomiese beleide en strategieë te ondersteun.

#### 9.2.1.1 Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling

##### 9.2.1.2 Doel

Om ekonomiese navorsing te onderneem.

*Nota: Die uitkomste van Subprogramme 5.1 en 5.2 sal in die tabel hieronder gekombineer word.*

In die komende boekjaar sal die Subprogram sy huidige doelstelling van navorsing en ontwikkeling uitbrei om strategies nader te beweeg aan die toenemende beleid- en beplanningsmandaat wat uit die nuwe Vyfjaar- Provinciale Strategiese Plan vloei.

#### 9.2.2 Subprogram 5.1 & 5.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie	MTBR-tydperk			
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Toename in uitvoer	Ekonomiese navorsing oor beleid en beplanningsverslae ontwikkel	5.1 Getal beplanningsverslae ontwikkel	16	10	10	10	10	10	10	10

#### 9.2.3 Subprogram 5.1 en Subprogram 5.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitkoms-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
5.1 Getal navorsingsverslae ontwikkel	10	1	2	3	4

#### 9.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Navorsingsverslae sal kritieke navorsing vaslê en ontleed terwyl dit beleidsontwikkeling ondersteun. Dit sal ook ekonomiese intelligensie verskaf om Provinciale ekonomiese beleide en strategieë te ontwikkel wat verhandelbare sektore ondersteun. Dit sluit breedweg in: die ontleding van produktiwiteits- en mededingendheidsverwante faktore soos vaardighede, belegging en enige ander relevante gebiede. Meer spesifiek, ter ondersteuning van die Apex-prioriteit: Om uitvoer te laat groei, sal die Eenheid as 'n ondersteuningsfunksie ekonomiese intelligensie en data verskaf as insette vir Programme. Dit stem ooreen met Uitkoms 4 van die NOP se MTSR: Behoorlike werk d.m.v. inklusiewe ekonomiese groei; Subprogram 10: Belegging in navorsing, ontwikkeling en innovering ondersteun inklusiewe groei deur produktiwiteit van bestaande en ontluikende ondernemings te verbeter en die ontwikkeling van nuwe bedrywe te ondersteun.

Deur ekonomiese leierskap en koördinering te ondersteun, sal die dienste wat aangebied word ekonomiese diskouers in die Provincie lei en vorm gee. Die Departement sal die ontwikkeling van ekonomiese beleid en beplanning regoor alle ekonomiese deelnemers aan die Provincie koördineer, soos per VIP 2: Groei en Werksgleenthede.

### 9.2.5 Subprogram 5.1 en 5.2: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Toename in uitvoer	Getuienisgegronde beplanning en implementering wat nie plaasvind nie weens ontoereikende data en ontledingstelsels.	Verseker onderhoud van datasubskripsies en personeel vereis om ontleding vir getuienisbeplanning en -implementering te verskaf.

### 9.3 Subprogram 5.3: Kennisbestuur

#### 9.3.1 Doel

Om die koördinering van die ekonomiese ekostelsel en ekonomiese voorspraak te koördineer.

#### 9.3.2 Subprogram 5.3: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Verhoogde Randwaarde van belegging	Vennootskappe aangegaan en versterk	5.2 Getal vennootskappe aangegaan/versterk	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	20	20	30	

#### 9.3.3 Subprogram 5.3: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitkoms-aanwysers			Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
5.2 Getal vennootskappe aangegaan/versterk			20	-	-	-	20

#### 9.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die Strategiese Plan sit die belang van 'n Ekonomiese Visie, Ekonomiese Handelsmerk en Ekonomiese Voorspraak uiteen. Dié aktiwiteite sal slegs 'n impak hê as dit resoneer met die sake- en ekonomiese rolspelers, en die Subprogram sal die koördinering van die ekonomiese visie en handelsmerk dryf en die getal belanghebbendes uitbrei om ekonomiese ambassadeurs van die Wes-Kaap te word.

Ekostelsels is gesamentlik ontwikkelende en dinamiese gemeenskappe en diverse belanghebbendes en rolspelers wat nuwe waarde skep en behou deur inligting te deel en saam te werk om geleenthede te verwesenlik en uitdagings te oorkom (Kelly, 2015). Ekostelsels kan kragtige mechanismes wees om inligtings- en netwerk-markmislukkings te oorkom en om vertroue te bou, sakevertroue 'n hupstoot te gee en mededingendheid te verbeter.

Suid-Afrika neig om te worstel met swak en gefragmenteerde ekostelsels – onder en binne die Regering, sakewêreld, arbeidsvakbonde, burgerlike gemeenskap en die akademie. As gevolg daarvan ly Suid-Afrika aan markmislukkings soos inligtings- en netwerkmarkmislukkings. Deur die WKR se verhoudings met hoof- ekonomiese belanghebbendes uit te brei en te versterk, is die doel dat die Regering soos 'n katalisator binne die ekostelsel optree deur inligting en ekonomiese intelligensie te deel, volwasse vennootskappe te bou en hulpbronne te hefboom vir gedeelde mikpunte en doelwitte. Deur dié vennootskapskakels sal die ekonomiese netwerk uitbrei, vertroue sal versterk word en sakevertroue sal 'n hupstoot kry.

Die ontwikkeling van gesikte vennootskappe wat die ekonomiese netwerk verbeter en sakevertroue laat toeneem, ondersteun die dryfkrag van VIP 2: Groei en Werksgeleenthede ('n instaatstellende ekonomie wat werksgleenthede skep, deur aanvraag gelei word en deur die privaatsktor gedryf word); en VIP 5: Innovering en Kultuur (Burgersentriese Kultuur). Dié benadering stem ook ooreen met die NOP se MTSR-uitkoms 4: Behoorlike werk d.m.v. inklusiewe ekonomiese groei; Subprogrambelegging in navorsing, ontwikkeling en innovering ondersteun inklusiewe groei deur produktiwiteit van bestaande en ontluikende ondernemings te verbeter en die ontwikkeling van nuwe bedrywe te ondersteun.

### 9.3.5 Subprogram 5.3: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Verhoogde Randwaarde van belegging	Daar is baie eksterne faktore wat 'n negatiewe impak op die persepsies en handelsmerk van die Wes-Kaap kan hé, wat lei tot verlies aan besigheid en burgervertroue.	Sterk verhoudings en gevestigde kommunikasieplatforms sal die impak help teenwerk wat eksterne faktore mag hé, aangesien dit hoë vlakke van vertroue en die sterk vloei van inligting verseker en die negatiwiteit met suksesverhale of toepaslike kontekstualisering verlaag.

### Subprogram 5.4: Monitering en Evaluering

Die aktiwiteite vir Subprogram 5.4: Monitering en Evaluering sal onder Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling geïnkorporeer word.

## 9.4 Subprogram 5.5: Instaatstellende Groei-infrastruktuur en -inisiatiwe (oftewel Katalitiese Inisiatiwe)

### 9.4.1 Doel

Om 'n instaatstellende ekonomiese omgewing te ontwikkel en/of te stimuleer d.m.v. katalitiese ingrypings en infrastruktuur.

### 9.4.2 Subprogram 5.5: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geoudideerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie	MTBR-tydperk			
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Toename in Randwaarde van belegging	Katalitiese infrastruktuur-projecte ondersteun	5.3 Getal katalitiese infrastruktuur-projecte ondersteun	7	4	4	6	5	5	6	

### 9.4.3 Subprogram 5.4: Aanwyser, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
5.3 Getal katalitiese infrastruktuur-projecte ondersteun	5	-	-	-	5

### 9.4.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Infrastruktuur is van deurslaggewende belang om die belegging en die groei van die BNP te stimuleer deur 'n instaatstellende omgewing vir besighede te skep. Katalitiese infrastruktuur (infrastruktuur vir besighede) tree op as 'n fasiliteerde en instaatsteller vir die mobiliteit van arbeid, kapitaal en ander insette by produksie, en verbeter só produktiwiteit en verminder kostes. Dit verhoog die vloei van inligting; ontsluit nuwe geleenthede spesifiek vir die doel van werkskepping; verhoog mededinging en verminder asimmetrie en ander markgebreke of -mislukkings. Voorbeeld van katalitiese inisiatiwe sluit in ekonomiese en nywerheidsones, brandpunte en toerisme-aantreklikhede.

Uit die oogpunt van 'n mededingende voordeel-raamwerk vir nywerhede en nasies, word infrastruktuur beskou as 'n grondliggende onderdeel van die "faktortoestande" en is deurslagwend vir die opbou van klusters en die waardekettings vir sektore. Infrastruktuur is van die uiterste belang by die stimulering van belegging en 'n 'n groei in BNP deurdat dit 'n instaatstellende omgewing skep. Dit maak voorsiening vir doeltreffende hulpbrontoewysing en ekonomiese skaal. Getuienis wys dat 'n toename van 10% in infrastruktuurbates BNP per capita met 0.7% -1% laat toeneem. Die sleutel tot die verhoging van produktiwiteit is die groei in vaste kapitaal (bates en kapitaal soos eiendom, aanlegte en toerusting) wat per capita beskikbaar is. Die ontwikkeling van infrastruktuur verbeter mededingendheid en die diversifisering van produkte. Dít gee weer 'n hupstoot aan uitvoer en die skep van plaaslik ondersteunende indiensneming.

Vir die doel van infrastruktuur wil die Program dus die ontwikkeling van ekonomiese ontwikkeling-infrastruktuur ondersteun wat belegging kan lok en só die Wes-Kaapse ekonomie laat groei en werk skep. Dié doelwit stem ooreen met die PSP se vereiste om bykomende belegging na die streek te lok onder VIP 2: Groei en Werksgeleenthede ('n instaatstellende ekonomie wat werk skep, deur aanvraag gelei word en deur die privaatsektor aangedryf word). Die doelwit stem verder ooreen met die NOP se langtermyn-visie tot by 2030 vir die versnelling van die groei van BNP sodat werkloosheid en ongelykheid verklein kan word. Verder stem dié doelwit ooreen met die NOP se Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MTSR) Uitkoms 4: Behoorlike werk d.m.v. inklusiewe ekonomiese groei; Subuitkoms 1: Produktiewe belegging word effektiwelik ingevorder deur die infrastruktuur-bouprogram; Aksie: infrastruktuur sal produktiewe belegging en groei ondersteun.

- **Saldanhabaai-nywerheidsontwikkelingsone**

Die ontwikkeling van die Saldanhabaai-nywerheidsontwikkelingsone (SBNOS) sal voortgaan as 'n hoofdryfkrag van die Olie & Gas- en Mariene Ingenieurswese-sektore, met die eerste elemente van die na-bestelling-vervaardigde infrastruktuur van die Olie & Gas- en Mariene Ingenieurswese-spilpunt wat in Saldanhabaai in plek is. Die boekjaar 2020/21 sal die tweede jaar van werksaamhede wees wat verdere beleggings in infrastruktuur en die vestiging van ondersteuningsdienste sal sien plaasvind om die waarde-aanbod van die Vrye Hawe-konsep te voltooi. Die NOS speel 'n kataliseringersrol om die nywerheidspotensiaal van die Weskus, en Saldanha in die besonder, te ontsluit.

Met die sektorspesifieke waarde-proposisie van howeverwante infrastruktuur en 'n geskikte model vir die GVSD (Vrye Hawe-status), het die SBNOS die regsinstrumente ingespan om die geteikende nywerheidsaktiwiteite te lok. Die einddoel is om ekonomiese groei en volhoubare werkskepping te stimuleer d.m.v. die broodnodige herindustrialisering van die plaaslike ekonomie. Die strategiese plan vir die volgende vyf jaar van die SBNOS sal fokus op kommersiële volhoubaarheid in balans met die imperatief van groter inklusiviteit.

Met die eerste beleggers wat reeds in die boekjaar 2019/20 met bouwerk en werksaamhede begin het sowel as 'n gesonde beleggingspyplyn, is die kommersiële mikpunte op die regte spoor. Die grondslag van inklusiviteitsinisiatiwe soos die ontwikkeling van plaaslike mense is al sedert 2014 gelê. Verdere ontwikkeling van plaaslike talent en besighede sal moet byhou by die groei in sake-aktiwiteite van die beleggersbasis.

Die Weskuns-nywerheidsplan (WNP) ervaar ook die eerste reële beleggings in nuwe infrastruktuur (vloeibare petroleumgas- [VPG-] terminale, uitbreiding van toegangspaaie en die inwerkingstelling van die eerste prosesseringsaanleg). Die SBNOS-ondersteuningsgroep en Ministeriële Mandaatkomitee is uitgebou tot die Hele Gemeenskap-benadering (WOSA) en begin om die gekoördineerde toepassing van ontwikkelingsinisiatiwe in die streek te implementeer, insluitende Ondernemingsontwikkeling, die Ontwikkeling van Onderwys en Vaardighede, instaatstellende infrastruktuur en ander sosiale dienste. Dit sluit noue samewerking met groot korporatiewe beleggers sowel as KMMO's en hoof- produktiewe sektore in - wat alles nou geïntegreer is met die werk van die relevante DEOT-eenhede, insluitende Sektorale Ondersteuning, Rompslompvermindering, Ondernemingsontwikkeling en Vaardighede.

- **Kaapse Katalisator (voorheen bekend as Strategiese Ekonomiese Ontwikkelingsinfrastruktuurmaatskappy/ SEDIC).**

In 2019/20 sal dié SEDIC-projekspan met die DEOT en ander relevante regeringsvennote en belanghebbendes saamwerk om die ontwikkeling van sy pyplynprojekte van stapel te stuur, gegrond op kritieke gebiede wat ingryping en ondersteuning uit 'n infrastruktuur-oogpunt benodig. Die bepaalde pyplynprojekte sal verseker dat die Wes-Kaap bekend raak vir sy veerkratige en volhoubare ekonomiese ontwikkelingsinfrastruktuur, wat weer belegging en werkskepping vir die streek sal ontsluit, met 'n besondere fokus op die stimulering van uitvoer in verhandelbare sektore soos nodig mag wees.

- **Atlantis- Spesiale Ekonomiese Sone- (ASES-) entiteit**

In 2019/20 is die Atlantis- Spesiale Ekonomiese Sone- (ASES-) entiteit in die lewe geroep as die bestuursmaatskappy vir die ASES in ooreenstemming met die Wet op die SES, Wet 16 van 2014. Dit was 'n deurslaggewende stap in die rigting van die inwerkingstelling van die "groen" tegnologie-gefokusde-ASES wat daarop gemik is om beduidende belegging en werkskepping oor die volgende vyf jaar in die streek te kataliseer.

Die boekjaar 2020/21 sal voortgaan om te fokus op die inwerkingstelling van die ASES en aansoek doen om onttrekksing uit die SES-infrastruktuurfonds wat bouwerk teen 2021/22 moontlik sal maak. Die ASES-maatskappy sal ook voortgaan om die suksesvolle beleggingswerwingsveldtog wat reeds begin het, te implementeer en die

vyfjaar-uitkomsteiken van "waarde van beleggings gefasiliteer" te behaal. Laastens sal die ASES voortgaan om die vaardigheids-, ondernemings- en gemeenskapsontwikkelingsprogramme saam met en vir die besighede en gemeenskap van Atlantis te implementeer.

- Ontwerp en Innovering**

Die Ontwerp- en Innoveringsinisiatief wil eerstens innovering in die Wes-Kaap koördineer, bevorder en stimuleer met die doel om dienslewering te verbeter, doeltreffendheid te skep en te verseker dat die WKR beskou word as 'n innoverende regering – 'n kritieke faktor in 'n mededingende ekonomie wat belegging kan lok. Die projekte wat deel van dié aspek vorm, sluit in openbare innoveringspromosies en -bewustheid sowel as die bestuur van die ideebestuurstelsel wat in 2019/20 ontwikkel is om nuwe oplossings vir die uitdagings wat die Regering in die gesig staar, na vore te bring.

Die tweede aspek van dié inisiatief fokus op die stimulering van kommersialisering en aanvaarding deur besighede en organisasies in die Wes-Kaap. Die Eenheid sal weer venootskappe sluit met hoofbelanghebbendes om 'n Wes-Kaapse Ontwerp- en Innoveringsfonds (OIF) te implementeer wat vooraf- en beginnermaatskappye kan ondersteun sodat hulle belegging na hul intellektuele eiendom kan lok.

#### 9.4.5 Subprogram 5.5: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovernindering
Toename in Randwaarde van belegging	<p>Ekonomiese potensiaal vir werksepping en die groei van BNP is nie verwesenlik nie weens 'n gebrek aan beleggering in infrastruktuur.</p> <p>Die beleggingsklimaat bly steeds konserwatief of krimp wees omstrede Nasionale beleidsbesluite.</p>	<p>Doen voorspraak by die Nasionale Regering om beleggersvriendelike beleidsbenaderings te wysig (GVSD).</p> <p>Bevorder die Wes-Kaap as 'n beleggingsbestemming van keuse op die vasteland van Afrika.</p>

#### 9.5 Subprogram 5.6: Breëband vir die Ekonomie (oftewel Digitale Ekonomie)

##### 9.5.1 Doel

Om die gebruik, gereedheid vir en toeganklikheid van digitale tegnologie deur burgers en besighede te ondersteun en te stimuleer.

##### 9.5.2 Subprogram 5.6: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie				Geskatte Prestasie	MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Toename in Randwaarde van beleggings	Digitale ekonomiese projekte ondersteun	5.4 Getal digitale ekonomiese projekte ondersteun	7	9	8	7	7	7	7	

##### 9.5.3 Subprogram 5.5: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
5.4 Getal digitale ekonomiese projekte ondersteun	7	-	-	-	7

#### 9.5.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

By gebrek aan enige formele, erkende definisie, kan die Digitale Ekonomie gedefinieer word as die ekonomiese aktiwiteit wat volg op die miljarder aanlyn-konneksies in 'n hipergekonnekteerde wêreld bestaande uit mense, besighede, data, toestelle en prosesse. Verwant hieraan is die konsep van Digitale Ontwrigting, wat die manier is waarop digitale tegnologie markte, die arbeidsmag, produktiwiteit en mededingendheid omvorm. Digitale tegnologie ontwrig toenemend die gedrag van burgers en organisasies in alle sektore op die manier wat hulle hul besighede bestuur en hul werksaamhede uitvoer. Van veranderende kliënteverwagtinge tot die veranderende aard van produkte en dienste, sal alle bedrywe hulle moet toerus vir 'n respons op dié veranderende nuwe horison. Breëbandkommunikasie bly steeds die grondslag van alles wat hierbo genoem word.

Die IMF het in 2016 vasgestel dat die digitale sektor steeds minder as 10% van die meeste ekonomieë uitmaak as dit aan waardetoegevoegde inkomste of indiensneming gemeet word. Die afgelope paar jaar was digitale tegnologieë egter verantwoordelik vir meer as sowat een-derde van die groei in BNP in lande met 'n hoë inkomste, maar net die helfte daarvan in ontwikkelende lande weens minder intensiewe opname. Digitale maatskappye beklee nou agt uit die top tien plekke in die "Fortune 500"-lys, met markaandele van ongeveer \$1-triljoen elk. Die Wêreldbanks beskou nou die Digitale Ekonomie as gelykstaande aan 15.5% van die wêreld se oorkoepelende BNP, en verwag dat dit in minder as 'n dekade 25% sal bereik om die groei van die globale ekonomie vinnig verby te stek.

Die voordele van digitale tegnologieë filter deur die ekonomie. Vir besighede bevorder die internet die insluiting van firmas in die wêreldekonomie d.m.v. die uitbreiding van handel, die verhoging van kapitaalproduktiwiteit en die intensiverende mededinging in die mark, wat weer innovering teweegbring. Dít bring geleenthede vir huishoudings om nuwe soorte werk te skep, die arbeidsmag se vaardighede te hernieu of op te skerp, menslike kapitaal te hefboom en verbruikerssurplus te produseer. Dit stel burgers in staat om toegang tot openbare dienste te verkry, versterk die Regering se vermoëns en dien as 'n platform vir burgers om kollektiewe aksie-probleme aan te spreek.

Die volgende verklaring van die Wêreldbanks se verslag getitel "Suid-Afrika: Digitale Ekonomie Diagnostiese Verslag (Junie 2019)" verskaf 'n gefokusde assessering van die vooruitsigte vir ons Digitale Ekonomie:

*Met sterk grondbeginsels soos 'n relatief sterk vervaardigingsgrondslag, 'n kritieke massa privaatsektorfirmas, diep en gediversifieerde finansiële en kapitaalmarkte, bevoegdheid in navorsing & ontwikkeling, verskeie internasionaal erkende universiteite, en wye dekking van mobiele breëband, word daar geraam dat meer as ZAR5-triljoen in waarde oor die volgende dekade in Suid-Afrika geskep kan word deur die gebruik van digitale tegnologieë in hoofnywerheidsektore, insluitende landbou, openbare infrastruktuur en administrasie, finansiële dienste en vervaardiging.*

Die hoofbeginsel van die Wêreldbanks is dat, bykomend tot die groeivoortsigte binne die tegniese sektor self, die reële groeigeleenthede vir digitale tegnologieë kom van hul toepassing in vertikale nywerhede, waar dit mededingende voordeel, verbeterde doeltreffendheid en groter produktiwiteit skep. Uit bogenoemde blyk dit dat die Wêreldbanks Suid-Afrika beskou as dat die land beskik oor die basiese ekonomiese bates en vermoëns om die voordele wat digitale tegnologieë verskaf, te hefboom. As die Wes-Kaap in staat is om die verbeterde mededingendheid in te span wat uit die gebruik van tegnologie in bedrywe voortspruit, sal die streek in staat wees om uitvoer en belegging te versnel. Dit is hierdie begrip wat die werk van die Departement oor die volgende vyf jaar sal rig – die verbetering van tegniese vermoëns en die fasilitering van die opneem van tegnologie.

Wat betref die hoofverklarings van die Wêreldbanks se kommentaar, en binne die konteks van die Wes-Kaap:

- Die tegniese ekostelsel in die Wes-Kaap is reeds relatief goed ontwikkel, met Kaapstad en die streek Stellenbosch wat erken word as een van die hoofspilpunte vir tegnologie-beginnersbesighede in Afrika. Navorsing wat in 2018 uitgevoer is, het bevind dat tussen 450 en 550 entrepreneursmaatskappye in sagteware-ontwikkeling, e-handel of finansiële tegnologie werk; dat baie befondsingsgeleenthede bestaan; en dat daar 'n sterk kultuur van innovering en 'n uitstekende leefstyl bestaan. 'n Belangrike feit is dat die sektor tussen 40 000 en 50 000 mense in diens het.
- Die Wes-Kaap is die tuiste van vier universiteite (Kaapstad, Stellenbosch, CPUT en UWK) plus ses Tegniese en Beroeps-onderwys en -opleidingskolleges (TBOO-) kolleges.
- Die Wes-Kaap het uitgebreide vesel-, mobiele en draadlose dekking wat breëbanddienste verskaf. Dié dienste is wyd beskikbaar in die metropool, maar brei ook uit na tweedevlak-dorpe, waarskynlik as gevolg van die WKR se breëband-inisiatiewe.

- Die landbou-, vervaardiging- en finansiële dienste-sektore is goed ontwikkel en verskaf aansienlike uitvoerinkomste aan die fiskus. Dit verteenwoordig 'n geleentheid vir die groei van plaaslike en uitvoerbesighede. Die Sakeproses-uitkontrakterings- (SPU-) bedryf is ook goed gevestig en verskaf 'n platform vir groei.
- Daarby beskik die Wes-Kaap ook oor die Wetenskap- en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) se Sentrum vir Hoëprestasie-rekenaarwese (SHPR), die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se iThemba-laboratoriums en die Suid-Afrikaanse Radio-astronomie-sterrewag, wat alles 'n hooggeskoolde vaardighedsbasis vereis.

Die Wes-Kaap se visie is om erken te word as die voorste digitale tegnologie-spilpunt in Afrika, asook die tegnologietalent-spilpunt van Afrika. Eenvoudig gestel, is die Provincie van plan om 'n buitengewoon groot aandeel van die ZAR5-triljoen-waarde wat hierbo genoem is in te palm en die grootste gedeelte daarvan aan belegging in die Wes-Kaap toe te sê.

Die Wes-Kaap kan sy posisie as die voorste digitale ekostelsel in Afrika ontgin om voorspraak te maak vir 'n kultuur van innovering en talent sowel as die aanneem van digitale tegnologieë, om só werkskepping in 'n aantal digitaal geskakelde sektore te laat plaasvind. Groei sal op die volgende maniere behaal word:

- Lewensvatbare netwerke van beginnermaatskappye en florerende tegnologie-ekostelsels word beskou as deurslaggewende faktore vir die sukses van beginnermaatskappye. Die Wes-Kaap wil voortbou op die status quo en 'n kultuur van gemak van sake doen (GVSD) vestig om 'n bevorderlike omgewing te skep vir plaaslike beleggings en Buitelandse Direkte Beleggings (BDB) van digitaal- en tegnologie-verwante besighede. Die ontwikkeling van die ekostelsel van versnellers en inkubators, waagkapitaalwoekeraars en engelbeleggers sal die werk van die skerpste breine lok en bevorder. Dié omgewing sal talent van die res van die streek, die land, die vasteland en die buiteland aantrek en bevorder. Om dit te bewerkstellig, sal bemarkingsboodskappe uitgestuur word.
- Die kandidaatsubsektore wat geprioritiseer sal word, is Finansiële tegnologie, Veiligheidstegnologie, Skerm-tegnologie, Opvoedingstegnologie, Gesondheidstegnologie (insluitende Biotegnologie), Township-tegnologie (spesifiek die gebruik van die Khayelitsha-gebied as die loodsstreek) en 4IR-tegnologie. Tegnologieë wat vroue, kinders, jongmense en mense met gestremdhede bystaan, sal prioriteit geniet.
- Beste praktyk en innovering met die gebruik van tegnologie sal bevorder word in die plaaslike nietegnologiese of vertikale bedrywe, d.i. tegnologie sal transversaal regoor alle sektore toegepas word om produktiwiteit en mededingendheid aan te dryf. Bedryfsgefokusde tegnologie-produktiewe kontakgeleenthede met sektore sal beplan en uitgevoer word om dit te behaal.
- Baie van die Wes-Kaapse tegnologiemaatskappye bedien plaaslike en internasionale kliënte. Pogings sal uitgebrei word om die uitvoerrelevansie en -vermoëns sowel as internasionale statuur van die plaaslike maatskappye te verhoog.
- 'n Hoofuitvoerelement van die Digitale Ekonomie is die SPU-sektor wat tans verantwoordelik is vir 30 000 direkte werkgeleenthede en meer as R10-miljard aan buitelandse inkomste verdien. Die visie is om dié sektor vinnig te laat uitbrei om meer as 50 000 werkgeleenthede oor vyf jaar te bereik. 'n Beduidende poging om nuwe werkers in die gebruik van digitale tegnologie op te lei en huidige werkers se digitale vaardighede op te skerp, sal vereis word om dit te behaal.
- Deur gefokusde en gekoördineerde pogings sal die Wes-Kaap 'n veerkrachtige en beskikbare arbeidsmag hê wat vaardig is in digitale konsepte en toepaslik toegerus is vir die vereistes wat hierbo geskets is. Dit sal begin met ondersteuning en voorspraak op die vlak van basiese opvoeding, met die bevordering en wydverspreide aanneem van STEM-vakke (wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde) wat aangebied word, en sal deurstraal tot relevante gevorderde curricula op tersiëre vlak. Daar moet ook sterk klem val op gespesialiseerde digitale opvoedingsversnellers wat innovering in die aanbied en aanleer van digitale vaardighede teweeg sal bring om die vaardigheidsgaping aan te spreek en 'n veel groter ooreenstemming tussen die aanbod van vaardighede en die aanvraag daarna te verseker.

Die instaatstellers hieronder is nodig om te kan vorder na die visie wat hierbo uiteengesit is. Dit sal in aksie omgesit word deur befondste en niebefondste projekte:

1. Ondersteun die plaaslike tegnologiesektor d.m.v. programme om die ekostelsel te versterk, verhoog waagkapitaalvloei en aangemete sakamentorskap. Temas sluit in innovering in townships en plaaslike oplossings vir plaaslike en uitvoertoepassings.
2. Versterk die bemarkingsboodskappe en posisioneringstrategie verwant aan bogenoemde om belegging te lok en plaaslike innovering in die Wes-Kaap ten toon te stel.
3. Ondersteun digitale aanneming vir KMMO's en die bedryf oor die algemeen in die Wes-Kaap om hul produktiwiteit, mededingendheid en toegang tot nuwe markte te verhoog.

- Kweek ekonomiese veerkrachtigheid onder firmas in die Wes-Kaap, ondersteun verbeterde produktiwiteit, mededingendheid en uitvoer van verhandelbare sektore d.m.v. gereedheidsinisiatiewe. Die klem sal val op maatskappye wat nog nie ten beste gebruik maak van tegnologie nie en bystand nodig het om beste praktyk te verstaan en aan te neem deur die aanvaarding en integrasie van tegnologie.
- Stimuleer relevante vennote om verskafferskwessies aan te spreek, soos regulatoriese hindernisse insluitende skaars vaardighede-visas, wisselkoerskontroles, intellektuele eiendom, spektrumtoewysing, gebraiksregte, toegang tot vertikale bates en eiendom, ens.
- Vestig 'n digitale leierskapsplatform tussen die sakewêreld, Regering en akademie om op die voorpunt van plaaslike en internasionale tendense te bly. Tussenregeringskontak oor digitale transformasie en die Vierde Nywerheidsomwenteling (4IR), en advisering soos relevant in die verskillende sfere van regering.
- Oorbrug die vaardigheidsgaping deur digitale geletterdheid en verwante vaardighede (entrepreneurskap, werkgeredheid) regoor die Provincie te ondersteun d.m.v. die replisering van die I-CAN Learn- (Interaktiewe Gemeenskapstoegang-netwerk-) model (of 'n soortgelyke model) regoor die Provincie. Begunstigdes van dié benadering sal jongmense insluit wat toegerus sal word met die vaardighede om sukses te behaal in die 21ste-eeuse wêreld van werk.
- Ontwikkel 'n program met relevante rolspelers om tegnologie- en digitale vaardighede op skaal te bring, sowel as talentpyplyn-uitsette in die Wes-Kaap (intermediêre en gevorderde vlakke), insluitende 'n Digitale Vaardighederversneller.
- Dryf die aanvaarding van digitale tegnologieë binne die DEOT aan om produktiwiteit en innovering in die werkplek te behaal wat sal lei tot verbeterde diensleweringdoeltreffendheid en -doelmanigheid.

#### 9.5.5 Subprogram 5.6: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Toename in Randwaarde van belegging	Makro-vlek van politieke risiko's en Nasionale vlak-beleidsonsekerheid skrik beleggers af om in die Wes-Kaap te belê.	Verseker ooreenstemming met die WKR-doelwit om te verseker dat die GVSD in die Wes-Kaap aanhou verbeter.
	Lae vlak van vereiste vaardighede om die digitale ekonomiese-doelwitte in die Wes-Kaap te ondersteun. Dit affekteer nie net die buitelandse beleggingspotensiaal nie, maar ook die hoë risiko vir die verlies van werkgeleenthede weens outomatisering.	Gefokusde programme wat skakel met die ontwikkeling van vaardighede en talent in die Wes-Kaap om werkers se vaardighede op te skerp, hulle nuwe vaardighede te leer en op te lei om digitaal bevoeg te wees.

#### 9.6 Subprogram 5.7: Groen Ekonomie

##### 9.6.1 Doel

Om die ontwikkeling van "groen" nywerhede te stimuleer en om hulpbrondoeltreffendheid en -volhoubaarheid te fasiliteer om die mededingendheid en veerkrachtigheid van die hele ekonomie te verbeter.

##### 9.6.2 Subprogram 5.7: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Hulpbron-veerkrachtigheid van die ekonomie verbeter	Groen Ekonomiese projekte ondersteun	5.5 Getal Groen Ekonomiese projekte ondersteun	10	6	6	6	6	6	6	

\* Let asb. Daarop dat projekte tot aan die einde van 2019/20 Groen Ekonomiese projekte insluit.

### 9.6.3 Subprogram 5.7: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
5.5 Getal Groen Ekonomiese projekte ondersteun	6	-	-	-	6

### 9.6.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

#### Ekonomiese risiko, veerkragtigheid en klimaatsverandering

Te wyte aan die ekonomiese impak van water- en kragonsekerhede, 'n afvalkrisis wat vinnig op ons afkom en responsaksie teenoor globale klimaatsverandering (bv. koolstofbelasting en handelsversperrings), is hulpbronveerkragtigheid 'n noodsaaklike voorvereiste vir sakemededingendheid, vertroue, belegging, groei en die behoud en skep van werkgeleenthede. Daarby genereer die groei van die Groen Ekonomiese sektor (d.w.s. besighede wat "groen" tegnologieë, produkte en dienste verskaf) geleenthede vir plaaslike vervaardiging en werkskepping.

Oor die hooftydperk van die droogte (2017 en 2018) was BBP R5.1-miljard laer in albei tydperke in vergelyking met die Wes-Kaap se normale BBP-prestasie teenoor Nasionaal. Dit sluit uit 'n skatting van verlore geleenthede gedurende en ná die droogte. Watersekuriteit bly steeds 'n uitdaging vir die Wes-Kaap weens klimaatsveranderingprojeksiës van laer reënval, hoër temperature en groter windsspoed, 'n gebrek aan uiteenlopende watervoorsieningsbronne, infrastruktuur wat agteruitgaan en 'n toename in die aanvraag na water. Navorsing toon dat 22 Wes-Kaapsplaaslike munisipaliteite en die Stad Kaapstad teen 2032 ernstig of hoogs waterbeperk sal wees (met matige klimaatsveranderingprojeksiës van 'n vermindering van 20% in die lewer van watervoorsiening en toekomstige stedelike waternaamvraag, en ekstrapolering uit die stedelike waternaamvraag van 2015 (voordat die droogte toegeslaan het).

Terwyl daar aktief gewerk word aan die sistemiese kwessies wat ons waterveerkragtigheid t.o.v. toekomstige droogtes sou verbeter, is dit nog nie opgelos nie. Afgesien van die effek op sakevertroue en uitvoerpotensiaal wat wateronsekerheid veroorsaak, het die respons op dié uitdagings gelei (en sal dit verder lei) tot verhogings in die prys van water, met 'n uitkragende impak op sakemededingendheid. Baie van die ekonomiese sektore in die Wes-Kaap wat vir groei geteiken word, is waterintensief. Daarby toon die Wes-Kaapse Staat van die Omgewing-verslag (2028) dat die staat van biodiversiteit en ekostelsels, binnelandse water en oseane en kuste alles agteruitgaan. Dié stelsels en die produkte en dienste wat hulle verskaf vorm die basis van ekonomiese waterveerkragtigheid en verdere ekonomiese aktiwiteit.

Oor kragsekuriteit: 7000MW van ou kragaanlegte wat steenkool verbrand sal in die volgende vyf jaar gesluit word, met geen vaste planne in plek om die kapasiteit te vervang nie. Die huidige kragbeskikbaarheidsfaktor-syfers het 'n laagtepunt in 2019 bereik in vergelyking met enige Suid-Afrikaanse elektrisiteitskrisis in die verlede. Alle aanduidings is dat die kragtoevoer in Suid-Afrika erg beperk gaan wees vir die volgende vyf jaar. Die ekonomiese impak van beurtkrag op die Suid-Afrikaanse ekonomie in 2019K1 is op R65-miljard aan verlore produksie geraam, met 'n uitkragende impak op beleggersvertroue. Daarby het die prys van elektrisiteit in die tydperk 2007-2017 met 333% gestyg (in vergelyking het inflasie met ongeveer 81% gestyg), met 'n verdere tariefstyging van 36% wat tussen 2017 en 2021 verwag word. Kragintensieve nywerhede steun swaar op elektrisiteit vir produksie en is prysnemers, d.w.s. hulle beskik oor 'n baie klein vermoë om die prys van hul produkte aan te pas om stygende koste te weerspieël, en elektrisiteit is 'n basiese inset in enige besigheid se produksieproses. 'n Tekort aan kragsekuriteit tesame met stygende koste is besig om besighede se mededingendheid, produktiwiteit en vertroue te skaad. Dit is duidelik dat die oplossing by vloeibare natuurlike gas (VNG) en hernubare energie lê, maar dit vereis steeds aansienlike werk, beleidsekerheid en regulatoriese veranderinge om dit na skaal vorentoe te dryf. Die Wêreld-Ekonomiese Forum se Globale mededingendheidsverslag (2019) dui daarop dat terwyl die tradisionele narratief gefokus het op die balans tussen groei en volhoubare praktyke, daar getuienis na vore tree dat om nie die omgewingsgrense wat verbygesteek word aan te spreek nie op die ou end ekonomiese produktiwiteit sal knou. Klimaatsverandering word nou beskou as die enkele grootste bedreiging vir die globale ekonomie. Klimaatsverandering-verwante risiko's het prominent in die WEF 2019 se Globale Risikoverslag gefigureer en het vyf van die top tien globale risiko's uitgemaak in terme van waarskynlikheid en impak. Die jongste Internasionale Paneel oor Klimaatsverandering (IPCC) se verslag (2018) dui daarop dat globale netto mensgemaakte vrystellings van koolstofdioksied ( $\text{CO}_2$ ) teen 2030 met sowat 45% vanaf 2010-vlakke sal moet daal om "netto nul" teen ongeveer 2050 te bereik. As deel hiervan sal hernubare energie 70%-85% van elektrisiteit teen 2050 moet kan voorsien

om die ergste impak van klimaatsverandering vry te spring. As ons weghol-klimaatsverandering wil afweer, sal ons as 'n land wat hoë vlakke van koolstofdioksied vrystel 'n sleutelrol moet speel in die omkeer van ons ekonomie. Die IPCC verklaar dat die vereiste veranderinge beteken dat ons sowat 'n dekade oorhet om die globale ekonomie heeltemal op 'n nuwe trajek te plaas om dié risiko te verlig. Daarby sal 'n toename in koolstofhandelsversperrings waarskynlik 'n aansienlike negatiewe impak op ons uitvoer hê as ons nie die koolstofvoetspoor van beide uitvoerbesighede en vervoerbrandstowwe verklein nie.

Sowel water as klimaatsveranderinge bly hoog op die Provincie se risikoregister en ekonomiese waterveerkragtigheid en kragsekuriteit bly strategiese risiko's vir die DEOT.

Die doel van die Groen Ekonomie is om die hulpbronveerkragtigheid van besighede te verbeter d.m.v. verbeterde water- en kragdoeltreffendheid en afvalverminderingstrategieë en die gebruik van alternatiewe bronne van volhoubare hulpbronne aan die een kant, en aan die ander kant om sover moontlik die verskaffing van Groen Ekonomie-goedere, dienste en tegnologieë wat plaaslike vervaardig word beskikbaar te stel en te bevorder om die bogenoemde plan te ondersteun. Dit sal 'n hulpbronveerkragtige ekonomie skep wat ondersteun word deur (en ondersteuning verleen aan) 'n florerende en toeganklike "groen" tegnologie-, produkte- en dienste-sektor – 'n internasionale Groen Energie-spilpunt.

Die Randwaarde van belegging in "groen" tegnologieë, dienste en produkte fasiliteer 'n duidelike aanduiding van die "gebruik nuwe Groen Ekonomie-geleenthede"-gedeelte van die uitkoms wat vroeër beskryf is. Let daarop dat dit slegs die nuwe of groeiende Groen Ekonomie-besighede sal aangaan, maar nie noodwendig die Randbelegging deur hoofstroom-besighede in die verbetering van hul hulpbronveerkragtigheid sal bevoordeel nie.

### **Benadering tot die verbetering van hulpbronveerkragtigheid (met 'n fokus op krag- en water- ekonomiese veerkragtigheid)**

Die bedoelde uitkomste van krag- en waterveerkragtigheidswerk in die konteks van die Visie-geïspireerde Prioriteite (VIP's) is: instaatgestelde en verbeterde krag- en waterveerkragtigheid; groei van markgeleenthede vir krag- en watersektor-besighede; uitgebreide marktoegang vir uitvoerbesighede (laer koolstof- en watervoetspore), laer inset-, vervoer- en gehoorgewingskostes; verminderde wetlike niegehoorgewingskostes; verbeterde klimaatsverandering-aanpassingsvermoë; klimaatsverandering-verligting; en die verskaffing van plaaslike aanvraag vir verskaffersbesighede.

Dit sal alles lei tot 'n toename in die mededingendheid van krag- en watersektor-besighede d.m.v. spilpuntvoordele; belegging in krag- en watertegnologieë, -dienste en -produkte; toename in die mededingendheid van besighede; styging in sakevertroue en die skep en volhouding van werksgleenthede. Die ruimtelike en sektorale prioritisering van munisipale en sakesteun vir die verbetering van krag- en waterveerkragtigheid is onderneem d.m.v. die gebruik van die "slim ruitekaart"-projekkartering (jaarliks bygewerk), die ekonomiese waterbalanswerk (in 2018/19 onderneem), die watersektorveerkragprojekte (in 2018/19 en 2019/20 onderneem) en die finansiële mechanismes en modelle vir die verbetering van ekonomiese waterveerkragtigheidsprojek (in 2018/19 en 2019/20 onderneem).

### **Groen Ekonomie-beleid en strategiese belyning**

Die Groen Ekonomie stem ooreen met 'n aantal NOP-prioriteite (en -uitkomste): Ekonomiese transformasie en werkskepping, en - meer spesifiek – die skep van meer behoorlike werksgleenthede, inklusiewe ekonomiese groei en herindustrialisering van die ekonomie en die na vore tree van globaal mededingende sektore; krag, water, spoorvervoer en hawens en klimaatsverandering, insluitende funksionele, betroubare en doeltreffende ekonomiese infrastruktuursektore (voorsiening van krag- en watersekeriteit); en 'n beter Afrika en wêreld, met spesifieke verwysing na verminderde kwetsbaarheid van hoofsektore vir klimaatsverandering; vermindering van die totaal kweekhuisgasvrystellings in Suid-Afrika; opleiding en innovering (bv. fotovoltaïese bekwaamheidsopleiding). Die aandryf van die gekoördineerde implementering van die hersiene Groen Ekonomie- Strategiese Raamwerk vir die Wes-Kaap sal die Provincie se bydrae tot die nasionale agenda verseker.

Die hoof- strategiese ingrypings wat onderneem sal word om die bogenoemde aan te spreek, sluit in:

- 1) Koördinering van strategie en belanghebbendes, insluitende ekonomiese voorspraak;
- 2) Direkte steun aan besighede en munisipaliteite om ekonomiese veerkragtigheid te ondersteun;
- 3) Die ontsluiting van sistemiese versperrings; en
- 4) Kennisbestuur en kommunikasie.

## Koördinering van strategie en belanghebbendes, insluitende ekonomiese voorspraak

Die Groen Ekonomie is 'n hoogs transversale gebied met implementering wat diagonaal oor verskeie DEOT-programme, -departemente en -belanghebbendes strek. Hulpbronveerkragtigheid is relevant tot verskeie DEOT-funksies en sal daarin geïntegreer moet word, insluitende: katalitiese ekonomiese infrastruktuur (integrasie van hulpbronveerkragtigheid in hoe infrastruktuur gebou en gebruik word); sektorale ontwikkeling (Groen Ekonomieverwante tegnologieë, produkte en dienste as 'n sektor, sowel as die integrasie van hulpbronveerkragtigheid in alle sektore – veral daardies wat hulpbronintensief en/of uitvoergefokus is om hul voortgesette mededingendheid en toegang to markte te verseker); munisipale steun (werk aan die kontakpunte tussen munisipaliteite en besighede om in vennootskap te tree as dit kom by oplossings wat sal lei tot verbeterde ekonomiese hulpbronveerkragtigheid); GVSD (ontsluit sistemiese versperrings en spreek weersprekende wetgewing aan wat hulpbronveerkragtigheid sal verbeter); en die aansprek van vaardigheidsgapings (identifisering en bystand om vaardigheidsgapings by krag- en waterverwante nuwe tegnolgoieë, produkte en benaderings te oorbrug). Die hulpbronveerkragtigheidstemas vereis ook integrasie regoor die onderskeie WKR-departemente, soos Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (wat die afvaledekonomie en die biodiversiteitsekonomie lei, sowel as wateropvangsgebiede, volhoubaarheid, klimaatsverandering en hulpbronverwante kommunikasie, kwessies verwant aan vrystelling van koolstof / lae koolstof, omgewingsimpakstudies [OIS'e] en klimaatsverandering-verligting). Landbou (wat die Slim Agri-implementeringsprogram [SAIP] en massa-infrastruktuurprojekte lei om besproeiingswater te ontsluit), Vervoer en Openbare Werke (wat die Vervoer-klimaatsverandering-sektorplan lei), Menslike Nedersettings (wat aanhou werk vir die verbetering van die krag- en waterdoeltreffendheid van huishoudings) en Plaaslike Regering (die sleutel tot die onderhoud en ontwikkeling van krag- en water-infrastruktuur en die hersiening van munisipale belastingmodelle om vas te stel hoe die negatiewe impak van die afname in verkope van water en krag teengewerk kan word) tel hieronder. Aspekte soos alternatiewe/”groen” boumateriale en tegnologieë word deur die Departement van Menslike Dienste (DMD), Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW), Departement van Gesondheid (DvG) en WKR, ondersteun deur die DEOT, ondersoek. Die sleutel tot dié komponent sluit in kontak met navorsingsinstansies, Groen Ekonomie-bedrywe, die openbare sektor en die publiek om innovering, die deel van kennis, demonstrasie van tegnologie, toets en sertifisering, kommersialisering en vaardigheidsontwikkeling, en samewerking teweeg te bring.

Die DEOT-proses wat op energie fokus, sal insluit:

- Die ontwikkeling van 'n geïntegreerde Strategiese Raamwerk vir Energie wat daarop gemik is om riglyne te verskaf vir die strategiese benadering om kragveerkragtigheid in die Wes-Kaap op medium tot lang termyn te verseker – wat die toeganklikheid, bekostigbaarheid, sekuriteit en laeskoolstof-aard van energie ondersteun. Dit steun weer die Apex-prioriteit van Uitvoer en die VIP-1-prioriteite van belegging, infrastruktuur, uitvoer, vaardighede en hulpbronveerkragtigheid. Dié program mik ook daarna om belanghebbendes by energie in die Wes-Kaap te koördineer en te bestuur met die doel om:
  - a) die voorspraak van strategiese energie-posities aan te dryf, en
  - b) om kort-, medium- en langtermynaksies te implementeer om die energieveerkragtigheid van die Wes-Kaap te verbeter.
- WKR-kragdoeltreffendheid en -veerkragtigheid: Om leierskap te toon en die besigheidsaak vir energieveerkragtigheid voor te hou deur die ondersteuning van die implementering van kragdoeltreffendheid in werkzaamhede en programme, sonkrag-installerings op WKR-geboue binne WKR-fasilitete, insluitende die DVOW, DOH, DVL, DMD and WKOD.

Die DEOT-projekte wat op water fokus, sal insluit:

- Strategiese koördinering van ekonomiese waterveerkragtigheid: Die verskaffing van strategiese riglyne en steun vir ekonomiese waterveerkragtigheidsprogramme en -projekte, en die aktiewe kartering, monitering en fasilitering van kontakgeleenthede met relevante belanghebbendes.
- Die bou van vennootskappe en samewerking: Om te help om verhoudinge tussen munisipaliteite en plaaslike besighede te versterk, insluitende om oop besprekings oor die aard en skaal van waterverwante risiko's vir die plaaslike ekonomie en ekonomiese groei te fasiliteer, en die identifisering van sake-uitdagings wat oplossings vereis.
- WKR se waterdoeltreffendheid en -veerkragtigheid: Die demonstrasie van leierskap en om die saak vir waterveerkragtigheid onder besighede voorop te stel deur die implementering van waterdoeltreffendheid in werkzaamhede en programme en die implementering van alternatiewe waterbronne waar toepaslik in WKR-fasilitete, insluitende die DVOW, DVG, DVL, DMD en WKOD.

## Direkte steun aan besighede (en munisipaliteite) om ekonomiese veerkragtigheid te ondersteun

Direkte steun aan besighede is nodig om hulle in staat te stel om hulpbronveerkragtigheidsmaatreëls in te stel – sowel in terme van die besigheidsaak vir dié veranderinge verstaan en om hulle te help om die toepaslikste tegnologieë of oplossings en finansiële of kontraktuele modelle te assesseer. Dié ondersteuning wat verskaf word, moet agnosties

wees – d.w.s. nie ten gunste van enige spesifieke tegnologie, produk of diens nie. Direkte steun is ook nodig in die geval van besighede wat “groen” tegnologieë, produkte en dienste verskaf, om hulle te help met konsepontwikkeling, navorsing en ontwikkeling, die identifisering van markte en toegang tot finansiering of finansiële modelle.

Direkte steun aan munisipaliteite en WKR-departemente sal plaasvind deur in interaksie te tree om te help om die aard en skaal van hulpbronrisiko's vir plaaslike ekonomiese groei te verstaan, en om direkte steun te verskaf om die krag- en waterveerkragtigheid vir hul gebiede te verbeter. In dié lig beskou, sal die Subprogram die belyning en koördinering van hulpbronveerkragtigheid ondersteun.

Die DEOT projekteer dat klem op energie sal insluit:

- Direkte steun aan munisipaliteite om vereistes vir die aanskaffing van elektrisiteit direk van Onafhanklike Kragproduseerders (OKP's) en vir die opwekking van hule eie elektrisiteit bo 1MW te identifiseer en hulle daarop voor te berei.
- Direkte bedryfsteun (aanvraagkant): Proaktiewe identifisering van bronne en direkte respons op vrae van besighede wat tegniese of regulatoriese steun benodig; om besighede in kontak met energiediensmaatskappye te plaas om kragdoeltreffendheid en kleinskaalse vasgelegde kragopwekking aan te dryf; en die fasilitering en koördinering van die respons op korttermyn-kragonderbrekings (d.w.s. beurtkrag) deur met munisipaliteite en Eskom saam te werk om die potensiële impak van beurtkrag teen te werk.
- Direkte steun aan besighede (aanbokant): Om tegniese of regulatoriese steun te verskaf; om kragontwikkelaars in kontak te plaas met potensiële besighede en munisipaliteite; toegang tot finansiering en die verskaffing van bygewerkte inligting oor markte, produkte, kostes en ander inligting.
- Die instaatstelling en ontsluiting van sistemiese versperrings vir munisipaliteite sodat hulle nuwe kragopwekking op hul kagnetwerke kan toelaat om die verlies aan inkomste vir munisipaliteite teen te werk.

Die DEOT projekteer dat die klem op water sal insluit:

- Implementeringsplanne om waterveerkragtigheid te verbeter: Dryf die ontwikkeling van maatstawwe, die identifisering van goeie praktyk en die ontwikkeling en ondersteuning van die uitvoer van implementeringsplanne vir die verbetering van waterveerkragtigheid in waterintensieve ekonomiese sektore (o.l.v. die DEOT), munisipaliteite (o.l.v. die Departement van Plaaslike Regering [DPR], met ondersteuning van die DEOT) en huishoudings (o.l.v. die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning [DOS&OB] met die ondersteuning van die DEOT) aan, en verskaf ondersteuning vir die DOS&OB se werk met die bou/verbetering van ekologiese infrastruktuur en die verwydering van vreemde indringerplante. Dié werk sluit in die fasilitering van interaksie met belanghebbendes en die ontwikkeling en ondersteuning van die bekendstelling van projekimplementeringsplanne.
- Direkte ondersteuning van die bedryf (aanvraag- en verskaffingskant): Proaktiewe identifisering van bronne en 'n direkte respons op navrae van besighede oor tegniese, regulatoriese, finansiële, koördinerings-, fasiliterings- en inligtingsteun asook steun met die vind van die regte vennote; en om besighede in kontak te sit met waterdienstaatskappye om waterdoeltreffendheid en alternatiewe watervoorraad aan te dryf vir besighede om hul waterveerkragtigheid te verbeter sowel as vir watersektorverwante besighede. Enige tendense en sistemiese navrae word gemerk vir oplossing deur ander meganismes soos nodig.

### Ontsluiting van sistemiese versperrings

Die ontsluiting van sistemiese versperrings by die bevordering van hulpbronveerkragtigheid en gelyktydige bevordering van ekonomiese veerkragtigheid hou samewerking met munisipaliteite, WKR-departemente, Nasionale Regering, nywerheid en veelvuldige ander belanghebbendes in.

Die DEOT-projekte wat op energie fokus, sal die volgende insluit:

- Energiebelegging- en innoveringsteun: Steun vir die lok van beleggings in die energiesektor en innovering na die Wes-Kaap, veral na die Atlantis-SES.
- Vloeibare Natuurlike Gas (VNG): Verdere instaatstelling van die ontwikkeling van die VNG-geleenheid aan die Weskus, insluitende gas-tot-krag vir kleinskaalse gasontwikkeling en grootskaalse infrastruktuurontwikkeling.
- Verligting van koolstofhandel-versperrings: Om die blootstelling van Wes-Kaapse uitvoer na potensiële en naderende koolstofhandelversperrings te verstaan sowel as om 'n strategiese program te ontwikkel en te implementeer vir die ondersteuning van nywerhede wat waarskynlik die ergste deur koolstofhandel-versperrings getref sal word.
- Energieverwante wetgewing en strategiese beplanning: Die ontwikkeling, ondersteuning of verskaffing van insette oor regulasies, wetgewing en beplanning wat energieverkragtigheid bevorder (sowel alleenstaande as geïntegreer) – op nasionale, provinsiale en plaaslike vlakke.

Die DEOT-projekte wat op water fokus, sal insluit:

- Waterinnoveringsnetwerk: Om navorsingsinstansies, besighede, tegnologieverskaffers, konsulate, NRO's en staatsdepartemente te kontak en vennootskappe met hulle te sluit om geleenthede vir leer, belegging en die ooreenstemming van projekte te faciliteer met die doel om die ontwikkeling en groei van die Provinsie se watersektor en toegang daartoe te faciliteer, veral in die Atlantis-SES.
- Finansiële mechanismes en modelle vir die verbetering van ekonomiese waterveerkragtigheid: Samewerking met munisipaliteit en die privaatsektor om hibriede watervoorsieningsmodelle te implementeer soos en waar toepaslik, en om insette te verskaf in watertariefstrukture en -vlakke om munisipaliteit in staat te stel om finansieel volhoubaar te raak (o.l.v. die DPR en Openbare Vervoer [OV], met die ondersteuning van die DEOT), maar ook om ekonomiese veerkragtigheid te bevorder. Daarbenewens moet daar ook met munisipaliteit, besighede, befondsingsagentskappe, Ontwikkelingsfinansieringsinstansies (OFI's) ens. geskakel word om geskikte alternatiewe befondsing/finansieringsmeganismes te identifiseer en te ondersoek vir die verbetering van waterdoeltreffendheid en alternatiewe opsies vir waterverskaffing.
- Waterverwante wetgewing en strategiese beplanning: Die ontwikkeling en ondersteuning van, of verskaffing van insette in, die regulasies, wetgewing en beplanning wat ekonomiese waterveerkragtigheid (sowel alleenstaande as geïntegreer) bevorder – op 'n nasionale, provinsiale en plaaslike vlak.
- Integrasie van ekonomiese waterveerkragtigheid in munisipaliteit: Ondersteun die DOS&OB wanneer hulle met munisipaliteit saamwerk om ekonomiese waterveerkragtigheid te integreer, insluitende ekologiese infrastruktuur-denke in munisipale en provinsiale beplanning, die ontwikkeling van infrastruktuur en dienslewering. Die ondersteuning van die DPR met droogteverwante beleide en prosesse om waterveerkragtigheid in plaaslike regerings en plaaslike ekonomieë te bou.

### Kennisbestuur en kommunikasie

Die sleutel tot die verwesenliking van hulpbronveerkragtigheid is 'n stapverandering in hoe die ekomie en ander hulpbrongebruikers krag en water gebruik en van watter bronne hulle dit kry. Die stapverandering sal d.m.v. veelvuldige kanale aangedryf moet word, maar alles hang af van onder meer die doeltreffende kommunikasie van inligting insluitende gevallestudies, die vasstel van prys, beleide, sektortendense, maatstawwe en tegnologie-, produk- en diensopsies.

Die DEOT-projekte wat op krag en water fokus, sal die volgende insluit:

- Nuwe kragverskaffingsinligting/kommunikasie: Verskaf inligting oor kragverskaffingsopsies d.m.v. kommuniekavelotge en kennispalforms.
- Dryf krag- en watergedragsverandering aan: Maak gedragsverandering moontlik om krag en water doeltreffend te gebruik.
- Kennispalforms en kommunikasie: Vestig en onderhou platforms vir die uitruil van inligting (soos die 110% Groenwebtuiste) waartoe almal toegang kan verkry, om krag- en waterdoeltreffendheid en alternatiewe krag- en waterbronne aan te dryf wat gemik is op die bou van langtermyn-krag- en ekonomiese waterveerkragtigheid.

### 9.6.5 Subprogram 5.7: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Verbetering van die ekonomie se hulpbronveerkragtigheid	Baie van die instaatstellers wat nodig is om hulpbronveerkragtigheid te ontsluit en baie van die wetgewing wat in konflik met hulpbronveerkragtigheid verkeer, lê op 'n nasionale vlak, wat die vermoë verklein om 'n hulpbronveerkragtige ekonomie te vestig en vir die EKR om die nuwe Groen Ekonomie geleenthede te realiseer.	Help om munisipaliteit en besighede voor te berei vir die voorgestelde veranderinge aan die energielandskap. Fokus op wat op 'n munisipale vlak verander/ontsluit kan word – dryf verandering aan met die hulp van die OV, DPR, DOS&OB en WKDVL. Nouer samewerking met Nasionale eweknieë om die implementering van die nodige veranderinge te beïnvloed.
	Onvermoë om die ekonomie te onderhou en te laat groei weens wateronsekerheid.	Ekonomiese waterveerkragtigheid-werkprogram, insluitende samewerking met besighede en alle sfere van regering wat tegniese, kommunikasie- en ander vorms van ondersteuning verskaf.
	Onvermoë om die ekonomie en menslike welsyn te onderhou en te laat groei weens kragonsekerheid en -toegang.	Veelvuldige ingrypings en skakeling met besighede gemik op nuwe kragopwekking en die ondersteuning van munisipaliteit om voor te berei vir hul eie kragopwekking en direkte aanskaffing vanaf IPP's, kommunikasieveldtotge om bewustheid van geleenthede te vergroot, voorspraak en die koördinering van belanghebbendes.

## 9.7 Programhulpbronoorwegings

### Begrotingstoewysing aan Program en Subprogramme

Subprogram		Geouditeer			Hoofbegroting	Gewysigde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermyn-besteding		
	R'000	2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2019/20	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
1.	Beleid & Beplanning	3 258	2 360	1 327	7 566	6 476	6 453	7 595	9 560	10 057
2.	Navorsing & Ontwikkeling	8 882	9 042	6 465	7 872	8 842	8 862	8 788	7 320	5 972
3	Kennisbestuur	9 654	10 136	10 924	11 325	11 325	11 325	11 949	12 606	13 211
4.	Monitoring & Evaluering				1	1	1			
5.	Instaatstelling van groei- en infrastruktuur-inisiatiewe	213 383	56 283	63 660	111 897	119 037	119 054	85 535	85 888	89 453
6.	Breëband vir die Ekonomie	39 771	21 414	15 575	22 181	19 175	19 169	17 762	19 088	19 858
7.	Groen Ekonomie en Energie	21 187	30 115	36 293	28 429	20 069	20 061	40 238	38 712	38 003
<b>Totale betalings en skattings</b>		<b>296 135</b>	<b>129 350</b>	<b>134 244</b>	<b>189 271</b>	<b>184 925</b>	<b>184 925</b>	<b>171 867</b>	<b>173 174</b>	<b>176 554</b>
Ekonomiese klassifikasie R'000										
<b>Lopende betalings</b>		<b>62 678</b>	<b>56 234</b>	<b>57 882</b>	<b>78 954</b>	<b>61 432</b>	<b>61 431</b>	<b>80 627</b>	<b>81 778</b>	<b>80 772</b>
Vergoeding van werknemers		19 153	25 120	27 019	40 055	36 305	36 305	39 786	47 013	48 584
Goedere en dienste		43 525	31 114	30 863	38 899	25 127	25 126	40 841	34 765	32 188
<b>Oordragte en subsidies aan:</b>		<b>232 988</b>	<b>73 072</b>	<b>76 339</b>	<b>110 299</b>	<b>123 354</b>	<b>123 355</b>	<b>91 240</b>	<b>91 396</b>	<b>95 782</b>
Provincies en munisipaliteitē										
Departementele agentskappe en rekeningē		133 159	50 135	63 955	97 924	110 974	110 974	78 004	77 441	81 159
Hoër onderwys-instansies										
Buitelandse regerings en internasjonale organisasies										
Openbare korporasies en privaatondernemings										
Instansies sonder winsbejag		99 829	22 936	12 374	12 375	12 375	12 375	13 236	13 955	14 623
Huishoudings			1	10		5	6			
<b>Betalings vir kapitale bates</b>		<b>469</b>	<b>34</b>	<b>22</b>	<b>18</b>	<b>139</b>	<b>119</b>			
Gebou en ander nieroerende strukture										
Masjinerie en toerusting		467	34	22	16	77	57			
Sagteware en ander ontasbare bates		2			2	62	62			
Betalings vir finansiële bates			10	1			20			
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>		<b>296 135</b>	<b>129 350</b>	<b>134 244</b>	<b>189 271</b>	<b>184 925</b>	<b>184 925</b>	<b>171 867</b>	<b>173 174</b>	<b>176 554</b>

### Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die behaal van uitsette

Die aktiwiteite wat hierbo in fyner besonderhede beskryf word, sal behaal word deur die kollektiewe pogings van die SEAD-span. Dié span het 'n uiteenlopende stel vaardighede wat toepaslik is vir die bestuur en implementering van projekte ter ondersteuning van die ekonomie. Hoofvaardighede sluit in projekbeplanning, bestuur van belanghebbendes, projekverslagdoening, finansiële bestuur, mensebestuur, bestuur van kontrake en kommunikasie.

Die span sluit ook verskeie interne in wat waardevolle werkondervinding binne die program opdoen, en wat grootliks bydra tot die span se uitsette.

Die span werk goed saam en het 'n bewese rekord in entrepreneurs- en kimmersiële denke sowel as innovering met dienslewering. Alle lede is goed gekwalifiseer – die meeste van hulle tot op nagraadse vlak – en put uit hul uiteenlopende agtergronde in die openbare en privaatsektore, wat 'n geronde span vorm.

## 9.8 Openbare entiteite

Naam van openbare entiteit	Mandaat	Uitsette	Huidige jaarlikse begroting (R'000)
Saldanhabaai-NOS	SES-bestuur vir die Olie & Gas- en Mariene Dienste.	Fasilitering van belegging in die Olie & Gas- en Mariene bedrywe.	42 566
Atlantis- Spesiale Ekonomiese Sone (ASES)(in 2019/20 in die lewe geroep)	Bestuur van Groen Tegnologie-SES.	Fasilitering van belegging vir Groen Tegnologie-bedryf.	35 438
Strategiese Ekonomiese Ontwikkeling-infrastruktuurmaatskappy (wat in 2020/21 op die been gebring sal word)	Ondersteun die ontwikkeling van katalitiese infrastruktur in die Wes-Kaap.	Fasilitering van belegging in katalitiese infrastruktuur.	0



## Program 6: Toerisme, Kuns en Vermaak

## 10. Program 6: Toerisme, Kuns en Vermaak

### 10.1 Doel

Om die implementering van 'n geïntegreerde toerismestrategie te faciliteer wat sal lei tot volgehoue en toenemende groei en werkskepping in die toerismebedryf.

### 10.2 Subprogram 6.1: Toerismebeplanning

#### 10.2.1 Doel

Om die strategiese agenda te ontwikkel en te koördineer.

#### 10.2.2 Subprogram 6.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Toename in uitvoer	Toerismesektor-ontwikkelings-initiatief geïmplementeer	6.1 Getal toerismesektor-inisiatiefverslae ontwikkel	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	2	2	2	

#### 10.2.3 Subprogram 6.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
6.1 Getal toerismesektor-inisiatiefverslae ontwikkel	2	-	-	-	2

#### 10.2.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die Toerismesektor-ondersteuningsinisiatiwe stem ooreen met die VIP-2-prioriteit (Groei en Werksgeleenthede) se fokusgebied in terme van uitvoer verhoog en beleggings vermeerder sowel as die DEOT se vyfjaarstrategie. Die Program sal ook regoor alle PSP-fokusgebiede werk, maar sal egter meer aandag skenk aan die lok van beleggings met die toerisme-waardekettings langs asook aan ondersteuning van die sektor om 'n toename in toeriste-aankomste (sowel internasionaal as plaaslik) na die Wes-Kaap te realiseer. Die Wes-Kaapse Toerismesbloudruk-2030-aksieplanne stem ooreen met die prioriteite van die Nasionale Toerismesektor-strategie en Toerisme-spelwysigers sowel as die oorhoofse NOP. Dit sal behaal word in vennootskap met die Wesgro-bestemmingsbemarkingsorganisasie (BBO) en die onderskeie Provinciale belanghebbendes in die Toerisme-ekostelsel.

Die Wes-Kaapse Toerismebloudruk (WKTB) 2030 wat in 2019/20 ontwikkel is, is die 15-jaar-ontwikkelingsplan/strategie vir die Provinsie wat die grondslag sal lê vir wegspring met die nodige ontwikkeling om 'n volhoubare en florerende toerismebestemming te onderhou en te ontwikkel. Toerisme is 'n groot bydraer tot die ekonomie en indiensneming in die Wes-Kaap. Die groei van die Wes-Kaapse ekonomie regoor al die sektore moet gefokus wees op werkskepping, die verhoging van sakeverkope sowel as om die oorkoepelende ontwikkelingsmandate te vervul om die ontwikkeling van KMMO's en transformasie van die toerismebedryf te behaal.

Die finale stadium van die ontwikkeling van die Toerismebloudruk 2030 sal fokus op die operasionele en beleggingsvereistes wat nodig is om die katalitiese projekte te implementeer en die strategiese fokusgebiede wat in die Bloudruk vervat is, te bevorder. Die huidige kwessie t.o.v. die implementering van toerisme-ontwikkeling in die Wes-Kaap is om die rol en funksie van alle sfere van regering te verstaan, asook binne elk van die vier kerngebiede waar implementering tans plaasvind en deur wie en, in die toekoms, hoe die verandering van die status quo sal plaasvind.

Die Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030 is 'n noodsaklike onderdeel van die Wes-Kaap as 'n volhoubare toerismebestemming, en kyk na die 'groter prentjie' om met 'n bloudruk vorendag te kom om individuele strategieë byeen te bring om een visie te dien. Tydens die navorsingsfase het die Wes-Kaapse Toerismebemarkingsplan (WKTBP) gapings in die toerismebedryf geïdentifiseer wat dien as ingrypings wat geïmplementeer moet word. Die tweede fase van die WKTBP sal fokus op die identifisering van ingrypings vir ontwikkeling en/of konseptualisering n.a.v. die implementeringsplanne wat in samewerking met die munisipaliteite en relevante belanghebbendes uitgevoer sal word.

Een van die uitkomste van die Toerismebloudruk 2030 sal wees om te fokus op die verbetering van die toerismeproduk en diensaanbod van die Wes-Kaap d.m.v. bestemmingsbemarking en produkontwikkeling om meer toeriste asook herhalingsstoeriste sowel as 'n toename in toerismebesteding te verseker.

Die Toerismebloudruk 2030 sal 'n fokus op hoofgebiede insluit wat skakel met die geleenthede binne elke distrik, wat beskryf, gekarteer en geprioritiseer sal word om te verseker dat 'n aksieplan uitvoerbaar is. Dit sal omgesit word in 'n aantal toerismeproduk-aanbiedings wat in die streke ontwikkel en ingestel sal word.

#### 10.2.5 Subprogram 6.1: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Toename in uitvoer	Mislukking om strategiese leierskap en die nodige hulpbronne te verskaf wat kan lei tot wanbelynde strategie en lewering van WKR se strategiese prioriteite	Strategiese riglyne wat deur die Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030 verskaf word

#### 10.3 Subprogram 6.2: Toerismegroei en -ontwikkeling

##### 10.3.1 Doel

Om groei en ontwikkeling van die toerismebedryf te faciliteer.

Om die gehalte van die besoekerservaring by die bestemming te verbeter d.m.v. die verskaffing van toerisme-ondersteuningsdienste van gehalte.

##### 10.3.2 Subprogram 6.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Toename in uitvoer	Toerismenismarkte ondersteun	6.2 Getal toerismenismemarkings-inisiatief-verslae ontwikkel	2	2	2	2	4	4	4	
	Toerismeprodukte ontwikkel	6.3 Getal Vorderings-verslae oor die implementering van die toerisme-produkontwikkelingsprogram	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	2	2	2	

### 10.3.3 Subprogram 6.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
6.2 Getal toerisme-nisbemarkingsinisiatief-verslae ontwikkel.	4	1	1	1	1
6.3 Getal Vorderingsverslae oor die implementering van die toerisme-produkontwikkelingsprogram.	2	-	1	-	1

### 10.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die DEOT sal die leiersrol in die toerisme-ekostelsel vertolk om beplanning vanaf Nasionalevlak regdeur die NDT se Toerismesektor-strategie sowel as die SAT-5-in-5-plan in ooreenstemming te bring. D.m.v. die Wes-Kaap se Toerismebloudruk 2030 sal die toerismeprodukte en -aktiwiteite sowel as groeipotensiaal geïdentifiseer word. Dit is noodsaaklik dat dié navorsing en strategiese skakels, wat die Bloudruk in aksie sal omsit, in die huidige ekostelsel ooreenstem op 'n Nasionale, Streeks- en Plaaslike vlak.

Die strategiese programme sal op die volgende funksies fokus:

Toerismebestemmingsbemarking	Toerismebestemmingsbestuur
1. Produkontwikkeling	1. Toergidse
2. Navorsing	2. Aanwysingsborde
3. OV & Bemarking	3. Veiligheid
4. Ondernemingsontwikkeling	4. Navorsing
5. Toerismeprodukontwikkeling-vaardighede & -opleiding	5. Beleidsontwikkeling en -ooreenstemming
6. Geleenthede	6. Toerisme-infrastruktur
7. Belegging en Aansporings	7. Diensstandarde & Ondersteuning
8. Transformasie & SEB	8. Bestemmingsbestuur
9. Bestuur van Belanghebbendes (Provinsiaal, Streeks- & Plaaslik)	9. Diensverbetering-vaardighede & -opleiding
	10. Toerismeproduk-gehalteversekering
	11. Bestuur van Belanghebbendes (Nasionaal)

Die sewe strategiese mikpunte is dus:

- **Strategiese Mikpunt 1:** Mededingende identiteit
- **Strategiese Mikpunt 2:** Saketoerisme
- **Strategiese Mikpunt 3:** Bewustheid van toeganklikheid
- **Strategiese Mikpunt 4:** Besoekerservaring-bemarking
- **Strategiese Mikpunt 5:** Krisiskommunikasieveldtog/Reputasiebestuursveldtogte
- **Strategiese Mikpunt 6:** Bestemmingsbemarking
- **Strategiese Mikpunt 7:** Bestemmingsproduk-ontwikkeling

Die Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030 sal potensiële gapings in die toerismebedryf in die Wes-Kaap identifiseer wat kan dien as ingrypings om die Wes-Kaap as 'n unieke toerismebestemming te ontwikkel. Die marksegment in terme van die volgende elemente sal geassesseer word:

- a. Ontleding van bedryfsverskaffers:
- Getal instellings en aantreklikhede;
- Getal spesialis-toeroperateurs;
- Ontleding van toerisme-infrastruktur;
- Bykomstige dienste vir toeriste;
- Faktore wat bedryfsverskaffing bepaal; en
- Assessering van die waarde van attraksies.

b. Ontleding van bedryfsaanvraag:

- Markgrootte;
- Volumes (bv. getal aankomste, getal toere, lengte van verblyf);
- Jaarlikse omset en geskatte bydrae tot BBP;
- Besteding deur toeriste;
- Ontleding van die Waarde van Attraksies;
- Faktore wat bedryfsaanvraag bepaal;
- Besoekerstendense;
- c. Markgapings en -geleenthede;
  - Ontleding van die vaardigheidsgaping;
  - Produkontwikkelingspotensiaal; en
  - Hoofverkoopsfaktore en markposisionering in die streek.

As deel van die aanvraagontleding, sal 'n Ontleding van die Waarde van Attraksies uitgevoer word om 'n waarde aan die onderskeie toerismefasiliteite in die Wes-Kaap na raming toe te ken. Die ontleding van die waarde van attraksies sal 'n bepaling van elke munisipale gebied se fasilitete verskaf, gegrond op die volgende kriteria:

- Uniekheid
- Ligging
- Standaarde
- Besoekersvoorkreure

Elk van dié kriteria lewer verskeie insette wat help om die waarde te bepaal. Byvoorbeeld, die liggingskriterium bestaan uit 'n bepaling vir toeganklikheid, beskikbaarheid, die weer, ens. Dit sal gebruik word om vas te stel watter toerismeprodukte die hoogste attraksiewaarde in die Wes-Kaap het en kan beskou word as dat dit 'n strategies belangrike rol in toerisme-ontwikkeling speel. 'n Onderskeidingsverklaring kan dus bepaal word t.o.v. wat die hoofverkoopsfaktore vir toerisme in die Wes-Kaap is.

#### **10.3.5 Subprogram 6.2: Hoofrisiko's**

Uitkoms	Hoofrisiko	Riskievermindering
Toename in uitvoer	Gebrek aan diverse en onderontwikkelde produk-aanbiedinge vir die Wes-Kaap kan lei na minder toeriste wat die bestemming aantreklik vind en dus 'n negatiewe impak op besteding uitoefen.	Die Toerismebloudruk 2030 sal verseker dat 'n volledige audit van alle toerismeprodukte en -dienste voltooi word vir die hele Provinie, wat geleenthede, gapings en uitdagings vir 'n toename in toerismebesteding uitlig.

## 10.4 Subprogram 6.3: Toerismesektor-transformasie

### 10.4.1 Doe!

Om te voorsien in die registrasie en regulering van toergidse.

### 10.4.2 Subprogram 6.3: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Toename in uitvoer	Toergidse ontwikkel	6.4 Getal toergidse ontwikkel	308	59	21	50	50	50	50	
	Tourist guides registered	6.5 Getal individue geregistreer (Toergidse)	1 148	1 595	1 703	1 300	1 200	1 200	1 200	
	Individue/toerismeverwante besighede geïnspekteer of gemoniteer	6.6 Getal individue/toerismeverwante besighede geïnspekteer of gemoniteer (toergidse)	124	116	179	130	130	130	130	
Verbeterde persepsie van toerismeveiligheid	Toerisme-instellings/individue ondersteun deur die Toerismeveiligheidseenheid	6.7 Getal toerisme-instellings/individue ondersteun	260	281	328	280	300	300	-	
	Oorsig oor die totstandkoming van die Toerismeveiligheid-wetstoepassingseenheid in vennootskap met die Stad Kaapstad	6.8 Getal oorsigverslae oor die totstandkoming van die Toerismeveiligheid-wetstoepassingseenheid	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	4	
	Toerismeveiligheid-strategie geïmplementeer	6.9 Getal Toerismeveiligheidstrategie-implementeringsverslae	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	4	
	Toerismeveiligheidpersepsie-opnames uitgevoer	6.10 Getal toerismeveiligheidpersepsie-opnames uitgevoer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	1	1	1	

#### 10.4.3 Subprogram 6.3: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
6.4 Getal Toergidse ontwikkel	50	-	-	50	-
6.5 Getal individue geregistreer (Toergidse)	1 200	300	300	300	300
6.6 Getal individue/toerismeverwante besighede geïnspekteer of gemoniteer (Toergidse)	130	32	32	32	34
6.7 Getal toerisme-instellings/individue ondersteun	300	75	75	75	75
6.8 Getal oorsigverslae oor die totstandkoming van die Toerismeveiligheid-wetstoepassingseenheid	4	1	1	1	1
6.9 Getal Toerismeveiligheidstrategie-implementeringsverslae	4	1	1	1	1
6.10 Getal Toerismeveiligheidspersepsie-opnames uitgevoer	1	-	-	-	1

#### 10.4.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die Toergidssektor in Suid-Afrika word bestuur deur die Wet op Nasionale Toerisme, Wet 3 van 2014, en die Regulasie op Toergidse. Soos in die Wet en Regulasie uiteengesit, is die Nasionale Registrateur en die Proviniale Registrateurs van Toergidse verantwoordelik vir die registrasie, regulering en ontwikkeling van Toergidse.

As 'n regulatoriese liggaam is dit van die uiterste belang om te verseker dat die Toergidssektor voortdurend die behoeftes van die besoekende toeriste vervul. Dit is net so belangrik om toergidse toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om die diens wat hulle verskaf te verbeter en om die uitdagings wat die sektor in die gesig staar doeltreffend aan te spreek.

Die Eenheid sal bewustheid van toerismeprodukte verbeter en skep deur 'n volhoubare Toergids-subsektor te ontwikkel en te reguleer in ooreenstemming met die wetlike mandaat;

- a) Toergidse in ons toergidsregistrasiestelsel verteenwoordig alle geslagte, ouerdomme en die hele demografie van Suid-Afrika. Ons het party buitelanders in ons registrasiestelsel opgeneem omdat hulle as toergidse in Suid-Afrika kan optree.
- b) Let daarop dat die uitkomste wat ons geartikuleer het in terme van die Wet op Toerisme, Wet 3 van 2014, voorgeskryf word. Dit is dus van die uiterste belang dat dié wetlike voorskrifte nagekom word aangesien hulle vereis word in terme van die wetlike mandaat waarvolgens die Eenheid moet optree.
- c) Die uitset-effek van die getal toergidse wat ons jaarliks ontwikkel sal lei tot beter ingeligte toergidse wat beter in hul werk sal wees. Hulle sal toepaslike inligting aan die toeris verskaf oor Suid-Afrika en die Provinse van die Wes-Kaap, wat sal lei tot herhalingsstoerisme.

Toerisme kan nie bedryf word deur toergidse wat nie in ons land geregistreer is nie. Die registrasie van toergidse sal ons nie net help om die bedryf te reguleer nie, maar ook help om te weet wie wat waar doen, en só bystand te verleen in geval van misdadige aktiwiteit wat mag opduik. Die kantoor sal dan in staat wees om die oorsprong van die misdaad na te spoor.

Inspeksie sal help om onwettige toergidsaktiwiteite in die land uit te roei. Dit help ook ons kantoor om onwettige gidsse aan te moedig om te registreer en wetlik geregistreerde toergidse te word. Ons lê ook klem op die wetlike riglyne in Suid-Afrika.

## Toerismeveiligheid

### Strategiese Doelwit:

Die Toerismeveiligheidseenheid se mandaat is om die VIP 1: Veilige en Hegte Gemeenskappe sowel as VIP 2: Groei en Werksgeleenthede te vervul. Die Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030 sowel as die Departement se vyfjaarstrategie het toerisme geïdentifiseer as een van die hoofsektore wat vir die Wes-Kaap die grootste potensiële opbrengs op sy belegging bied in terme van ekonomiese groei en werkskepping. 'n Toerismeveiligheidstrategie is ontwikkel om belangrike programme te identifiseer wat nodig is om toerismeveiligheid, die persepsie van die bestemming sowel as

die ondersteuning wat aan toeriste gebied word wat die slagoffers van enige veiligheids- of sekuriteitsincidente was, te verbeter. Die veiligheid van besoekers is 'n hoofprioriteit in die verbetering van die aantreklikheid en handelsmerk van die bestemming sowel as om te verseker dat besoekers nie die negatiewe impak van veiligheids- en sekuriteitsincidente ervaar terwyl hulle die Wes-Kaap vir sake- of ontspanningsaktiwiteite besoek nie.

## Agtergrond

Die ontwikkeling van Toerisme is noodsaaklik aangesien dit groei en ontwikkeling in die ekonomie stimuleer, sowel direk as indirek. Toerismeveiligheid ondersteun die NOP-doelwitte, die DEOT se vyfjaarstrategie sowel as beide VIP 1 (Veilige en Hegte Gemeenskappe) en VIP 2 (Groei en Werksgeleenthede) deur te verseker dat die bestemming veilig is en dat misdaad, wat 'n groot afskrikmiddel is wat betref toeriste wat Suid-Afrika as bestemming kies, hokgeslaan word. Dit sal weer bydra tot die groei en ontwikkeling van dié sektor as buitelandse en plaaslike toeriste verseker kan word dat hul ervaring een van veiligheid en sekuriteit sal wees. Toerismeveiligheid sou lei tot 'n toename in toeristegetalle wat die Provinsie besoek as veiligheid en sekuriteit nie 'n hindernis was nie. Nie net sal toerismeveiligheid bydra tot 'n styging in besoekersgetalle nie, maar dit sal ook indirek bydra tot die Departement se doelwit om werkloosheid te verminder deur instaatstellende toestande vir ekonomiese groei te skep en 'n leierskapsrol te speel vir deurslaggewende sektore in die Wes-Kaapse ekonomie.

As mens probeer om Toerismeveiligheid te definieer, besef mens dat daar nie regtig 'n definisie bestaan wat die reikwydte van die konsep weergee nie. Wat duidelik verklaar word, is dat 'veiligheid en sekuriteit lewensnoodsaaklik is om toerisme van gehalte te kan aanbied. Meer as enige ander ekonomiese aktiwiteit berus die sukses of mislukking van 'n toerismebestemming daarop of 'n omgewing van veiligheid en sekuriteit aan besoekers gebied kan word'.

"Toerismeveiligheid en -sekuriteit: Praktiese Maatreëls vir Bestemmings" deur die Verenigde Nasies se Wêreldtoerismeorganisasie (UNWTO).

1. Om 'n toegewyde Toerismeveiligheidstrategie te hê, bied die voordeel dat dié nisafdeling van die Wes-Kaap se ekonomie die prioriteit en gefokusde aandag geniet wat dit verdien. Die doelwitte van die Toerismeveiligheidstrategie is:
2. Vermindering van misdaad wat toerisme in die Wes-Kaap aantas;
3. Verbetering van die handelsnaam-beeld van Kaapstad en die Wes-Kaap uit 'n veiligheids-/sekuriteits-/misdaadperspektief;
4. Ontwikkeling van 'n multibelanghebbende- en samewerkingsoplossing wat rolspelers uit die openbare en privaatsektor bymekaarbring;
5. Opbou van 'n gevoel van vertroue in die rol van die Regering om 'n verskil te maak aan die hoofkwessies wat ons ekonomie en gemeenskap negatief beïnvloed;
6. Die skep van 'n beste praktyk-model vir misdaadvermindering wat ook elders geïmplementeer kan word om misdaad vir alle Suid-Afrikaners te verminder; en
7. Verbetering in die vlak van veiligheids- en sekuriteitsgereedheid in die toerismebedryf – attraksies en toerismebesighede (soos toeroperateurs, gebeurtenisplekke, toergidse).

Die hefbome van die Toerismeveiligheidstrategie is:

Hefboom 1 – Toerismeveiligheidsforum;

Hefboom 2 – Wetstoepassingstaakmag;

Hefboom 3 – Toerismeveiligheidsrespons;

Hefboom 4 – Toerismeveiligheids- en -sekuriteits- Tegnologiese Platform;

Hefboom 5 – Toerismeveiligheid-kommunikasiestrategie

Hefboom 6 Toerismeveiligheid-ingrypings en -vennootskappe

#### 10.4.5 Subprogram 6.3: Hoofrisiko's

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Toename in uitvoer	Reputasierisiko vir die Wes-Kaap as 'n toerismebestemming weens onwettige Toergidse.	Stoot inspeksie op om onwettige Toergidse te moniteer. Ontwikkel Toergidse gedurigdeur.
	Reputasierisiko vir die Wes-Kaap as 'n toerismebestemming weens verkeerde inligting wat deur onwettige en onopgeleide Toergidse verskaf word.	Opleiding en ontwikkeling van Toergidse en meer inspeksies van onwettige Toergidsaktiwiteite by toeristebrandpunte.
	Reputasierisiko vir die Wes-Kaap as 'n toerismebestemming weens die persepsie van 'n toename in misdaad en toerismeveiligheidsverwante insidente.	Die implementering van die Toerismeveiligheidstrategie vir die Wes-Kaap.
Verbeterde Toerismeveiligheid-persepsie	Gebrek aan behoorlike, doeltreffende wetstoepassing het 'n afbrekende effek op die gemeenskappe wat bedien word en die verhouding met die toerismebedryf wat nie net deur die persepsie van 'n onveilige toeristebestemming geaffekteer word nie, maar ook deur veiligheidsinsidente waarby toeriste geteiken word.	Toepaslik opgeleide en ervare wetstoepassingsamptenare en Toerismeveiligheidseenheid-personeel moet in diens geneem word. Die Toerismeveiligheidseenheid moet dus doeltreffend gekapasiteer word om 'n doeltreffende diens te kan lewer.

#### 10.5 Subprogram 6.4: Toerismebestemmingsbemarking

##### 10.5.1 Doe!

Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en belegging te verskaf om sy mandaat te kan uitvoer soos gedefinieer in die Wet op die Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel in die Wes-Kaap, 1996 (Wet 3 van 1996), soos gewysig.

##### 10.5.2 Subprogram 6.4: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlike Teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Toename in uitvoer	Oorsig oor Wesgrose Toerismebestemmingsbemarkingsfunksie	6.11 Getal Toerismebestemmingsbemarking-oorsigverslae	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	2	2	2	

##### 10.5.3 Subprogram 6.4: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
6.11 Getal Toerismebestemmingsbemarking-oorsigverslae	2	-	1	-	1

##### 10.5.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Toerismebestemmingsbemarking sal bydra tot die Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030 deur handels- en verbruikersbemarkingsinisiatiewe te ontwikkel, te bestuur en te implementeer. Dié inisiatiewe sal bydra tot die toenemende bewustheid, aantreklikheid en toeganklikheid van die bestemming.

Implementering is 'n transversale benadering met die Departement, streeks- en plaaslike toerismekantore en die privaatsektor wat aksies moet lewer wat ontwerp is om die bewustheid, aantreklikheid en toeganklikheid van die bestemming te verbeter. Een van die uitdagings wat die Eenheid in die gesig staar, is beperkte befondsing om op 'n globale skaal mee te ding wat bemarkingsveldtogene betref.

## **Wetgewende mandaat**

Wesgro ('n skedule-3- openbare entiteit) se strategiese magte, soos voorsien in die Wet op die Agentskap vir die Bevordering van Belegging en Handel in die Wes-Kaap, 1996 (Wet 3 van 1996), soos gewysig, sluit in:

- Om toerisme-, handels- en beleggingsbemarkingsbystand en deskundige en gespesialiseerde advies, inligting en riglyne te verskaf aan enige besigheid, maatskappy of assosiasie van persone wat dit van die Agentskap aanvra of die Agentskap sou kon help om sy doelwitte te bereik.
- Om namens die Provincie as die toerisme-, handels- en beleggingsbevorderingsagent op te tree en om gekoördineerde bestemmingbemarkingsaktiwiteite vir die Wes-Kaap te faciliteer.
- Om 'n Provinciale toerisme-, handels- en bemarkingstrategie te ontwikkel, te implementeer en te bevorder en om enige projek te implementeer wat groei in die Wes-Kaap se ekonomiese teweeg kan bring.

## **Strategiese mandaat**

Die WKR se strategiese mandaat voorsien dat Wesgro:

- Toerismebestemmingsbemarking en -bevordering vir Kaapstad en die Wes-Kaap sal onderneem.
- Verseker dat prioriteitsfokus verleen word aan die inisiatiewe wat deur die Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030 geïdentifiseer is.

Nismarkte sal nagevors word om te bepaal watter van hulle om na te jaag sowel as watter buitelandse toerismemarkte om te teiken wat dalk nog nie voorheen geteiken is nie.

Die Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030 sal help om produkte te identifiseer om in elke streek ontwikkel te word. Elke streek het sy eie, unieke potensiële nuwe produkte om te ontwikkel of die geleentheid om bestaande produkte te verbeter.

### **10.5.5 Subprogram 6.4: Hoofrisiko's**

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Toename in uitvoer	Afname in bestemmingsbewustheid in hoofbronmarkte, sowel plaaslik as internasionaal, wat lei tot 'n afname in besoeke en getalle.	Ontwikkel 'n bemarkingstrategie wat met die hoofbronmark skakel.

## 10.6 Programhulpbronoorwegings

### Begrotingstoewysing aan Program en Subprogramme

Subprogram		Geouditeer			Hoofbegroting	Gewysigde begroting	Hersiene skatting	Mediumtermyn-besteding		
	R'000	2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2019/20	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23
1.	Toerismebeplanning				1	1	1	1	1	1
2.	Toerismegroei en -ontwikkeling	12 017	12 722	12 963	15 226	15 214	15 214	33 300	34 351	36 070
3.	Toerismesektor-transformasie				1	1	1	2	2	2
4.	Toerismebestemmingsbemarking	37 324	40 675	46 376	44 926	44 926	44 926	62 312	65 303	71 666
<b>Totale betalings en skattings</b>		<b>49 341</b>	<b>53 397</b>	<b>59 339</b>	<b>60 154</b>	<b>60 142</b>	<b>60 142</b>	<b>95 614</b>	<b>99 656</b>	<b>107 738</b>
Ekonomiese klassifikasie R'000										
<b>Lopende betalings</b>		<b>9 173</b>	<b>11 179</b>	<b>12 902</b>	<b>15 226</b>	<b>14 847</b>	<b>14 678</b>	<b>14 717</b>	<b>23 873</b>	<b>25 089</b>
Vergoeding van werknemers		7 261	7 148	8 774	8 284	9 014	9 014	12 363	21 406	22 506
Goedere en dienste		1 912	4 031	4 128	6 942	5 833	5 664	2 354	2 467	2 583
<b>Oordragte en subsidies aan:</b>		<b>40 089</b>	<b>42 194</b>	<b>46 417</b>	<b>44 926</b>	<b>45 293</b>	<b>45 453</b>	<b>80 897</b>	<b>75 783</b>	<b>82 649</b>
Provincies en munisipaliteite			1 500			325	325	13 585	10 480	10 983
Departementele agentskappe en rekeningre		39 974	40 675	46 376	44 926	44 926	44 926	62 312	65 303	71 666
Hoër onderwys-instansies										
Buitelandse regerings en internasionale organisasies										
Openbare korporasies en privaatondernemings								5 000		
Instansies sonder winsbejag										
Huishoudings		115	19	41		42	202			
<b>Betalings vir kapitale bates</b>		<b>76</b>	<b>20</b>	<b>13</b>	<b>2</b>	<b>2</b>	<b>2</b>			
Geboue en ander nieroerende strukture										
Masjinerie en toerusting		75	20	13	2	2	2			
Sagteware en ander ontasbare bates		1								
<b>Betalings vir finansiële bates</b>		<b>3</b>	<b>4</b>	<b>7</b>			<b>9</b>			
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>		<b>49 341</b>	<b>53 397</b>	<b>59 339</b>	<b>60 154</b>	<b>60 142</b>	<b>60 142</b>	<b>95 614</b>	<b>99 656</b>	<b>107 738</b>

### Verduideliking van die bydrae van hulpbronne tot die behaal van uitsette


Die aktiwiteite wat hierbo in fyner besonderhede bespreek word, sal behaal word deur die gesamentlike pogings van al die eenhede in Program 6. Die aktiwiteite wat hierbo beskryf word sal behaal word deur die gesamentlike pogings van al die sektor-subprogramme in Program 3. Die span het 'n uiteenlopende stel vaardighede toepaslik vir die bestuur en implementering van projekte wat die ekonomie ondersteun. Hoofvaardighede sluit in projekbeplanning, bestuur van belanghebbendes, projekverslagdoening, finansiële bestuur, mensebestuur, kontrakbestuur en kommunikasie.

'n Organisatoriese herontwerp-inisiatief is tans aan die gang in samewerking met die Departement van die Premier (DVDP) om die struktuur van die Ekonomiese Sektor: Ondersteuning se Hoofdirektoraat te hersien. Die strategiese verskuiwing na die bekendstelling van die Wes-Kaapse Toerismebloudruk 2030 sal vereis dat hulpbronne aan Program 6 toegesê word soos nodig om beide Bestemmingsbestuur- en Bestemmingsbemarkings- en Produkontwikkelingsdoelwitte te bereik om groei in die besoekersekonomie te verseker.

Die insluiting van die fokus op Toerismeveiligheid sal ook bykomende menslike en finansiële hulpbronne verg om te verseker dat dié mandaat, wat nie deel van die vorige vyfjaar-JPP was nie, uitgevoer kan word.

## 10.7 Openbare Entiteite

Naam van openbare entiteit	Mandaat	Uitsette	Lopende jaarlikse begroting (R'000)
Wesgro	Bestemmingsbemarking	Toerismebemarkingsinisiatiwe ondersteun	62 311



## Program 7:

### Vaardigheidsontwikkeling en Innovering

## 11. Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovering

### 11.1 Doel

Om die verskaffing van Menslike Kapitaal en Innoveringsvaardighede te faciliteer om in die ekonomiese Menslike Hulpbronnes-ontwikkelingsbehoeftes van die Wes-Kaap te kan voorsien.

### 11.2 Subprogram 7.1: Provinciale Vaardighede en Vennootskap

#### 11.2.1 Doel

Om vennootskappe en samewerking met belanghebbendes te koördineer op 'n Nasionale, Provinciale en plaaslike vlak om sistemiese veranderinge aan te dryf met die doel om die aanbod van relevante vaardighede te vergroot wat ooreenstem met die huidige en toekomstige vraag na vaardighede in die Provincie se prioriteit-groeisektore.

#### 11.2.2 Subprogram 7.1: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Verbeterde kans op indiensneming van beginstigdes wat ondersteun is	Vaardigheidsintelligenzieverslag geproduseer	7.1 Getal Vaardigheidsintelligenzieverslae geproduceer	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	4	4	4	

#### 11.2.3 Subprogram 7.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
7.1 Getal Vaardigheidsintelligenzieverslae geproduceer	4	1	1	1	1

#### 11.2.3 Subprogram 7.1: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Die Bemagtiging van die Bevolking (VIP 3) en Groei en Werksgeleenthede (VIP 2) is geïdentifiseer as twee van die vyf prioriteite vir die WKR oor die volgende vyf jaar.

Die prioriteit van bemagtiging van die bevolking se doel is om alle burgers van die Wes-Kaap die geleentheid te gee om hul volle lewenspotensiaal te bereik en lewens te lewe wat hulle waarde aan heg. Dié prioriteit het 'n holistiese menslike ontwikkelingsbenadering, vanaf die onderwysfases deur volwassenheid en tot in aftrede.

Die prioriteit sal 'n belangrike hefboom vir die Vaardigheidsontwikkelingsprogram verskaf deurdat die holistiese benadering 'n verbeterde menslike kapitaal-uitset of 'produk' verskaf wat beter toegerus en meer werkgereed is vir die uitdagings van die arbeidsmark en ingeslotenheid in die ekonomie.

Die tweede prioriteit, Ekonomie en Werksgeleenthede, mik daarna om die hoofversperring vir ekonomiese groei en werkskepping aan te spreek en verskaf waardigheid en broodwinningsgeleenthede.

Die setel van die Vaardigheidsontwikkelingsprogram in die DEOT skakel met die prioriteite en verskaf 'n instaatstellende omgewing om 'n beter passing tussen die aanbod van vaardighede en die bedryf se aanvraag na vaardighede te faciliteer.

Die aanvaarding van die Paaie na Werksgeleenthede as 'n respons op die bemagtiging van die bevolking en die instaatstelling van die ekonomie en werkskepping sal stelselmatig 'n impak op die aanbod van vaardighede uitoefen en verseker dat aanbod 'n respons op aanvraag is.

Ter ondersteuning van dié drie prioriteite mik die Program daarna om die passing tussen die aanbod van gekwalifiseerde mense by die behoeftes van die bedryf te verbeter d.m.v. die volgende:

- Ondersteun toenemende ooreenstemming tussen die aanvraag na en aanbod van vaardighede, terwyl daar erken word dat die aanbod van vaardighede in sommige gevalle 'n katalitiese rol speel vir die aanvraag na vaardighede;
- Bevorder die feit dat individue in die Provincie die vereiste grondslagopvoeding en vaardighede het wat vereis word vir aktiewe deelname aan, en bydrae tot, die Wes-Kaap se ekonomie;
- Belyn beplanningsprosesse met Nasionale imperatiewe, Provinciale ontwikkelings en plaaslike ekologieë om te verseker dat die strategieë wat in plek gestel is vir die ontwikkeling van vaardighede verseker dat die relevante vaardighede beskikbaar is en dat die nodige voorwaardes vir ekonomiese strategieë sowel aangespreek as gestimuleer word;
- Stel rolspelers in die Provincie (Regering, privaatsektor, verskaffers en NRO's) in staat om gesamentlik by te dra tot die suksesvolle implementering van inisiatiewe; en
- Vestig 'n meganisme om blokkasies wat in die proses na vore tree, aan te spreek d.m.v. die betrekking van rolspelers sowel as spesifieke inisiatiewe wat gesamentlik onderneem word.

Om die strategieë hierbo te kan toepas, het die Program 'n benadering ingestel wat die vaardighede wat deur ekonomiese, sektorale en ruimtelike kontekste vereis word, aanspreek.

Wat moet gedoen word?

- Samewerking oor data en verslagdoening oor vaardighedsprojek;
- Ekonomiese sektor-benadering;
- Streeks- of ruimtelike benadering;
- Streeksfonds vir Vaardighede; en
- Aansporings.

Een van die hooftake wat uitgevoer moet word, sluit die vestiging van mekanismes in ter ondersteuning van 'n getuienisgegronde assessorering en besluitneming t.o.v. vaardheidontwikkelingsingrypings.

Die opbou van personeel, verhoudings met vennote en institutionele ooreenkomste soos die Memoranda van Ooreenkoms met instansies sal geëskaleer moet word ter ondersteuning van begrip van die vaardheidsekostelsel in 'n streekskonteks.

Om die Departement in staat te stel om dié kritieke funksie voort te sit, is dit noodsaaklik om die data vir die aanvraag na en aanbod van vaardighede gedurig te verfy, te onderhou en by te werk. Dit verskaf getuienisgegronde data-ontledings wat die aanvraageleide vaardighede wat in verskeie sektore regoor die Provincie vereis word uitstippel, sowel as die tipiese vaardighedsingrypings – insluitende opleiding en werkplasing – wat regoor die Provincie en die land plaasvind.

Die vaardighede en strategieë wat nodig is om dié doelstellings te bereik, sal noue samewerking en pogings regoor Programme binne die Departement vereis, asook met die rolspelers in die bedryf en die streek.

Die Departement het steun aan die prioriteitsektore in die ekonomie – soos die katalitiese projekte (SES en NOS); streeksvaardighedsbehoeftes en die implementering van projekte wat oor verskeie departemente heen sny – gefasiliteer om mense se kans om in diens geneem te word te verbeter en 'n produktiewe arbeidsmag daar te stel.

'n Streeksbenadering stem ooreen met die Geïntegreerde Beplannings- en Implementeringsbenadering wat deur die WKR ingeneem is en wat regoor die Programme in die Departement voorgestaan word.

Dié benadering sal ook 'n fokus buite die Kaapstadse Metropolitaanse Raad verseker, aansluit by Kaapstad Funksioneel, en die 'plattelandse' landskap ondersteun.

Die Program sal een streeksmodel loods om die ruimtelike ontwikkeling van vaardighede aan te dryf, naamlik die Weskus. Sodra die loodsmodel afgehandel is, sal die lesse wat daaruit geleer is insette verskaf oor 'n toepaslike model, struktuur, staatsbestuur en ondersteunende institutionele reëlings.

## 12. Hoofrisiko's en risikovermindering uit die Strategiese Plan (vervolg.)

So 'n benadering vereis die gebruik van nuutgeskepte of bestaande gespreksplatforms vir plaaslike belanghebbendes insluitende die sakewereld, die Regering en die gemeenskap om gesamentlik te beplan, struikelblokke aan te spreek en saam te werk met die implementering van vaardigheidontwikkeling- en werkskeppingsake om pogings te maksimeer vir groter impak, ten behoeve van die ontwikkeling van die streek en die plaaslike bevolking.

Nou, meer as ooit tevore, gegewe die huidige ekonomiese situasie waarin ons land en ons streek verkeer, is die behoefte om groter doeltreffendheid en doelmatigheid van pogings en samewerking om gedeelde doelwitte te behaal van deurslaggewende belang. Die Provincie het 'n Provinciale Transversale Bestuurstelsel (PTBS) in die lewe geroep om samewerking tussen departemente te verbeter terwyl begrotingsbeperkinge, uitkragende funksies, toenemende eise van gemeenskappe en organisasies sowel as gehoorwingstandaarde nie slegs 'n heroorweging van bestaande stelsels genoodsaak nie, maar ook vra om innovering.

Die Wes-Kaap moet in vennootskap met die ander twee sfere van regering (plaaslik en Nasionaal) saamwerk. Dit sal veral dien om hul pogings beter te integreer en te koördineer. Verder sal die Program d.m.v. sulke sinergieë na verwagting in staat wees om sy Jaarlikse Prestasieteikens en verlangde impak te behaal.

In die Provincie is sterk vennootskappe met munisipaliteite nodig om dienste en infrastruktuur ruimtelik te plaas en in die regte rigting te stuur. Dit is noodsaaklik dat dié vennootskappe ook uitgebrei kan word om die privaatsktor, arbeid en burgerlike gemeenskap in te sluit. Die insluiting van dié belanghebbendes kan nie anders nie as om die volhoubaarheid en sukses van die openbare sektor-programme te verbeter. Net só kan vennootskappe met gemeenskappe hulle bemagtig om groter verantwoordelikheid te neem vir die verbetering van hul situasie.

Netwerke regoor gemeenskappe moet dus nog in redelike besonderhede verken word. Terwyl dit belangrik is om op die familie/gemeenskap te fokus, moet vooruitgang gebruik word as boublomme vir breër en dieper netwerke.

Gegewe die kompleksiteit van die sosiale euwels waarmee gemeenskappe worstel, beperkte hulpbronne en leer-deur-te-doen, sal verskeie gemeenskappe uitgesoek word gegrond op die potensiaal vir die skep van volhoubare ekonomiese ontwikkeling en werkskepping.

Betrokkenheidsplatforms vir belanghebbendes sal 'n meganisme wees wat ingespan word om beleidsontwikkeling te beïnvloed; om vaardigheidontwikkelingsinisiatiwe te identifiseer en te ondersteun, sowel as om die befondsings- en implementeringsmeganismes van dié inisiatiwe te bepaal. Dié platforms sluit in:

- Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (SETAs), wat beïnvloed hoe en langs watter riglyne hulle hul programme sal bestuur om 'n antwoord te bied op die streek se huidige en toekomstige aanvraag na vaardighede;
- TBOO-kolleges, wat hul Program- en Kwalifikasiemengsels (PKM'e) of kursusse wat hulle aanbied beïnvloed en daardeur studente beïnvloed in watter kursusse hulle kies om te volg.
- Nasionale Departemente, wat hul vaardigheids- en opleidingsbehoeftes in 'n sekere rigting stuur.

Dit sal hulpbronne mobiliseer om die grootste moontlike impak te hê en te lei na die afbreek van die silobenadering tot vaardigheidontwikkelingsinisiatiwe, en daardeur belanghebbendes bymekaar te bring d.m.v. 'n gedeelde doelwit ter ondersteuning van plaaslike indiensneming en ekonomiese ontwikkeling. Die hooffunksies van só 'n benadering sluit in:

- Die bestuur van verhoudings, belanghebbendes en strategie, wat inhoud dat belanghebbendes gekoördineer sal word om samewerking aan te dryf;
- Die hefboom van finansiële en niefinansiële ondersteuning uit skakelings en vennootskappe om die samewerking aan te dryf;
- Die koördinering van die implementering van gesamentlike projekte en dié wat d.m.v. die Vaardigheidsfonds wat in die vooruitsig gestel word, gekanaliseer sal word; en
- Die implementering van WKR-befondste ingrypings wat samewerking ondersteun.

Die Subprogram wil 'n vaardigheidbeplanningsmeganisme ontwikkel wat onderlê word deur die doeltreffende ontleding en interpretasie van arbeidsmarkintelligenste om die voortgaande wanpassing van vaardighede aan te spreek, sowel as die wanbalanse wat breedweg beskou word as 'n beperking op ekonomiese groei en ontwikkeling, en vir die behaal van die Regering se breër doelwitte van sosiale insluiting en armoedeverligting.

D.m.v. die benadering wat deur die Subprogram aanvaar is om markintelligensie d.m.v. sy onderskeie skakelings met belanghebbendes in te samel, sal 'n Vaardigheidsintelligensieverslag gegenereer word.

Die benadering wat deur die Vaardigheidsintelligensieverslag gevvolg word is beide prakties en strategies. Met erkenning van die behoefte om vertroue en verhoudings te bou, sowel as die behoefte aan 'n gesonde en robuuste institutionele raamwerk en staatsbestuurmaatreëls, begin die verslag deur 'n strategiese benadering tot die ontwikkeling van die vaardigheidbeplanningsmeganisme uit te stippel, wat die impak en beleidsuitkomste as beginpunt neem wat die gebruik van markintelligensie vir die beplanning van vaardighede bedoel is om te behaal. Die Vaardigheidsintelligensieverslag gaan verder en maak duidelik onderskeid tussen die vaardigheidbeplanningsmeganisme en die werk wat deur die Subprogram gedoen sal moet word. Die bou van 'n meganisme vir die beplanning van vaardighede word stelselmatig verken deur die ontwikkeling van 'n konseptuele raamwerk, die identifisering van die data wat ingesamel en ontleed moet word, en 'n oorsig oor die gebruik van die Vaardigheidsintelligensieverslag vir die beplanning van vaardighede.

#### **11.2.5 Subprogram 7.1: Hoofrisiko's**

Uitkoms	Hoofrisiko	Risikovermindering
Verbeterde geskiktheid vir werk van die begunstigdes wat ondersteun word.	Nie-verbintenis van Nasionale, Proviniale en streeksbelanghebbendes om plaaslike vaardigheidsuitdagings aan te spreek.	<p>Samewerking met Proviniale en streeksvennote om werkgeleenthede en/of opleidingsgeleenthede aan te bied met uitgang van die vaardigheidsingrypings wat die Departement ondersteun.</p> <p>Gaan formele ooreenkomste aan met relevante Nasionale, Proviniale en plaaslike belanghebbendes om finansiële en niefinansiële steun te bevestig.</p> <p>Ontwikkel 'n Proviniale vaardigheidsekostelsel-databergplek wat die huidige en toekomstige aanvraag en aanbod van vaardighede uitstippel.</p>

#### **11.3 Subprogram 7.2: Vaardigheidsprogramme en -projekte**

##### **11.3.1 Doel**

Om toegang tot werkgeleenthede vir werklose jongmense, sowel as jeugdiges wat nie voltyds werk nie, te faciliteer/ondersteun.

##### **11.3.2 Subprogram 7.2: Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens**

Uitkoms	Uitsette	Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teikens							
			Geouditeerde/Werklike Prestasie			Geskatte Prestasie		MTBR-tydperk		
			2016/17	2017/18	2018/19	2019/20	2020/21	2021/22	2022/23	
Verbeterde geskiktheid van begunstigdes ondersteun d.m.v. vaardigheidsingrypings	Begunstigdes ondersteun d.m.v. vaardigheidsingrypings	7.2 Getal begunstigdes ondersteun d.m.v. vaardigheidsingrypings	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	Nuwe aanwyser	1 500	5 500	4 000	

### 11.3.3 Subprogram 7.2: Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Uitset-aanwysers	Jaarlikse Teiken	K1	K2	K3	K4
7.2 Getal begunstigdes ondersteun d.m.v. vaardigheidsingrypings	1 500	350	500	450	200

### 11.3.4 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn-tydperk

Die Subprogram sal die voortou neem met die bekendstelling van die Streeksvaardighedefonds wat ten doel het om die vaardigheidsekostsel te verbeter deur die reikwydte en skaal van vaardigheidsingrypings te ondersteun en te vergroot. Dié ingryping sal die aanbod van relevante vaardighede vir die huidige en toekomstige aanvraag van prioriteitsektore in die Wes-Kaap teiken. Die Fonds sal 'n streeksvoetspoor hê wat uitkrag vanaf ons gevestigde streekskakelingstrukture en aangedryf word deur die Subprogram-vennootskap: Provinsiale Vaardighede.

